

DE PADSAAM

GRATIS

Uitgawe 80 • Augustus | September 2023

Spogtery met toelaes kom teen 'n prys

Mikotoksiene:
Die effek op varke

Sonop-depot
verwelkom sy eerste mielie-oes

Kan hoë voedselpryse
voor die boer se
plaashek gelê word?

Reinet-depot
verwelkom sy eerste mielie-oes

**VKB open sy
eerste graanfasiliteit
in KwaZulu-Natal**

Insethandel-boekie

Daar's 'n nuwe naam op almal by VKB se lippe...

VKB open een van SA se grootste droogoonde op Frankfort

vkb

JONGMENSE

SIEN DIE TOEKOMS

anders



'n Seker Toekoms

Die manier waarop **jongmense die toekoms sien**, spreek van positiewe – en van die keuse om in 'n nuwe tydsgreep relevant te wees. AgriSeker deel dié opgewondenheid oor die toekoms van landbou in Suid-Afrika. Ons leuse is nie verniet "n Seker Toekoms" nie.

AgriSeker is gemotiveer om 'n bydrae te lewer tot die toekoms van ons land met 'n toegewyde fokus op landbou deur kennis, begrip en deelname in hierdie sektor. Ons fokus is op ons boere en jongmense, want ons het julle nodig vir die voortbestaan van landbou.

Vra jou versekeringsmakelaar of vind ons aanlyn by agriseker.co.za

Inhoud

- 4 **Voorwoord**
- 6-10 Kan hoë voedselpryse voor die boer se plaashek gelê word?
- 12 Wysheid verseker 'n goeie nalatenskap
- 14-17 Spogtery met toelaes kom teen 'n prys
- 18-19 Die 4 vroue staan hul plek vol as silobestuurders
- 20-22 Verken gereeld jou lande
- 23 Palmer amaranth en weerstand: 'n Bose kombinasie wat gebreek kán word
- 24 Skaapbestuur voor-lam: Parasietbeheer
- 25 Op die voorvoet teen laatroses
- 27-28 Mikotoksiene: Die effek op varke
- 29-31 Klostridiale siektes: Wat staan boere te doen?
- Insethandel-boekie**
- 33-36 Leer ken Suid-Afrika se inheemse bome (Deel 3)
- 38-41 Die beheer en bestuur van uitheemse indringerplante (Deel 4)
- 43-44 Skep verligting vir sinusse met dié rate
- 45 Voedsel wat jy op 'n leë maag moet vermy
- 47 Sonop-depot verwelkom sy eerste mielie-oes
- 48 VKB open sy eerste graanfasiliteit in KwaZulu-Natal
- 49 Reinet-depot verwelkom sy eerste mielie-oes
- 50 VKB open een van SA se grootste droogoonde op Frankfort
- 52 Crown Bag is 'n juweel in die VKB Groep
- 53 Daar's 'n nuwe naam op almal by VKB se lippe...
- 54-56 Reitz Handel spog met splinternuwe voorkoms
- 57 VKB Rugbyweek
- 58 Casper Nell en Wally Kok
- 59-60 VKB/NTK Nuus
- 61 Jong plaasvrou van Bethlehem se windpomp-foto is die wenner

6

50

27

Uitgewer
VKB

Redakteur
Hannelie Cronjé
Tel.: 058 863 8223

Ontwerp en uitleg
Leoni du Preez

Taalversorging
Lize Mulder

Het jy 'n storie of advertensie?
Gesels met Hannelie:

E-pos: hanneliec@vkb.co.za
Tel.: 083 303 6117
Pos: Die Pad Saam, Posbus 100,
Reitz, 9810

Hoofkantoor
VKB
Staatspresident CR Swart-straat
Posbus 100
Reitz, 9810

Telefoon
058 863 8111

Webwerf
www.vkb.co.za

Gedruk deur
Oranje Drukkers, Senekal



Vind ons aanlyn deur die QR-kode met u slimfoon te skandeer



Alle regte van *Die Pad Saam* word voorbehou ingevolge Artikel 12(7) van die Wet op Outeursreg. Die eienaar en uitgewer aanvaar nie aanspreeklikheid vir enige uittatings deur skrywers of medewerkers nie.

VKB beskik oor 'n kliëntediensentrum wat bestuur word deur die groep se skakelbeampte, me. Anelie Swemmer. Kontak haar gerus by **058 863 8277** of per e-pos by **aswem@vkb.co.za**

LEWENSLESSE

uit die wisseling van

seisoene

Ek besef al hoe meer dat daar 'n deurlopende reëlmaat in die Skepping is. Soos Paulus in Prediker 3 bevestig: "Alles gebeur op 'n bepaalde tyd."

Maar dit is nie net ons geboorte en ons sterfte en al die dinge wat tussenin met ons gebeur wat volgens God se plan geskied waaraan ek nou dink nie. Ek dink ook aan die kom en gaan van seisoene en hoe die pad tussen ons plaas en die kantoor deurentyd verander volgens die natuur se ritme, en hoe ons elkeen se eie lewe deur seisoene gaan.

Die lente is vir my die begin van die lewensiklus wanneer die winter die wyk neem en die dae langer en warmer word. Bome stoot hulle nuwe blare uit en bloeisels vorm aan die takke, en oral in die natuur en tuine sien ons tekens van groei en groenigheid.

Lente is vir my soos nuwe idees: Blom as mens. Kry nuwe vars gedagtes. Sien die mooi in die omgewing weer raak, en ook in ander mense. Raak saam met die veld vrolik en geniet die warmte van die liefde van die mense om jou.

Die somer is die warmste tyd van die jaar. Heerlike sonnige dae lok ons na buite en danksy die langer dae bly ons langer besig. In sekere dele van die land val somerreën en in die boorde val die bloeisels af en openbaar die jong vrugte op pad na wasdom, wanneer hulle geoes kan word.

Somer is die tyd wanneer jy die warmte in jouself aan die wêreld en die mense om jou openbaar en met hulle deel; wanneer jy met positiwiteit kyk na al jou mildelike seëninge en nie op die negatiewe goed in mense en gebeure fokus nie.

Dan breek herfs aan wanneer die dae weer al hoe korter en die nagte langer word. Die bome in die boorde se blare verkleur in 'n magdom ryk, warm kleure asof hulle vir ouslaas aan die somerhitte vasklou, maar dis 'n stryd wat hulle nooit kan wen nie. Die blare val grond toe sodat die boom sy kragte kan herwin vir die volgende lente.

Net so moet ons in die herfs alle negatiewe gedagtes afskud. Ons moet ontslae raak van daardie groot "klippe" wat maak dat jy stadig loop en nie jou lewe voluit lewe en geniet nie.

Die winter is die seisoen van koue oggende ná lang, donker nagte. In winterreëgebiede is daar soms vernietigende oorstromings wat mense van hul hoop stroop. Die koue kruip oral in en in die natuur staan die bome kaal en die tuine lyk vaal sonder hulle blommeprag. Ons dra dik baadjies, serpe, jasse, kruip vroegeand onder dik komberse in.

Die winter is dan ook die tyd wanneer ons warmte in ons hart en in ons gedagtes moet terugkry – moet help waar die nood druk, 'n bord sop deel met 'n honger of minderbevoorregte persoon, 'n warm hand uitreik, vir mense wys jy gee om.

Want so dikwels, wanneer dit so koud is, is dit net die omgee en die liefde van 'n ander mens wat ons weer kan warm maak en weer hoop in 'n ander se lewe kan bring – die hoop op 'n nuwe lente, 'n nuwe begin.

Luister en kyk met 'n fyn oor en oog na die ritme om jou. Wees bedag daarop dat jou medemens hul eie ritme het en nie noodwendig op dieselfde tyd deur dieselfde "seisoen" as jy gaan nie. Terwyl jy die lente in jou hart het, worstel hulle dalk deur hul ergste winter.

Landbougroete tot volgende keer

Hannelie

ONS IS SLIM

MIELIES



PIONEER
GEMAAK OM TE GROEI™



Besoek ons webtuiste





KAN HOË VOEDSELPRYSE VOOR DIE BOER SE PLAASHEK GELÊ WORD?

deur dr. Philip Theunissen


Voedselpryse in Suid-Afrika het aanhou styg ten spyte van die algehele inflasiekoers wat die afgelope paar maande afgeneem het. Die VPI-data van Statistieke SA van Januarie 2023 toon dat voedselprysinflasie 'n 14-jaar-hoogtepunt op 13,4% bereik het, ondanks die pryse van alle goedere wat in dieselfde maand met net 6,9% toegeneem het.

Terwyl Suid-Afrika se voedselinflasie vir 2020, 2021 en die eerste helfte van 2022 betreklik laag was, het dit in die onlangse verlede nader aan internasionale pryse begin beweeg. Die skerp onlangse prysstyging is egter in stryd met wyer wêreldneigings waar die wêreld se Voedsel- en Landbou-organisasie (VLO) se voedselprysindeks, gebaseer op die pryse van 'n internasionale mandjie van voedselkommoditeite, 3,3% laer in Januarie 2023 was in vergelyking met Januarie 2022 en vir die tiende opeenvolgende maand gedaal het en tot 'n afname van 0,8% vanaf Desember 2022 geleidelik het.

Ten spyte hiervan, is daar aanduidings dat voedselpryse in die nabye toekoms, veral plaaslik, steeds gaan styg as gevolg van verskeie faktore waarvan beurtkrag, en nie produksiekoste op plaasvlak nie, waarskynlik die grootste bydrae gaan lewer.

WÊRELDWYD

Die VLO se voedselprysindeks het in Februarie 2023 gemiddeld 129,8 punte beloop wat marginaal laer (0,6%) is teenoor Januarie 2023, wat 'n afwaartse neiging vir die elfde agtereenvolgende maand voortgesit het. Met die jongste daling het die indeks met 18,7% gedaal vanaf die hoogtepunt wat dit in Maart 2022 bereik het. Die marginale daling van die voedselprysindeks in Februarie 2023 weerspieël aansienlike dalings in die prysindekse van plantaardige olie en suiwelprodukte, tesame met geringe laer graangewasse- en vleisindekse, wat vir 'n skerp styging in die suikerprysindeks gekompenseer het, soos in Grafiek 1 aangedui.



Bron: Voedsel en Landbou-organisasie

Die graanprysindeks was in Februarie 2023 gemiddeld 147,3 punte, effens laer vanaf Januarie 2023 (0,1%) en 1,4% bo sy vlak van 'n jaar gelede. Die prysindeks vir plantaardige olie was in Februarie 2023 gemiddeld 135,9 punte, wat 3,2% laer is as in Januarie en op sy laagste vlak sedert die begin van 2021. Die suiwelprysindeks was in Februarie 2023 gemiddeld 131,3 punte, 2,7% laer vanaf Januarie 2023 en is tans 7,2% onder die ooreenstemmende maand se indeks van verlede jaar. Die vleisprysindeks was in Februarie 2023 gemiddeld 112,0 punte, effens laer (0,1%) vanaf Januarie 2023 en is nou 1,7% onder sy waarde van 'n jaar gelede. Die suikerprysindeks was gemiddeld 124,9 punte in Februarie 2023 en 6,9% hoër as in Januarie 2023, wat die hoogste vlak sedert Februarie 2017 is.

WAAROM STYG PRYSE?

Daar is verskeie faktore wat in 'n komplekse samewerking die pryse van voedsel laat styg of soms ook laat daal. Die verskillende vlakke van ekonomiese aktiwiteite, vanaf produksie tot en met verbruik, beïnvloed die tydsverloop en omvang van prysveranderinge vanaf een vlak na 'n ander, hetsy stroomop of stroomaf.

Kommoditeitpryse

Plaaslike voedselpryse het onvermydelik 'n direkte verband met internasionale kommoditeitspryse, veral dié van kunsmis- en graanpryse. Hierdie kommoditeite is dus één van die bepalers van voedselprysinflasie. Dit is omdat plaashekspryse grootliks deur internasionale grondstof- en voedselkommoditeitspryse bepaal word en dan regdeur die voedselwaardeketting as die basislyn van prysvaststelling gebruik word.

Arbeidskoste

Voedselpryse word ook in 'n baie groot mate deur arbeidskoste bepaal aangesien die voedselbedryf, ten spyte van meganisering, nog steeds oorwegend arbeidsintensief is. Namate die verbruiker meer verwerkte en klaarvoorbereide voedsel aankoop, sal arbeid 'n belangrike produksiefaktor bly en sal dit die produksiekoste van voedsel laat toeneem. Gevolglik word die geakumuleerde arbeidskoste regdeur die hele voedselwaardeketting tot uiteindelik by die verbruiker in die vorm van prysverhogings op die

finale produk oorgepra.

Reële effektiewe wisselkoers

Wisselkoerse van internasionaal gebruikte geldeenheede teenoor veral die Amerikaanse dollar speel 'n oorheersende rol regdeur die hele voedselwaardeketting. Dit is spesifiek van toepassing op die verkryging van grondstofkommoditeite en energie en enige wisselkoersgekoppelde prysveranderinge word noodwendig na binnelandse pryse oorgepra. Aangesien die meeste van die kommoditeite op internasionale markte in Amerikaanse dollar verhandel, kan klein veranderinge in wisselkoerse 'n beduidende impak op plaaslike voedselpryse hê.

Wêreld ru-olieprys

Internasionale ru-oliepryse kan binnelandse voedselpryse op verskeie punte in die voedselwaardeketting beïnvloed, naamlik produksie, verwerking en verspreiding op beide internasionale én plaaslike vlakke. Die afgeleide dieselprys beïnvloed produksiekoste op plaasvlak, maar dit lei ook tot 'n verhoging van vervoerkoste regdeur die hele plaaslike voedselwaardeketting.

Oor die lang termyn is 'n ru-olieprysstyging geneig om voedselpryse te verhoog terwyl 'n ru-olieprysdaling nie altyd voedselpryse verlaag nie. Die teenwoordigheid van markkragte is die mees waarskynlike rede vir vinnige opwaartse aanpassings in voedselpryse wanneer die internasionale ru-olieprys styg en om pryse dan nie dienooreenkomstig te verlaag as ru-oliepryse daal nie.

PRYSOORDRAG

Voedselprysinflasie toon 'n hoër wisselvalligheid in vergelyking met dié van ander verbruikersprodukte en die vraag is dus waar in die voedselwaardeketting hierdie wisselvalligheid geabsorbeer word. Die onderlinge prysverwantskap vanaf die grondstowwe tot by die eindproduk is dus die skakels wat die verskillende markte regdeur die voedselwaardeketting met mekaar verbind. Pryse word gevolglik op grond van veranderinge in produksiekoste vanaf die verskaffers van primêre produksie-insette eers op plaasvlak, dan na die vervaardigers en verwerkers en uiteindelik na die kleinhandel oorgepra. Kostestygings word uiteindelik in die totale voedselwaarde onder-

vang, waarvoor die verbruiker betaal wat produksie-, verwerking- en verspreidingskoste asook die winsmarges van elke rolspeeler insluit.

Stygings in kleinhandelvoedselpryse word tot 'n mindere mate deur die wêreldpryse van grondstofkommoditeite (kunsmis en brandstof) beïnvloed en tot 'n meerdere mate deur die internasionale pryse van voedselkommoditeite.

Internasionale pryse, veral graanpryse, word afgelei uit invoer- of uitvoerpariteit om 'n plaashekprys te kan bepaal. Die grootste deel van die kleinhandel se prysstyginge bestaan dus uit die veranderinge in vervaardiging-, opberging en verspreidingskoste van voedsel. Na raming maak die plaashekprys van voedsel gemiddeld slegs sowat 20% van die finale voedselprys uit. Die oordrag van prysstyginge vind dus volgens bedingingsmag al langs die voedselwaardeketting plaas. Wie ookal in die sterkste posisie as prysmaker is, sal prysstyginge op diegene vóór of ná hom in die waardeestroom afdwing en dit eindig meestal by die plaashek waar die boer 'n prysnemer en nie 'n prysmaker is nie.

VERSPREIDING VAN VOEDSELWAARDE


Die VLO het 'n ontleding gedoen oor die verspreiding van die verbruikerswaarde van voedsel tussen die verskillende produksiesektore en dan ook dié tussen die verskillende produksiefaktore in die voedselwaardeketting. Dié ontleding het die onderskeie gedeeltes in die huishoudelike voedselaankope bereken wat deur die landbou en die ander bedrywe in die voedselwaardeketting ontvang word en ook die waarde bepaal wat die primêre faktore (arbeid, bruto operasionele surplus en invoere) uiteindelik tot plaasvlakproduksie toevoeg. Daarmee dui die VLO se ontledings die omvang van beide die plaas- en die post-plaashek se waarde in die voedselwaardeketting aan, met verwysing na drie waardekettings naamlik Voedsel & akkomodasie weg van huis, Voedsel & tabak tuis, en Voedsel tuis.

Voedsel tuis verwys na die huishoudelike verbruiksuitgawes vir voedsel wat tuis verbruik word. Voedsel & tabak tuis is soortgelyk, maar dit sluit tabak saam met voedsel in. Die rede hiervoor is omdat sommige lande nie

die verbruikskategorieë in hul oorspronklike data kan skei nie. Voedsel & akkomodasie weg van huis verwys na huishoudelike verbruikuitgawes vir voedsel wat weg van die huis verbruik word (bv. in restaurante, kantiene en ander kollektiewe verbruiksplekke) en sluit uitgawes vir verblyf in vir al die gevalle waar die twee tipes uitgawes nie in die oorspronklike data skeikbaar was nie.

Volgens sektor

Die gemiddelde voedselwaarde van 65 lande van 2005 tot 2015, volgens die onderskeie sektore in die voedselwaardeketting, maar uitgesluit akkomodasie en spyseniering, verskyn in Grafiek 2.




Bron: Voedsel en Landbou-organisasie

Vir die tydperk vanaf 2005 tot 2015 was groot- en kleinhandel gemiddeld van hierdie lande vir ongeveer die helfte van die totale voedselwaarde vir Voedsel tuis en Voedsel & tabak tuis verantwoordelik, naamlik 48% en 50%, soos getoon in Grafiek 2. Vervaardiging van voedsel het ongeveer 'n kwart verteenwoordig met onderskeidelik 24% en 25% en landbou ongeveer 'n vyfde met onderskeidelik 19% en 18%. Dit verander vir die Voedsel & akkomodasie weg van die huis waar Groot- & kleinhandel tot 41% afneem ten koste van Vervaardiging & verwerking, wat tot 30% toeneem. Landbou bly konstant op 19%. In die geval van Suid-Afrika se Voedsel & akkomodasie weg van die huis, die enigste kategorie waarvoor daar data beskikbaar is, is landbou se bydrae 12% terwyl Vervaardiging & verwerking 35% beloop en Groot- & kleinhandel 43% bedra. Vervoer en opberging se bydrae tot die voedselwaarde is in al die gevalle minder as 10%.

is. Gebaseer op Suid-Afrika se Voedsel & akkomodasie weg van die huis (12% teen die wêreld se 19%) is Suid-Afrika se plaaswaarde in die geval van Voedsel tuis waarskynlik ook in die omgewing van 12%. Dit stem redelik ooreen met die 11,6% van plaaswaarde in die VSA en hieruit kan afgelei word dat Suid-Afrikaanse boere se produksiekoste waarskynlik net sowat 12% tot die totale prysstygings van plaaslike voedselpryse bydra.

Volgens produksiefaktor

Die gemiddelde voedselwaarde van 65 lande van 2005 tot 2015, volgens die onderskeie produksiefaktore in die voedselwaardeketting, maar uitgesluit akkomodasie en spyseniering, verskyn in Grafiek 3.



Bron: Voedsel en Landbou-organisasie

In monetêre terme het die internasionale waarde van die hele voedselwaardeketting (van landbou tot kleinhandel) van 2005 tot 2015 vir hierdie 65 lande met ongeveer 35% toegeneem, van 1,4 triljoen Amerikaanse dollar tot 1,9 triljoen Amerikaanse dollar. Daarteenoor het die gemiddelde aandeel van landbou gedurende dieselfde tydperk effens afgeneem, van 7% in 2005 tot 6,5% in 2015.

Vir die tydperk vanaf 2005 tot 2015 toon Grafiek 3 dat die primêre faktore van hierdie lande gemiddeld dieselfde volgorde volg in die drie voedselwaardemaatstawwe, alhoewel met variasie. Die Operasionele surplus, die toegevoegde waarde minus betaalstaat en ander belasting op produksie plus bedryfsstoelae, was die groter faktor en het 36 - 43% beloop. Arbeid was die tweede hoogste faktor en het vir Voedsel & akkomodasie weg van huis, Voedsel & tabak tuis, en Voedsel tuis onderskeidelik 38%, 34% en 31% beloop. In die geval van Suid-Afrika se Voedsel & akkomodasie weg van die huis is die Operasionele surplus se bydrae 43% terwyl Arbeid 34% beloop. Belasting se bydrae tot die voedselwaarde is in al die gevalle minder as 10%. Dit beklem-

Wêreldwyd beloop die plaaswaarde van voedsel minder as 20% van die prys wat die verbruiker vir voedsel betaal, wat ooreenstem met die raming van 20% wat vroeër gemeld is. Gebaseer op Suid-Afrika se Voedsel

The future of pool care

Ultra-Chlor



The ideal pool sanitiser and shock treatment.

- INSTANTLY SOLUBLE
- SUNLIGHT PROTECTED
- LEAVES NO RESIDUE

Suitable for and compatible with all pool types and systems.



toon weer eens dat landbou se produksiekoste en daarmee saam belastinge, 'n ondergeskikte rol in voedselprysstyngings speel en dat styngings in arbeidskoste en operasionele surplusse die grootste bydrae tot sulke styngings lewer.

BEURTKRAG

Eskom beskik tans nie oor die opwekingsvermoë om genoeg elektrisiteit aan die land te kan voorsien nie. Die toepassing van beurtkrag het gevolglik 'n ernstige uitwerking op Suid-Afrika se voedselproduksie in primêre produksie, vervaardiging en verwerking sowel as die groot- en kleinhandel. Die hele voedselwaardeketting, van primêre produksie tot by die verbruiker self, word op een of ander wyse deur beurtkrag beïnvloed.

Die grootste probleem vir primêre produksie is die onsekerheid rondom die beurtkragskedule. Dit is baie moeilik om produksie- of verwerkingsprosesse te staak sodra dit begin het. Dit geld vir daardie oeste op lande ook wat tot 'n groot mate van besproeiingskedules afhanklik is. Verkoelingsaanlegte, op plaasvlak én vervaardiging en verwerking, is 'n verdere deurslaggewende faktor in die voedselwaardeketting deurdat dit vir 24 uur per dag, 365 dae per jaar van kragvoorsiening afhanklik is. Betroubare elektrisiteit is belangrik aangesien die langtermyn kwaliteit en veiligheid van voedselprodukte afhanklik is van deurlopende akkurate temperatuur. As hierdie proses op enige stadium onderbreek word, verswak die voedselprodukt óf in kwaliteit óf moet dit weggegooi word weens kommer oor voedselveiligheid. As die koueketting ontwig word, word rakkere geraak en winkeleienaars moet óf geaffekteerde produkte van hul rakke verwyder, óf ongelukkige klante in die gesig staar wat oneetbare produkte terugbring. Dit beteken voedselprodusente en -verskaffers verloor waardevolle inkomste, tensy hulle die prosesse met hul eie kragopwekking in stand kan hou. Gedurende die laaste deel van 2022 het die land se twee grootste supermarktogroepe, Shoprite en Pick n Pay, gesamentlik R906 miljoen aan diesel vir kragopwekkers by hul winkels bestee. Woolworths het R90 miljoen bestee, hoofsaaklik by sy voedselwinkels, wat die totaal op R1 miljard

vir hierdie drie kleinhandelaars te staan bring. Pick n Pay het ook gewaarsku dat hy dalk sy kapitaalbesteding sal moet herallokeer om voorsiening te kan maak vir die toename in energiekoste tydens die daaglikse beurtkragerperiodes.

Food Lover's Market beraam dat hulle vanjaar R200 miljoen alleen aan diesel sal moet betaal vir hulle franchises en hulleself, en hulle sal waarskynlik tussen R40 miljoen en R50 miljoen moet spandeer om nuwe kragopwekkers te koop om opwekkingskapasiteit by die winkels te kan installeer.

Diesel en kragopwekkers is nie waar dit ophou nie. Beurtkrag het ook 'n groot impak op verbruikers se behoeftes aan voedsel aangesien gesinne dikwels nie tussen 16:00 en 20:00 kan kosmaak nie as gevolg van kragonderbrekings. Gevolglik koop hulle minder voedsel om self gaar te maak en spandeer liever die geld op kitskos of uiteet, per definisie dan Voedsel & akkommodasie weg van huis.

Verbruikers hou ook nie meer baie voorraad voedsel tuis aan soos hulle vantevore gedoen het nie uit vrees dat die voedsel kan bederf. Daarmee saam is baie van die supermarkte naby hoofpaaie geleë en met verkeersligte wat gereeld weens die kragonderbrekings buite werking is, vermy verbruikers daardie paaie en koop hulle liever by kleiner supermarkte op pad huis toe en minder by groot winkelsentrums.

Beurtkrag is waarskynlik die grootste enkele rede waarom Suid-Afrika se voedselpryse tans baie skerp as internasionale voedselpryse styg. Dit is ook duidelik dat die addisionele koste om beurtkrag te vermy dwarsdeur die hele voedselwaardeketting versprei is en nie aan net 'n enkele sektor toegeskryf kan word nie. Die aanduidings is ook dat hierdie koste in die nabye toekoms tot nog verdere styngings in plaaslike voedselpryse kan lei.

VERBRUIKERSGEDRAG

Selfs met die groot supermarktogroepe se beste beloftes om voedselpryse laag te hou, is dit onafwendbaar dat die koste van beurtkrag uiteindelik ook na die verbruiker oorgedra gaan word. Ekonomiese kragte bepaal as 'n algemene reël dat verbruikers minder van daardie goed sal koop soos wat pryse styg.

Voedsel is egter 'n noodsaaklike produk en daar is gevolglik min ruimte om die vraag daarna te verminder. Daarom mag verbruikers se kooppatrone dalk die enigste uitweg wees om die skerp prysstyging mee te versag.

Verbruikersgedrag gaan in die onmiddellike toekoms 'n wesentlike faktor wees wat deur die res van die hele voedselwaardeketting oorweeg moet word oor hoe stygende kleinhandelpryse elke sektor gaan raak. Boere mag dalk stygende pryse as 'n insentief vir produksie-uitbreiding sien, maar moet in gedagte hou dat as pryse tot 'n vlak styg waar verbruikers die vraag na voedselprodukte deur middel van hul eie gedrag gaan verminder, dit tot oorskotte van sekere produkte kan lei wat die prys daarvan weer sal laat daal, al is boere waarskynlik tot 'n mindere mate vir die totale omvang van voedselprysstyngings verantwoordelik.

Soos pryse styg, daal die vraag onvermydelik totdat daar 'n nuwe ewewig tussen vraag en aanbod gevind word. Vir die boer is dit belangrik dat sy produk in die verbruiker se voedselmandjie bly, want dit is baie moeilik om dit weer terug in die mandjie te kry as die verbruiker eers 'n alternatief ontdek het.

BRONNE:

CAPE BUSINESS NEWS. Load shedding affecting national food production Agriculture. August 2, 2015.
FAOSTAT ANALYTICAL BRIEF 51. Agriculture and the food value chain 2005–2015. Moneyweb. As supermarket diesel bills top R1bn, it's not as simple as 'going solar'. 8 Mar 2023.
Norazman, UZ, et al. Food inflation: a Study on key determinants and price transmission processes for Malaysia. International Journal of Business and Society, Vol. 19 No.1, 2018, 117-138.
Staff Writer. Why food prices are so high in South Africa right now. Businesstech. 7 March 2023.

CONTACT US TO FIND YOUR NEAREST AGENT

Hendri de Korte ☎ + 27 62 392 1748 (Cape Provinces & Exports)
Cornel Scholtz ☎ + 27 78 749 9660 (Northern Cape & North West)
Bertie Mienie ☎ + 27 82 927 8214 (KwaZulu-Natal, Mpumalanga & Limpopo)
Spare parts ☎ + 27 18 431 2171/2

HEAD OFFICE 🏠 2 Coetzee Street, Hartbeesfontein | PO Box 71, Hartbeesfontein, 2600
☎ + 27 18 431 2171/2 ✉ info@staalmeester.co.za 🌐 www.staalmeester.co.za

Finance Available



Kanguru 270, Grain UP Extractor & Staalmeester 6116/18 Hammer Mill



JF Kanguru 270 Grain Bagger

The JF Kanguru 270 Grain Bagger is a mobile station for storing grain or fertilizer and you can take it wherever you need it. The concept is to care for and store your grain crop in a bag in an anaerobic and stable temperature environment.

It was developed as a solution to logistics and storage problems for grain producers. It can be used by small or large scale farmers, including those who already have a fixed silo and can increase the production volume at any time.

This system makes storage easier and cheaper and makes it possible to sell the grains at the best time in the market.

The farmer might be paid a much better price for the grain when bag storage is used.

Grain UP Extractor 270 S2

JF Grain Up Grain Extractor has a modern transmission system and an innovative system of work and transport. It features incomparable mobility, high capacity and also a version with tray loading station included.

It is designed using high technology such as the auger that quickly and efficiently extracts grain stored in 9-foot bags and transports it with precision to trucks or grain bins without losses and without damaging the grains.

The system allows the machine to extract the grains while cutting and rolling the bag in a synchronized motion with the loading auger.

Another highlight of JF Grain Up is the tray system (optional) that can receive the grains from trucks or trailers and turn the JF Grain Up into a loading station.



Staalmeester 6116/18 Hammer Mill

The Staalmeester 6116/18 Hammer Mill is dust free and has an adjustable closing plate and a large sturdy infeed tray. It outperforms any opposition in its class.

The 360° milling area makes the 6116/18 run smoothly and effortlessly using 100% of its capacity. The dynamically balanced rotor is fitted with 8 heat treated hammers and 4 hardened rods ensuring superior quality.

Screen sizes vary from 0.8 to 70 mm.

Come and visit us this NAMPO Cape at stand 58!!

We have more than 100 different agricultural products in stock that suit all farmers' needs

Call us today or visit www.staalmeester.co.za

Wysheid

verseker 'n
GOEIE NALATENSKAP
deur André W Diederichs

Beste Praktyke vir Familieondernemings Kern-sakelesse om te verseker dat jou familieonderneming vir toekomstige generasies bewaar word.

'n **GOEIE NALATENSKAP** vir familieondernemings verg RENTMEESTERSKAP EN LEIERS IN DIE FAMILIEONDERNEMINGS WAT DAAR IS OM TE DIEN. Dit het ek oor die laaste drie artikels aangespreek.

'n **GOEIE NALATENSKAP** verg ook WYSHEID. Ek het 'n boodskap op WhatsApp ontvang wat my aan C.J. Langenhoven se vele wysede laat dink het. Die boodskap lees: "As jy nie deur die berg kan gaan nie, gaan om dit. As jy nie om dit kan gaan nie, gaan daaroor. As jy nie daaroor kan gaan nie, sit en vra jouself af of dit so belangrik is om aan die anderkant te kom. As dit is, grou 'n tunnel."

Sommige uitdagings mag soos 'n berg voor ons lê en ons almal wens soms dat die berg net wil verdwyn. Soms het ons geen ander keuse as om die probleem aan te spreek nie, al beteken dit dat ons 'n tunnel deur 'n berg moet grou om die probleem op te los.

Dit is egter ook so dat wysheid wat ons oor tyd leer ons kan leer om potensiele uitdagings te vermy. Ek deel graag met julle van Langenhoven se wysede wat ons kan help om probleme te vermy, as ons dit nie net lees nie maar ook toepas.

Ek hou van Langenhoven se voor skou tot sy spreuke, want dit toon sy sin vir humor en sy eie beskeidenheid, al word hy deur ons as wysheer erken.

Hy skryf: "Ek hoop die goeie rade wat ek hier gee, sal meeste gelees word

deur vreemde mense. My eie bure kan my strakies die onreg aandoen om op te let of ek dit self navolg." Dit is egter ook wyse woorde, want ons weet mos dat 'n les herhaal sal word, tot ons dit self aanspreek.

Oor vriendskap skryf hy: "Die teëspoed sif die vriende uit wat die voorspoed goes het." Dit is so waar dat ons soms met mooiweersvriende te doen het. Die huweliksbelofte wat ons versoek om bymekaar te bly deur dik en dun, is ewe waar vir ware vriende.

Dan waarsku hy ook: "Maak jou vriendelikheid goedkoop en hou jou vriendskap duur." Jy moet bereid wees om jouself te gee in ware vriendskap, en hy som dit so mooi op: "Die ware vriendskap, nou, is nie te koop nie, want vriendskap vind nie sy lus in neem nie, maar in gee."

Die Bybelse-beginsel van saai en maai word deur hom aangepreek deur na miere te verwys. Hy skryf: "Stuur die luitaard na die miere en hy sal daar rondom die miere lê en hy sal hom verlustig in die vlyt en bedrywigheid wat aan die gang is, want die luitaard hou van werk – solank as wat dit nie hy is wat werk nie."

Om ontslae te raak van lui werkers leer hy ons: "Stuur die luitaard na die miere, en as hy nie te lui is om te gaan nie sal hy te lui wees om weer terug te kom."

Sy sin vir humor oor luitaards lees so: "Daar is geen luitaard wat glad nie wil werk nie. Hy verlang maar net na 'n

ander soort werk as dié wat hy nou moet doen."

Oor die uitdagings in besigheid skryf hy: "Hoe swaarder 'n man aan sy goed gekom het, hoe swaarder bring hy daaraan deur. Swaar-kry: lekkerkry; lekkerkry: swaarkry."

Oor mededinging in die markplek skryf hy: "Help jou swakke mededinger op die bene bly. As hy tot niet gaan, kom daar straks 'n sterke in sy plek."

Die Bybel leer ons dat die vrug van ons arbeid ons sal beloon. Hy skryf: "'n Man wat nog nooit self iets bymekaar gemaak het nie, het altyd slim planne hoedat 'n ander sy geld behoort te gebruik wat daarvoor gewerk het." Waak daarteen om nie jou ore uit te leen aan mense wat nie kon doen wat hulle predik nie.

Ek sluit graag af met Langenhoven se wysheid vir ons boere: "Ploeg self op die klipland en gee jou kneg die sagte grond. Dan sal jy jou kneg behou en jou ploeg ook."

"En verder die boer wat nie saai nie sal nie misoeste kry nie, maar hy sal geen goeie ook kry nie." Die Bybel leer ons ook om in geloof ons brood op die water te werp.

Slotgedagte:

"Ek het baie paaie geloop op die ou wêreld en ek weet van meer wat ander mense probeer het, maar op die ou end weet ek nie van 'n ligter pad as die regte nie."

#TOUGH

NAMPO CAPE

Visit us at stands 167 & 168



All implements are designed to be **simple, safe and serviceable**, and offer excellent value for money.

They are built to last and can handle the tough South African conditions. Falcon's relationships with their dealers and their customers are built and based on **honesty, trust, respect and integrity**.

Excellent customer service is an important part of the Falcon promise. Falcon also distributes a range of imported spreaders, sprayers, soil tillage implements and specialised mowers.



For more information, contact our sales team +27 (0) 33 330 4764 or visit www.falconequipment.co.za

Sole importer of Amazone implements in South Africa



SPOGTERY MET TOELAES KOM TEEN 'N PRYS

deur dr. Philip Theunissen



In sy laaste nuusbrieff van Maart spog president Cyril Ramaphosa daarmee dat meer Suid-Afrikaners nou van maatskaplike bystand afhanklik is as wat daar was toe die ANC bykans drie dekades gelede aan bewind gekom het. Hy maak daarna ook van elke openbare geleentheid gebruik om die kommerwekkende styging van die aantal mense wat van maatskaplike toelaes afhanklik is, te vier asof dit 'n merkwaardige prestasie is. Dit gaan na verwagting ook die refrein van die ANC se verkiesingsveldtog wees in aanloop tot die nasionale verkiesing van 2024.

Die president beklemtoon tans herhaaldelik dat, kort nadat die ANC aan bewind gekom het, ongeveer 3 miljoen mense in 1997 maatskaplike toelaes ontvang het, terwyl meer as 18 miljoen mense nou in 2023 hierdie toelaes ontvang. Buiten die deurlopende permanente maatskaplike toelaes het die sogenaamde SRD-toelaag van R350 per maand, wat in 2020 tydelik vir 'n tydperk van aanvanklik drie maande in reaksie op die Covid-pandemie ingestel is, meer as 11 miljoen mense op sy hoogtepunt bereik. Volgens president Ramaphosa het hierdie addisionele toelaag miljoene mense uit voedselarmoede gelig.

Sy spogtery is egter is niks minder as 'n skreiende skande nie. Die maatskaplike toelaes beklemtoon die mislukings van die ANC-regering se ekonomiese beleid en is hoegenaamd nie 'n rede om met 'n sekelstert rond te pronk nie.

DIE GETALLE

Dit is duidelik dat die president sy "prestasie" in uiterste isolasie beoordeel en waarskynlik geen idee het wat die omvang én die nadelige belastinggevolge van die aanhoudende toename in die aantal afhanklikes van maatskaplike toelaes inhou nie. Die omvang daarvan word in Grafiek 1 aangedui.


Volgens Grafiek 1 het die totale bevolking van Suid-Afrika oor die termyn van die ANC-regering se bewind van 41 miljoen tot net meer as 60 miljoen aan die einde van 2022 toegeneem. Die aantal ontvangers van maatskaplike toelaes het inderdaad van 3 miljoen in 1997 tot 18,8 miljoen in 2023 toegeneem. Dit het teen 'n saamgestelde groeiakoers van 7,2% per jaar geskied terwyl die bevolking teen 'n saamgestelde koers van net 1,4% oor dieselfde periode gegroei het. Terselfdertyd het die ekonomies aktiewe deel van die bevolking vanaf 9,2 miljoen tot 15,9 miljoen oor hierdie tydperk aangegroei, teen 'n saamgestelde koers van 2,1%. Die aantal mense wat persoonlike inkomstebelasting betaal, het teen 'n jaarlikse saamgestelde koers van 3,7% van 2,1 miljoen tot 5,5 miljoen vermeerder.

Oor dieselfde periode het die aantal plaaswerkers van 914 000 in 1997 tot 873 000 in 2022 afgeneem.

Uit Grafiek 1 kan afgelei word dat 31% van die totale bevolking van Suid-Afrika tans een of ander vorm van 'n maatskaplike toelaag ontvang, dat 26,3% van die bevolking tans ekonomies aktief is, dat net 9,1% van die totale bevolking tans persoonlike inkomstebelasting betaal en

dat 5% van die ekonomies aktiewe bevolking in die landbou werksaam is.

Die feit dat die aantal afhanklikes van maatskaplike toelaes oor bykans drie dekades met aansienlik meer toegeneem het as enige ander kategorie van die bevolking behoort vir enige waarnemer uiters verontrustend eerder as prysenswaardig, te wees.



Bronne: Statistiek SA, Tax Statistics, SASSA Statistiese verslag

OMVANG


Grafiek 2 bevat inligting oor die omvang van die maatskaplike toelaes in 2023, in waarde sowel as getalle.

Volgens Grafiek 2 word 70% (11,3 miljoen) van die 18,8 miljoen maatskaplike toelaes ten opsigte van kinderondersteuning uitbetaal terwyl ouderdomtoelaes 20% (2,9 miljoen) daarvan behoort. In randwaarde behoort die kindertoelaes 38% (R34 miljoen) en ouderdomstoelaes 46% (R36,5 miljoen) van die R17,7 miljard wat die regering per maand ten opsigte van maatskaplike toelaes uitbetaal. Die aantal oudstryders wat 'n maatskaplike toelaes ontvang, is weglaatbaar klein.

Benewens die maatskaplike toelaes, ontvang meer as twee miljoen behoeftige huishoudings ook gratis basiese water, basiese elektrisiteit en vaste afvalverwyderingsdienste as deel van die regering se verbintenis tot gratis basiese dienste vir die sogenaamde armes. Vir miljoene Suid-Afrikaners, volgens Grafiek 2 meestal kinders en bejaardes, is maatskaplike toelaes inderdaad 'n reddingsboei. Ten spyte van die hewige kritiek waaronder dit deurloop, verdedig maatskaplike ontwikkelingsowerhede dit en voer aan dat dit suksesvol is omdat dit armoede teenwerk. Dit is ook nie weg te redeneer nie dat die maatskaplike toelaes, veral op die platteland en in informele nedersettings, 'n wesentlike hoeveelheid koopkrag verskaf en menige besigheid in hierdie areas lewensvatbaar maak.

Die vermenigvuldigereffek daarvan is egter bykans nul omdat dit in wese net reeds gegeneerde inkomste herallokeer en nie nuwe ekonomiese waarde skep nie. Dit gaan hoogstens gepaard met 'n verandering in bestedingspatrone, want dit neem koopkrag uit een beursie op een plek en verplaas dit na 'n ander beursie op 'n ander plek. Maatskaplike toelaes is gevolglik nie die oplossing vir diep en uitgebreide armoede nie en spreek nie langtermynwerkloosheid aan nie.

Die ANC se nasionale uitvoerende komitee is deeglik hiervan bewus. Die minister in die presidensie, Mondli Gungubele, het in sy aanbieding by dié party se lekgotla van 2022 'n donker prentjie van die land se ekonomiese situasie geskets:



Bron: SASSA Statistiese verslag


- Die uitermatig hoë vlakke van honger, kinderondervoeding en armoede met te veel mense wat werkloos is;
- Die kwaliteit van onderwys wat nie op die ekonomiese behoeftes van die land reageer nie;
- Onvoldoende infrastruktuur wat swak geleë is en nie behoorlik onderhou word nie;
- Ruimtelike skeidings wat inklusiewe ontwikkeling belemmer, met armoede wat in landelike gebiede, swart woonbuurte en informele nedersettings verdiep;
- Die hoë mislukingsyfer van klein en medium ondernemings asook groot korporatiewe besighede wat binne uitermatig inperkende regulasies en wetgewing moet sake doen;
- Ernstige fiskale beperkings met 'n groeiende skuldverhouding en 'n handelsbalans wat hardnekkig negatief bly.

LAS OP SAMELEWING

Die bedrag van R17,7 miljard wat die regering tans maandeliks aan maatskaplike toelaes bestee is 'n verdere beperking op ekonomiese groei. Dit is 'n gemiddelde las van R1 111 per maand vir elke ekonomies aktiewe lid van die bevolking. Nie alle ekonomies aktiewe mense betaal noodwendig persoonlike inkomstebelasting nie. Gevolglik dra diegene wat wel persoonlike inkomstebelasting betaal, gemiddeld R3 213 per maand meer tot die staatskas by as wat vir sy of haar eie dienslewering nodig is.

Grafiek 3 toon aan dat, oor die bykans drie dekades wat die ANC aan bewind is, die las van maatskaplike toelaes op die ekonomies aktiewe bevolking en dié wat persoonlike inkomstebelasting betaal, voortdurend toegeneem het.

In 1997 was daar 0,3 ontvangers van toelaes vir elke een persoon wat ekonomies aktief was terwyl daar 1,4 vir elke belastingbetaler was. In 2022 het hierdie verhouding tot onderskeidelik 1,2 en 3,4 ontvangers van



Bron: Afgelei uit Grafiek 1

toelaes vir elke ekonomies aktiewe persoon en elke belastingbetaler verhoog. Persone wat ekonomies aktief is, dra dus die bykomende ekonomiese waarde van 1,2 persone wat 'n maatskaplike toelaag ontvang terwyl elke persoon wat belasting betaal die belastinglas moet absorbeer sodat 3,4 persone maatskaplike toelaes kan ontvang. Dit is voor die hand liggend dat hierdie neiging nie kan voortduur nie en dat die toenemende gebruik van maatskaplike toelaes om armoede en werkloosheid mee te verlig nie volhoubaar is nie. Dit is dus allermins iets om mee te loop en spog.


INDIENSNEMING

In sy genoemde nuusbrief, getiteld "Stimuleer groei van onder af", meen die president, in teenstelling met sy eie minister, dat maatskaplike toelaes as 'n stimulus vir die ekonomie as geheel dien en dat dit miljoene mense uit voedselarmoede lig. Daar is egter oorweldigende bewyse dat die werklike oplossing vir armoede en werkloosheid markgebaseerde indiensneming is. Tussen 1700 en 1900 het die wêreldbevolking van ongeveer 600 miljoen tot nagenoeg 1,5 miljard mense toegeneem. Tussen 1800 en 1900 het die Bruto Binnelandse Produk (BBP) per persoon verdubbel. Inkomste het in daardie eeu meer as dubbeld as in die voorafgaande 18 eeu saam gegroei.

Die wêreld se grootste ekonomiese suksesverhale, van die VSA tot Switserland en Suid-Korea, het 'n eenvoudige resep gevolg: laat mense industrialiseer, handel dryf en wins maak. Mense sal daardie winste op opvoeding vir hulself en hul kinders bestee. Onderwys ontwikkel menslike kapitaal en dit lei tot 'n groter-wordende genepoel van hoogs-gekolde werkers.

Die twee parallelle tendense van stygende ekonomiese waarde en bevolkingaanwas hou dus verband met mekaar. 'n Groter bevolking kán meer welvaart skep, solank mense toegelaat word om te werk en in hul werk te innoveer. 'n Land se groeiende welvaart, en gevolglike verlagting van armoede, is die produk van 'n komplekse stelsel van kollektiewe vindingryke innovasies en sinergistiese samewerking. Ekonomie argumenteer dat wanneer individue vrylik aan die ekonomie deelneem, hulle meer bydra as die marginale produk van

hul eie arbeid. Dit word geïllustreer in Grafiek 4.



Bron: Afgelei uit Grafiek 1

Grafiek 4 toon dat Suid-Afrika se BBP/Persoon teen 'n saamgestelde koers van 6,9% per jaar oor die afgelope bykans drie dekades gegroei het, terwyl dit vir elke ekonomies aktiewe lid van die bevolking met 6,2% gegroei het. Grafiek 4 toon ook aan dat die Bruto Boerdery-inkomste (BBI) per plaaswerker egter teen 'n saamgestelde koers van 9,6% per jaar oor dieselfde tydperk gegroei het. In 1997, kort nadat die ANC aan bewind gekom het, was die BBP/Persoon R19 545 per jaar gewees terwyl die BBP/Ekonomies aktiewe lid van die bevolking R87 585 per jaar beloop het. Die BBI/Plaaswerker het toe R45 291 per jaar beloop. In 2022 het die BBP/Persoon R110 858 per jaar beloop maar die BBP/Ekonomies aktiewe lid van die bevolking het R421 602 per jaar beloop. In 2022 beloop die BBI/Plaaswerker R501 108.

Die samestelling van die ekonomies aktiewe deel van die bevolking het na alle waarskynlikheid oor die afgelope drie dekades wesentlik verander. Daar was 'n afname in fabriekwerkers en 'n toename in administratiewe werkers. Dit het gevolglik tot 'n toename in nuttelose arbeid gelei wat nie noodwendig 'n betekenisvolle bydrae tot ekonomiese groei lewer nie. Dit geld veral in alle vlakke van regeringsposte. Gebaseer op Statistieke SA se syfers het indiensneming in die publieke sektor die afgelope tien jaar teen 'n samegestelde koers van 1,3% per jaar gegroei en is meer as 2,1 miljoen, oftewel 13%, van die ekonomies aktiewe bevolking van 15,9 miljoen tans in die publieke sektor werksaam.

Daarteenoor is die skerp toename in

produktiwiteit van die ekonomies aktiewe mense wat op plase werksaam is, 'n uitsonderlike prestasie. Dit is in 2022 bykans R80 000 per persoon méér as die res van die land se ekonomies aktiewe mense. In 1997 was dit ongeveer R42 000 minder gewees. Dit is wel so dat daar die afgelope drie dekades 'n skerp toename in meganisering op plase voorgekom het, maar daar is nog steeds heelwat boerdery-aktiwiteite wat tot 'n groot mate arbeidsintensief is. Die werksmag op plase het die afgelope agt jaar gevolglik rondom 870 000 werkers gestabiliseer.

Daar kan ook aanvaar word dat, as gevolg van die statutêre minimum loon, asook die drakoniëse arbeids- en verblyfregswette, daar nie meer ruimte op plase vir nuttelose arbeid is nie. Die BBI/Plaaswerker is dus 'n aanduiding daarvan dat ekonomiese groei, en die gevolglike verhoging in lewenstandaarde, deur individue gedryf word wat produktief kan werk om hul eie lewenstandaard én die van die samelewing te verbeter. Dit is in skrilte kontras met die president se siening dat maatskaplike toelaes as 'n stimulus vir die ekonomie dien.

PROLETARIAAT

Binne die konteks van sy eie eng wêreld, en dié wat hom as leier van die ANC verkies het, het die president dalk baie rede om met die voortdurende toename in afhanklikes van staatstoelaes te spog.

In sy opspraakwekkende onderhoud met Annika Larsen van ENCA, het André de Ruyter, die voormalige uitvoerende hoof van Eskom, die ANC

se binnekultuur baie akkuraat opgesom. Hy het aangevoer dat daar 'n narratief is dat die staat alles moet beheer en bygevoeg dat die sosialistiese teorieë van Marx en Lenin steeds in die sale van Luthuli-huis spook en gereeld aangehaal word. Die ANC as party is volgens De Ruyter nog stewig tot die kommunistiese ideologie van die 1980's verbind.

Hy het verder aangevoer dat die ANC as party mekaar onderling as kamerade aanspreek en woorde soos Lumpenproletariaat gebruik. Laas-genoemde is 'n term wat Karl Marx en Friedrich Engels gedurende die 1840's geskep het om na die onnadenkende arm en grondlose lae van die samelewing te verwys wie se haglike omstandighede tot voordeel van reaksionêre en revolusionêre magte uitgebuit kan word.

In teenstelling met hierdie ideologie, sal minder mense maatskaplike bystand benodig as daar meer ekonomies aktiewe mense in Suid-Afrika is. In hierdie verband het die ANC klaaglik misluk om 'n omgewing te skep wat bevorderlik is vir die skep van nuwe werksgeleenthede.

Meer werksgeleenthede sal maatskaplike toelaes verminder en armoede verlaag en sodoende verseker dat meer Suid-Afrikans onafhanklik en ekonomies vry kan leef. Bo alles het mense meer waardigheid wanneer hulle vir hul eie geld werk as wanneer hulle 'n maatskaplike toelaag ontvang.

Die politieke kommentator Ralph Mathega meen ook dat die ANC ná meer as 28 jaar misluk het en is hulle vir baie jare lank al in ontkenning daarvoor. Hy voer aan dat dit algemeen is dat wanneer partye steun verloor, hulle uitsprake baie meer populisties raak. Die bevolking stem waarskynlik grootliks hiermee saam.

Grafiek 1 toon onder meer ook aan dat die ANC as regerende party oor die termyn van sy bewind teen 'n saamgestelde negatiewe koers van bykans 1% per jaar by die stembus verwerp word, ten spyte van die toenemende populistiese uitsprake.

BRONNE:

Follett, C. Prosperity Comes from Economic Growth, Not Well-Intentioned Redistribution. Human Progress. 18 November 2021.

Matlala, G. ANC reflects on 'hard truths' as frank assessment points to failure. Sunday World. 31st Jan 2022.

Pretoria News. Is the R155,3 billion that South Africa is spending this year on social grants for 16,4 million people money well spent? 26 March 2015.

Thotse, T. Ramaphosa enjoys seeing people in poverty. Daily Friend. March 2023.




**DIE ENIGSTE DING WAT
ONS BETER AS BOERDERY
VERSTAAN IS HOE OM DIT
TE VERSEKER.**

Boere en produsente lê Santam baie na aan die hart. Dis waarom ons grondige navorsing doen en 'n wetenskaplike benadering volg om al jou bates op en weg van die plaas af te beskerm. Dis net nóg 'n faset van ons regte, egte versekering.

Gaan na [santam.co.za/products/agriculture](https://www.santam.co.za/products/agriculture) of bel jou tussenganger vir meer inligting.





die 4 vroue

staan hul plek vol as silobestuurders

VKB Graan het vier vroue in bestuursposte by silo's. Vier formidabele vroue wat hulself laat geld in 'n tradisionele manswêreld. Dit spreek boekdele oor die vermoëns van hierdie vroue, oor hul kundigheid en vaardigheid, maar ook oor hul selfvertroue. Dit sê eweneens iets van die afdeling VKB Graan: 'n Afdeling wat waarde in 'n persoon sien, ongeag geslag. 'n Afdeling wat in pas is met die tye van vandag en selfs 'n treetjie voor is.

Louisa Volschenk: Silobestuurder, Windfield

Louisa Volschenk is reeds tien jaar die bestuurder van Windfield-silo. Maklik was dit nie aldag nie. Hier is haar eerlike en opregte blik op die bedryf en die pos wat sy met groot welslae beklee:

"Ek glo aan positiwiteit en om 'n goeie indruk te maak. Glo aan jousef, sit jousef daarbuite, wees uitgesproke daaroor dat jou tak en span en organisasie die beste is, en glo dit... leef dit!

"Enigeen kan 'n silobestuurder word, ongeag geslag. Vroue kan natuurlik die werk doen, maar dan moet sy ongelooflik ernstig wees oor haar beroep.

"'n Silobestuurder – 'n vroulike silobestuurder – moet bereid wees om fisieke werk te doen, bereid wees om vuil te word. Nooit mag dit wees vir die aansien van die posbenaming nie, maar vir die geleentheid en voorreg van die benaming.

"'n Vrou moet slegs hierdie pad stap as sy die vroulike spesie regverdig verteenwoordig as silobestuurder."



Marilie Meyer: Silobestuurder, Roedtan

Marilie Meyer het in 2015 by Roedtan-silo begin werk en is skaars vier jaar later by die diep kant ingegooi toe sy moes waarneem as bestuurder. Sy sê dit het baie gebede en oproepe na kollegas gekos om kop bo water te hou.

Toe sy egter in 2020 permanent aangestel is as silobestuurder was sy reeds gekonfyt in die pos en kan sy tereg opmerk "soms doen die 'girls' dit beter"!

Aanvanklik was dit vir die produsente sowel as die personeel vreemd om 'n vrou aan die stuur te hê. Dit was immers oor die jare 'n pos wat deur mans beklee is. Maar omdat Marilie gou gewys het dat sy bekwaam genoeg is en bereid is om die ekstra myl vir haar kliënte en personeel te stap, het hulle vinnig gewoon geraak aan die idee en aan haar.

Haar ouers en familie het grootgeword op Roedtan, so Marilie was geen onbekende gesig nie, en sy reken dit het ook gehelp.

Marilie sê sy dink vroue word soms nog onderskat, maar 'n vrou hoef glad nie terug te staan vir 'n man nie. Sy sal enige vrou wat van die graanbedryf hou, aanraai om die leer te klim in Graan. Die feit dat vier vroue reeds silobestuurders is, bevestig dat 'n vrou nie terug hoef te staan nie.



Carlien Fick: Silobestuurder, Reitz

Carlien Fick staan haar man (of is dit "haar vrou"?) in 'n tradisionele manswêreld as silobestuurder van Reitz. Sy beklee die pos sedert die begin van die jaar met groot sukses. Haar uitgangspunt is: "If you're going to be a leader, you're not going to please everybody. You've got to hold people accountable, even if you have that moment of being uncomfortable."

Maar sy vind die pos vervullend in baie opsigte en sal die beroep aanbeveel vir beide mans en vroue. Carlien het 13 jaar gelede by Daniëlsrus-silo begin as admin-assistent. Sy het ook by Reitz-silo gewerk en was bekend aan die kliënte en personeel voordat sy die pos as bestuurder gekry het. Dit het baie gehelp sodat Carlien goed ontvang is as bestuurder. Dit was vir haar 'n positiewe ervaring.

Tog erken sy dat daar uitdagings is vir 'n vrou in die pos. 'n Vrou moet soveel harder werk om haarself te bewys en te wys dat sy bevoeg is om die werk te doen. Soms voel dit of mense haar onder 'n vergrootglas plaas en dophou om te sien of sy gaan misluk.

Vir sommige mense is dit ook moeilik om die gesag van 'n vrou te aanvaar. Maar ten spyte daarvan geniet sy die werk en vind sy dit uiters vervullend om terug te kyk en te besef waar sy vandag staan.

Esmari van der Walt: Silobestuurder, Nylstroom


Nog 'n vrou wat as bestuurder in Graan funksioneer, is Esmari van der Walt, silobestuurder op Nylstroom.

Esmari het vinnig die leer geklim tot bestuurder. Sy het twee jaar ondervinding as gradeerder gehad waar sy by Warmbad-silo onder die bestuur van Jannie Heyns gewerk het. In April 2019 is sy as bestuurder op Nylstroom aangestel waar sy moes leer swem... of sink. Esmari het vinnig geleer swem!

Dit was beslis 'n aanpassing vir almal om 'n vrou in die bestuurstoel te hê, reken sy. Daar moes maar geskuur en geskaaf word om die aanpassing te maak, maar dit was nie lank nie of Esmari kon onomwonde verklaar dat hulle 'n fantastiese span op Nylstroom vorm.

Daar is egter steeds uitdagings wat sy moet trotseer omdat sy 'n vrou is. Meeste produsente is nou gewoon daaraan dat 'n vrou in beheer is, maar dalk nie almal nie. Maar deur woord en daad oortuig sy produsente vinnig van haar bereidwilligheid en bekwaamheid.

Ten spyte van die uitdagings sal sy steeds vroue aanraai om hierdie loopbaan te volg. Sy sê as iemand 'n passie het vir landbou, en veral vir graan, is dit die perfekte plek om te wees.



Verken gereeld jou lande

deur dr. Vicki Tolmay, LNR-Kleingraan, Stellenbosch

Onvoorspelbare weersomstandighede maak dit al hoe moeiliker om te boer. Hierdie veranderende weerpatrone het 'n ingrypende invloed op gewasproduksie. Dink aan daardie koue, nat toestande aan die begin van die mielieseisoen wat die plante geel en verdwerg laat vertoon.

Sodra die omstandighede verbeter as die water begin wegsak of verdamp en die son skyn, lyk die mielies weer mooi. Wintergewasse word ook beïnvloed. In dele van die noordelike gebiede het reën tydens strooptyd die risiko vir die verbouing van kleingraan soos koring en gars aansienlik verhoog. Dit veroorsaak dat die gewas nie betyds gestroop kan word nie en lei ook tot kwaliteitsprobleme.

Net soos plante 'n bepaalde hoeveelheid koue- of hitte-eenhede benodig vir ontwikkeling, is daar spesifieke toestande wat die ontwikkelings tempo van plaë en plantsiektes bepaal. Hoe nader die temperatuur aan die insek of patogeen se ideale ontwikkelingsstoestand is, hoe vinniger voltooi hulle elke fase in hul lewensiklus en hoe korter is die tydperk wat verloop tussen opeenvolgende generasies. Die veranderende weerpatrone wat nou al hoe meer voorkom, veroorsaak dat plaë en plantsiektes "onverwags" hul verskyning kan maak omdat hulle lewensverloop by die veranderende weer aanpas.

Die veranderende weersomstandighede word veral by insekplaë waargeneem. Elke insekspesie het maksimum- en minimumtemperatuurgrense waarbinne hulle optimaal ontwikkel. Plaë wat voorheen nooit of selde skadelik was, kan dus probleme veroorsaak wanneer die klimaat verander. Hierdie probleem word ook waargeneem in die hoeveelheid nuwe plaë wat Suid-Afrika onlangs binnegekom het en ernstige probleme skep, byvoorbeeld die herfskommandowurm (*Spodoptera*

frugiperda sedert 2017), die *polyphagous shot hole borer* (ook genoem PSHB-kewer wat sedert 2017 na agt provinsies versprei het en die potensiaal het om die vrugtebedryf ernstig te benadeel) en die tamatieblaarmyner (*Tuta absoluta* wat sedert 2016 hier voorkom).

Russiese koringluis, wat Vrystaatse produsente vir jare geteister het, is nie meer die nommereenplaag in hierdie omgewing nie – ander insekte begin nou kop uitsteek. Die afgelope seisoene het daar baie rooibeen-sandmyt in die Wes-Kaapse koringlande voorgekom; dit is 'n plaag wat lanklaas 'n groot probleem was. Daar was ook probleme met die WP-graanwurm, verskeie slaksoorte asook bolwurm.

Hoe bestuur 'n mens hierdie risiko's?

Die goeie nuus is dat dit wel moontlik is om hierdie plaë te bestuur. As ou grondbeginsels toegepas word en die voorkoms van plaë gemonitor word, is dit moontlik om potensiële probleemsekte betyds te identifiseer en teen hulle op te tree. Klimaatverandering maak dit al hoe belangriker vir produsente om gereeld hul lande deur te stap en te monitor. Sommige produsente span selfs satellietbeelde en hommeltuie wat foto's uit die lug kan neem, in. 'n NDVI-beeld kan byvoorbeeld kolle uitwys waar plante swaarkry en waar hulle geilgroen groei. Dit bly egter die heel beste om gereeld deur die lande te stap en te gaan kyk hoekom die plante geilgroen vertoon (dalk is dit onkruid) en wat plante in die swak kolle makeer.

Wenke om die meeste te maak van dié moniteringstap-togte

- Besluit vroeëtydig op 'n roete wat skuins en heen en weer oor die land strek sodat dit verteenwoordigend is van die hele land (Figuur 1). Indien

"goeie" en "slegte" kolle op NDVI-beelde voorkom, moet dit in die roete ingesluit word, maar daar moet nie net daarop gefokus word nie.

- Hou in gedagte dat insekinfestasies meestal in klein kolletjies ontstaan en van daar af uitkring.

- Moet nie net na die buitenste rand van 'n land kyk nie omdat dit nie 'n ware weerspieëling is van wat binne in die land gebeur nie.

- Hoe meer waarnemingspunte daar is, hoe akkurater sal die besmettingsyfer bepaal kan word. As die land kleiner as 1 ha is, kan tien punte genoeg wees. As die land groter is, is daar meer ondersoekpunte nodig vir 'n akkurate besmettingsbepaling.



Figuur 1: Voorbeeld van die uitleg van 'n moniteringsroete.

Hoe om 'n moniteringsroete uit te voer

- Besluit vooraf hoeveel treë as standaard sal dien en watter voet as merker gebruik sal word.

- Stap eers 'n ent in die land in. Begin dan om die vasgestelde hoeveelheid treë af te tel. Op die laaste tree moet die gewasplant wat die naaste aan die voorpunt van die merkerskoen is, geïnspekteer word vir insek-skade. Die spesifieke plant word dan genoteer as met of sonder insekte.

- Stap daarna die voorafbepaalde roete en neem lesings by elke ondersoekpunt soos beskryf in die vorige punt.

- Data wat op die roete by elke punt versamel is, word nou gebruik om 'n persentasie van besmetting te bereken.

- Indien chemiese beheerriglyne vir 'n plaag bekend is, is dit raadsaam om die tyd van toediening en die persentasie besmetting in ag te neem wanneer die insek gespuit moet word. Sodoende kan onnodige bespuitings en koste vermy word.

- Indien daar nie riglyne vir die spesifieke insek bekend is nie, sal die besmettingsbepaling asook inligting rakende die groeistadium van die gewas die produsent/deskundige in staat stel om 'n meer ingeligte besluit rakende die beheer daarvan te neem.

- Fyner bestuur van insekbesmette kolle in lande is moontlik deur gebruik te maak van moderne tegnologie soos hommeltuie wat bespuitings kan toedien. Hoewel die implementering daarvan nog nie algemeen is nie weens die koste en lisensies wat met hommeltuie gepaardgaan, sal dit in die toekoms waarskynlik goed ingespan word om beduidende kostebesparings vir die produsent teweeg te bring. Verder sal dit ook die biodiversiteit in lande bevorder as slegs die probleemareas behandel word.

Onthou die volgende:

- Hoe vroeër die insek of siekte raakgesien word, hoe groter die kans om grootskaalse skade te voorkom. Kenners kan geraadpleeg word rakende beheer en alternatiewe opsies wat tot die produsent se beskikking kan wees.

- Nie alle skade word in die dag aangerig nie. Sommige insekplaë voed slegs snags en net die skade

wat deur hulle veroorsaak word, is gedurende dag waarneembaar. 'n Voorbeeld hiervan is die valskommandowurm (*Leucania loreyi*). Wees dus hoofsaaklik op die uitkyk vir skade of simptome eerder as om net die insekte te soek.

- Indien die simptome of insek nie bekend lyk nie, neem foto's om vir deskundiges te stuur. Die volgende foto's moet ingesluit word: 'n foto van die hele land, 'n foto van die geaffekteerde plant van die grondoppervlak af tot op die bopunt, duidelike foto's wat op die skadesimptome fokus en dan, indien moontlik, ook 'n foto van die verdagte insek (insluitende verskillende stadiums van die insek indien teenwoordig). Soms vreet insekte selektief net op sekere dele van die plant. Let dus op presies waar op die plant die insek voorkom (bo of onder die blaar en val dit vinnig grond toe as 'n mens aan die plant raak). Hierdie inligting is noodsaaklik vir die entomoloog om 'n akkurate identifikasie van die insek te kan maak.

- Klein instars (baba-insekte) is gewoonlik makliker om te beheer as volwasse insekte en daarom is dit noodsaaklik om geaffekteerde lande so gou moontlik te bespuit indien nodig.

- Om te weet watter plaë en siektes in die onmiddellike gebied voorkom word sterk aanbeveel, maar dit is verder voordelig om kennis te neem van ander plaë en siektes wat ook die gewas as 'n gasheer kan gebruik. Ander nabygeleë gewasse asook die omliggende omgewing speel 'n

belangrike rol in die lewensiklus van insekte en kan selfs bepaal of 'n spesifieke insek plaagstatus sal bereik of nie.

- Elke land het ook voordelige insekte wat as natuurlike vyande van 'n plaag kan optree. Hierdie insekte kan kosteloos 'n plaagprobleem vir die produsent oplos. Dit is dus belangrik dat die produsent bewus is van watter insekte hierdie rol vervul en dan alle plaagbeheeraksies so beplan dat daar so min as moontlik skade aan hierdie voordelige insekte aangerig word.

Kan klimaatverandering 'n invloed hê op die lewensloop van 'n insek?


Klimaatveranderinge beïnvloed beslis die lewensloop van insekte. Die graad van die invloed hang af van die spesifieke omgewingstoestand wat verskil asook die stadium van die lewensloop waarin die insek op daardie spesifieke tyd is.

Grafiek 1 en Grafiek 2 is ter illustrasie van hierdie beginsel ingesluit. Albei grafieke bevat data wat in Luckhoff versamel is. Grafiek 1 stel die gemiddelde daaglikse temperatuur gedurende 2022 in geel voor en die 13-jaargemiddeld van 2009-2021 in groen. Reënval word in die blou kolomme vertoon. Die minimum en maksimum temperature vir ontwikkeling word deur die rooi lyne in Grafiek 1 voorgestel. Buite hierdie grense hou die valskommandowurm op om te ontwikkel en ver buite hierdie grense kan die insek sterf.



Grafiek 1: Reënval en die gemiddelde daaglikse temperatuur van 2022 en die 13-jaar-periode (2009-2021) in Luckhoff.





Grafiek 2: Verskille in motgetalle in Luckhoff gemonitor gedurende 2022 teenoor die gemiddelde motgetalle van 2018 tot 2021.


Die minimumontwikkelingstemperatuur waar daar groei en ontwikkeling van valskommandowurm kan plaasvind, is 10 °C. Grafiek 1 toon dat die gemiddelde wintertemperatuur in 2022 heelwat kouer was as die gemiddelde van die vorige 13 jaar. Hoe nader die temperatuur aan hierdie grense is, hoe langer neem dit om die lewensiklus te voltooi. Die laaste motvlug voor die winterkoue het gemiddeld teen 22 Junie plaasgevind (Grafiek 2B).

Herfskommandowurm

Gedurende 2022 is dit egter in week 20 (middel Mei) waargeneem, twee weke vroeër as gewoonlik (Grafiek 2B). Hierdie vervroegde motvlugte is te wyte aan die warmer gemiddelde temperatuur vroeg in die jaar wat opgevolg is deur kouer temperature wat al nader aan die minimumontwikkelingstemperatuur geneig het (Grafiek 1). Die eerste motvlug ná die winter was ook twee weke vroeër gedurende 2022 (week 33, middel Augustus) in vergelyking met die gemiddelde vlug in week 35 in die begin van September (Grafiek 2C). Die nuwe generasie wat van hierdie motte afkomstig is, het in 2022 reeds van week 9 af gekom en nie van week 11 soos wat daar in die vierjaargemiddeld waargeneem is nie. Hierdie twee weke verskil is as gevolg van die warmer weer van

week 2 na week 4 wat die hele jaarsiklus vervroeg het (Grafiek 1). Namate die gemiddelde temperatuur van die lente na somer toe styg, is daar meer motvlugte omdat die lewensiklus van die insek as gevolg van die hoër temperatuur versnel. Gewoonlik kom hierdie verskynsel tussen week 45 en 46 voor in middel November (Grafiek 2D). In 2022 was hierdie motvlugte egter ook vroeër (week 44, begin November) en het boonop 'n hoër piek van 35 motte per dag gedurende week 45 getoon, wat nie die vorige vier jaar voorgekom het nie. Dit is voorwaar 'n groot verskil as gevolg van 'n klein verhoging in temperatuur oor 'n kort tydperk in Januarie. In hierdie geval kon skade tussen week 44 en week 46 voorgekom het. Die omvang van die skade is egter

bepaal deur reënval gedurende die motvlugte en die beskikbaarheid van ander geskikte graskasere vir eierlegging in die omgewing van die spilpunte en gevolglik minder motte wat eiers in die gewas gelê het. Hierdie navorsingsprojek is deur die Suid-Afrikaanse Wintergraanbedryfstrust (SAWCIT) befonds en monitor die motvlugte in die produksiegebiede met die hulp van vrywilligers. Feromoonvalle met lokmiddel word gebruik om *Leucania loreyi*-motte aan te trek. Medewerkers tel weekliks die aantal motte in die val en stuur die data wat gebruik word om die grafieke te trek, in. Indien daar potensiaal vir valskommandowurmbesmetting is, word die produsente in daardie omgewing gewaarsku om op die uitkyk te wees vir skade en wurminfestasie. Die ondersteuning van SAWCIT, AB InBev, die Suid-Afrikaanse Garstelersinstituut (SABBI), die medewerkers en Graan SA word hoog op prys gestel.



Palmer amaranth en weerstand: 'n bese kombinasie wat gebreek kán word

'n Amerikaanse variant van die bekende misbredie kan plaaslike voedselproduksie geweldig benadeel. **Ingrid Boshoff**, tegniese onkruidoderkenner by Syngenta Suid-Afrika, verduidelik egter hoe hierdie onkruid met vroeë, vinnige en effektiewe optrede suksesvol beheer en uitgeroei kan word.

Palmer amaranth is 'n onkruid wat saai-boere hoofbrekens besorg omdat sy biologie en weerstand teen onkruidodders beheer uiters moeilik maak. Met die verskyning van *Amaranthus palmeri*, wat die eerste keer in 2018 in Suid-Afrika geïdentifiseer is, moet alles moontlik gedoen word om die voortgesette en winsgewende produksie van breëblaargewasse soos sonneblom, aartappels, sojabone, droëbone, grondbone, katoen en lusern te verseker. Hoewel misbredie die moeilikste beheerbaar is in breëblaargewasse, kan dit net so 'n groot probleem in ander rygewasse, mielies ingesluit, word.

Amaranthus palmeri is 'n aggressiewe kompeteerder wat vinnig groei en hoogs effektief voortplant. Die onkruid is tweeslagtig, met aparte manlike en vroulike plante. Onder gunstige groei-toestande is 'n groeitempo van tot 6 cm per dag moontlik en kan 'n enkele vroulike plant tot 600 000 piepklein saadjies wat maklik versprei, produseer. Die onkruid kan ook vegetatief voortplant deur hergroei uit stamme wat in lande agterbly.

Afgesien van die feit dat *Amaranthus palmeri* soos die spreekwoordelike onkruid vermenigvuldig en versprei, lê die groot gevaar daarin dat hierdie misbredie bewese weerstand teen meer onkruidodders het as enige ander onkruid. Dit beteken dat daar beperkte chemiese opsies is om hierdie vernietigende onkruid mee te beveg.

Weerstand is die inherente vermoë van 'n plant om te oorleef en voort te plant nadat dit blootgestel is aan 'n onkruidodderdose wat gewoonlik dodelik sal wees. Elke onkruidpopulasie het sulke individue; die doelwit is om te keer dat hulle die oorhand kry. Dit word hoofsaaklik bereik deur korrekte toedieningspraktyke wat

bewerking, weerstoestande en die regte produk op die regte tyd teen die regte onkruid insluit. Oneffektiewe toediening is olie op die vuur van plante se natuurlike weerstand. *Amaranthus palmeri* se weerstand teen nege van die 17 chemieklasse is alreeds wêreldwyd bevestig. In Suid-Afrika is weerstand teen groepe 2 en 9 reeds aangemeld, asook verlaagde effektiwiteit van 'n handvol ander aktiewe bestanddele. In die plaaslike konteks is glifosaatweerstandigheid die grootste bekommernis. Maar dit beteken nie dat produsente hulpeloos is nie.

'n Holistiese en geïntegreerde benadering is die antwoord. Só 'n program moet die sanitasie van alle implemente, toerusting, klere en skoene insluit. Alles moet op een sentrale plek gewas word sodat die afloopwater opgevang en die reste, nadat die water verdamp het, verbrand kan word. Wanneer lande reeds besmet is, moet 'n diep bewerking gedoen word, waarna die plante uit die lande verwyder en verbrand moet word om hergroei te keer. Dit is ook belangrik dat produsente alle *Amaranthus*-spesies in en om hul lande moet beheer om kruisbestuiving met *Amaranthus palmeri* te voorkom. Dit is verder krities noodsaaklik om te keer dat die onkruid saad stort en dat sade ontkiem.

Wat chemiese beheer betref, is voorkomende optrede uiters belangrik en is die regte kombinasies van voor- en na-opkoms-onkruidodders dus onontbeerlik. In dié verband hou SAHRI (die South African Herbicide Resistance Initiative) verwickelinge op die Palmer amaranth-front fyn dop. DNA-analises van populasies in verskillende dele van die land word gedoen, terwyl weerstandprofiel van ander saamgestel word.

Kundiges monitor ook die impak wat verskillende onkruidodderformulerings op populasies het. Die Amerikaanse Onkruidwetenskapvereniging het *Amaranthus palmeri* in 2017 aangewys as die land se mees problematiese onkruid vanweë sy vermoë om weerstand teen onkruidodders op te bou en omdat hy so moeilik is om te beheer en uit te roei. Ten spyte hiervan is dit egter moontlik om hierdie pes te beheer en selfs uit te roei deur 'n omvattende strategie te volg wat die korrekte onkruidodders en toedieningspraktyke insluit.



'n Kenmerkende eienskap van Palmer amaranth is dat die blaarskeeltjie langer is as die blaarskyf. Om seker te maak, vou die blaarskyf oor die blaarskeel (foto 1 & 2).



Ten spyte daarvan dat hierdie sojaboonland met glifosaat gespruit is, het Palmer amaranth steeds gevestig. (Foto 3)

Palmer amaranth is tweeslagtig en het dus aparte manlike en vroulike plante, asook kenmerkende lang bloeihalms. (Foto 4)

Skaapbestuur voor-lam: Parasietbeheer

"CONCEPTION TO CONSUMPTION" – 'n PROGRAMBENADERING

Die effek van inwendige parasiete is baie meer nadelig en ernstig by skape as by beeste. Uitwendige parasiete is weer in die algemeen 'n minder ernstige probleem by skape. Luise en myte kan wel 'n groot negatiewe impak op skape hê. Bosluise en insekte kan ook bydra tot siektetoestande en kondisies wat 'n negatiewe finansiële invloed op winsgewendheid kan hê. Ramme kan baie maklik afgeskeep word indien belangrike aksies soos lamtyd aanbreek – veral as hulle nie onder gereelde toesig is nie. Dit kan daartoe lei dat ramme 'n knou kry wat hul kondisie en vrugbaarheid negatief kan raak.

INWENDIGE PARASIE

Seisoen en area sal 'n groot rol speel in die nodigheid vir parasietbeheer. Die teenwoordigheid van inwendige parasiete in laatdragtigheid kan daartoe lei dat ooie se eetlus afneem, voerinnome verlaag, lam-ontwikkeling benadeel word in 'n tyd wat maksimum groei moet plaasvind, en ooie se kondisie afneem, wat uierontwikkeling, bies- en melkproduksie kan benadeel.

By wolskape kan selfs die wolproduksiepotensiaal van die ongebore lammers negatief beïnvloed word indien die ooi 'n hoë parasietlading het. Die ontwikkeling van die lam se wolfollikels wat in laatdragtigheid plaasvind, kan gestrem word indien die ooi se voedingstof-inname en kondisie as gevolg van 'n hoë parasietlading daal.

Daarom word dit as standaard aanbeveel om ooie in laatdragtigheid (laaste maand voor lam), met 'n **breëspektrummiddel** te behandel wat ook **nawerking** teen haarwurm bied. Dit word 'n **strategiese dosering** genoem. Die nawerking kan ook help dat ooie (normaalweg) nie tydens die lamtyd gedoseer hoef te word nie.

Neuswurmbesmetting is ook belangrik aangesien ooie hul reuksintuig gebruik om 'n band met hul lam(mers) te smee ná die geboorteproses.

Ooie kan met lintwurm besmet wees. Hoewel dit nie dieselfde negatiewe effek op volwasse skape het as op lammers nie, kan die ooi die weiding met lintwurmeiers besmet.

Lewerslak beïnvloed die werking van die lewer wat op feitlik alle liggaamsprosesse 'n negatiewe invloed kan hê – veral proteïen- en energiemetabolisme wat in hierdie tyd kritiek is! In laatdragtigheid ontwikkel ooie 'n

Wat jy nie kan sien nie, kan jou kos!

toestand wat in Engels as "PPRR" bekend staan. PPRR is die afkorting vir "periparturient relaxation of resistance", en word vermoedelik deur hormonale veranderinge in die ooi in laatdragtigheid geaktiveer. Dit het tot gevolg dat die weerstand van ooie teen parasiete verlaag en parasietgetalle laat toeneem. Neem mismonsters met dosering vir die bepaling van miseiertellings en tien dae later weer van dieselfde skape, om seker te maak dat die middel wat gebruik is, doeltreffend was.

UITWENDIGE PARASIE

Hoewel uitwendige parasiete in die algemeen nie vroeg in die seisoen 'n groot uitdaging bied nie, moet die voorkoms daarvan dopgehou word en volgens behoefte beheer word. Bosluise kan aanleiding gee tot skape wat kreupel word en hoefinfeksie opdoen. Dit sal die ooi se loopvermoë negatief raak en inname van voer benadeel, met al die negatiewe gevolge daarvan soos reeds hierbo bespreek.

Luise en myte (skaapbrandsiekte) kan ook geweldige irritasie tot gevolg hê wat dringende beheer sal vereis. Insekte (muggies) is gewoonlik later in die seisoen – in die middel tot laat somer, 'n groter uitdaging. Dit is verantwoordelik vir die oordrag van virale siektes soos bloutong en slenkalkoors. Aangesien die beheer van insekte in ekstensiewe omstandighede baie moeilik is, moet inentings so spoedig moontlik ná lam gedoen word om hierdie siektes so ver moontlik te voorkom – veral in hoëreënvale jare wanneer die kans op hierdie siektes verhoog. Moet nie die negatiewe impak van uitwendige parasiete onderskat nie!



Op die voorvoet teen laatroes

Laatroes kom selde op Suid-Afrikaanse aartappels voor, maar is veel meer aggressief as die bekende en meer gereelde **vroeëroes**. Syngenta se siekterisikodiens (sien: <https://www.syngenta.co.za/service/weather-and-risk-map-service>) help om hierdie verwoester te stuit.

Roes is 'n konstante kopseer vir aartappelprodusente. In Suid-Afrika is vroeëroes die groot sondebok en produsente weet dat 'n voorkomende spuitprogram 'n gegewe is om hierdie siekte wat in warm, klam toestande floreer, te beheer. Laatroes, daarenteen, het koeler, nat weer nodig en is meer algemeen in die Europese klimaat. Die feit dat kultivars wat hier verbou word uit Europa ingevoer word en geteel is om laatroesbestand te wees, beskerm Suid-Afrikaanse produsente teen hierdie siekte.

"Dit is waar tot 'n groot mate, maar nie 'n waterdigte waarborg nie," sê André Labuschagne, bemarkingsbestuurder (Aartappels en Subtropiese Vrugte) van Syngenta. "Laatroes kom gewoonlik in April/Mei in Limpopo en die Sandveld voor, en in Augustus/September op die Hoëveld en Limpopo wanneer toestande in die siekte se guns tel."

Laatroes het net 'n paar uur onder ideale toestande, soos wanneer 'n onverwagse front koel en nat weer bring, nodig om vatplek te kry en groot skade aan te rig. Die feit dat 'n ernstige uitbraak 'n hele oes kan vernietig, beklemtoon die noodsaaklikheid om in chemiese swamdoders wat laatroes kan voorkom, te belê. Gegewe die sporadiese aard van die siekte, selfs onder gunstige toestande, neig produsente egter om nie voorkomend te spuit nie ten

einde die koste van hul gewasbeskermingsprogramme so laag as moontlik te hou.

Hoe 'n produsent weet wanneer dit regtig nodig is om te spuit, is 'n vraag wat Syngenta met sy siekterisikodiens help beantwoord. Hierdie diens is gratis vir Suid-Afrikaanse produsente op Syngenta se webwerf beskikbaar en kombineer weervoorspellings en siekterisikomodelle om waarskuwings te genereer vir spesifieke weerstasies of areas rondom 'n weerstasie. Produsente kry 'n waarskuwing via WhatsApp wanneer die weer wat vir die volgende vyf dae voorspel word, gunstig is vir die ontwikkeling van laatroes. Dit gee hulle genoeg tyd om hul aartappellande met 'n voorkomende bespuiting teen besmetting te beskerm.

Al wat 'n produsent te doen staan, is om te registreer en die gewas, siekte, weerstasies en tydperk te kies waarvoor waarskuwings nodig is. Dit is maklik om weerstasies by te sit of af te haal, en om die diens te stop of te aktiveer na gelang van bewerkings-toestande. Syngenta het onlangs die diens uitgebrei om ook ryp- en hittestremmingwaarskuwings aan te bied. Hierdie gevorderde sisteem trek data op Maandae en Donderdae en stuur om 07:00 'n WhatsApp uit vir elke stasie. As daar geen risiko is nie, word geen boodskap gegenereer nie. Produsente word dus nie met irrelevante kennisgewings lastig geval nie.

'n Beduidende voordeel is die geskiedenis wat in die sisteem geberg word vir verwysingsdoeleindes. Die argief bevat weerdata sedert 2016 wat produsente kan gebruik om spuitprogramme op te stel en te bepaal waarom een bespuiting meer of minder suksesvol as 'n ander was. Sodoende kan die tydsberekening van toedienings voortdurend verfyn word.

Laatroes affekteer ook ander gewasse, soos tamaties. Tamatieprodusente vind dus ook baat by die risikodiens, siende dat hul roesprobleme ooreenstem met dié van aartappelprodusente.

"Volhoubaarheid is 'n prioriteit vir almal van ons," sê Labuschagne. "Net so min as wat produsente 'n oes aan laatroes wil afstaan, wil hulle ook nie kansse waag wanneer weerstasie onverwags gunstig is vir die ontwikkeling van siektes nie. Met hierdie diens haal Syngenta heelwat onsekerheid uit die besluitnemingsproses, en help ons produsente om tyd te bespaar en opbrengs en oeskwaliteit te verbeter terwyl hulle ook geld bespaar deur onnodige chemiese toedienings te vermy."



QPro Produksielek 28

V23837 (Wet 36 van 1947)



QPro Produksielek 28 is 'n klaar gemengde lek wat in tye van tekorte genoegsame proteïene, energie, vitamienene en spoorminerale aan die dier sal voorsien. Die lek stimuleer rumen mikro-organismes om weidingsinname in droë tye te verbeter.

QPro Produksielek kan gebruik word as:

- Prikkelvoer voor dekseisoen
- Om gewigsverlies te voorkom
- As onderhouds- en produksielek vir skape
- Uitgroeï van jong bulle en verse
- Uitgroeï van ramme en jong ooie

Innames:

- Beeste 800-1200g/dier/dag
- Skaap 200-250g/dier/dag



For the **LOVE** of your **ANIMALS**

Qpro
feeds



Vir meer inligting en/of verwysing na u naaste tegniese adviseur, skakel ons kantoor by 058 303 9587

Mikotoksiene:

DIE EFFEK OP VARKE

DEUR HAN-MARI POTGIETER (B.SC (HONS.) VEE- EN WEIDINGKUNDE),
JUNIOR VOEDINGKUNDE – QPRO FEEDS



Mikotoksiene kom wêreldwyd voor. Sekere areas het 'n groter risiko vir mikotoksiën-kontaminasie. Gematigde streke het 'n groter kans op veldgebaseerde swamgroeï (*Fusarium*), terwyl tropiese en subtropiese areas hoër stoorgebaseerde swamgroeï (*Aspergillus* en *Penicillium*) kan ervaar. Wanneer kondisies gunstig is vir veldtoksiene, word grane oor die breër spektrum geaffekteer deur mikotoksiene. In kontras daarmee – wanneer kondisies vir stoortoksiene gunstig is – word grane nie ewerig geaffekteer nie en die verspreiding is meer divers en vind meer plaas tussen buite en binne-in stoorfasiliteite. Mikotoksiene kan wel nie deur middel van hitteprosesse afgebreek word nie.

Varke is oor die algemeen baie sensitiewer vir mikotoksiene as ander spesies, waarvan jong varkies en sôe die vatbaarste is. Die vatbaarheid hang af van die ouderdom en die algehele gesondheid van die vark, asook die konsentrasie van toksienvlakke.

Aflatoksien (AFLA):

Klein hoeveelhede AFLA kan lei tot swak prestasie en gesondheid, onderdrukking van immuniteit en dit maak die varke meer vatbaar vir bakteriese, virale of parasitiese siektes. Langtermyn blootstelling kan ook lei tot karsinogeniese gevolge, lewerskade, interne bloeding, geel-sug en skielike sterftes. AFLA word ook oorgedra in die melk, so wanneer lakterende sôe gekontameneerde voer eet en klein varkies voed, kan dit lei tot verhoogde mortaliteite en vertraagde groei. Hierdie varke sal steeds agter wees met groei en gewig al word hulle geensins ná



speen weer aan toksiene blootgestel nie.

Zearalenone (ZEA):

ZEA affekteer die reproduksiesisteem van varke en is verantwoordelik vir vulvovaginitis en estrogeniese sindroom. In jong bere kan 'n vergroting van melkkliere plaasvind en testikulêre atrofie, maar in bere oor die algemeen lei dit tot onderdrukking van testosteroonvlakke, swak spermproduksie en verlaagde libido of steriliteit. Verder kan 'n sog ook op ZEA-kontaminasie dui deur 'n ongesinkroniseerde estrusiklus te hê, aan kleiner varkies geboorte te gee, prolapse kan voorkom, daar kan

meer mortaliteite by geboorte wees, en daar kan deur laktasie ook swelling en rooi vulvas of verlamming in agterbene in klein varkies voorkom. Die normale reproduksieprestasie hervat gewoonlik wanneer die ZEA-gekontamineerde bron verwyder word.

Ochratoksiene: (OCHRA):

OCHRA veroorsaak niersiektes deur die proksimale buise te vernietig. Indien die niere beskadig is, verhoog die waterinname en urinering, en bloed kan ook in uriene gesien word. Behalwe vir die niere, is die lewer ook een van die hoofteikenorgane wat beskadig kan word. OCHRA affekteer ook die proteïen-sintese, daarna die RNA/DNA-sintese en lei tot uremia (die opbou van toksien in die bloed). OCHRA het ook karsinogeniese effekte wat kan oordra in varkveis, maar daar is min tot geen huidige wetgewing oor die beperkings. OCHRA kan swak gewigstoename, voerinnames en voeromset veroorsaak. Hierdie toksien kan ook die beweeglikheid en langlewendheid van spermatozoa in bere aantast. Die toksien het kenmerkende bleek, ferm, vergrote niere met slagting tot gevolg.

T-2 Gifstowwe (T2):

T-2 toksiene kom gewoonlik in die vorm van spysvertering- toksiese aleukia in varke voor. Die simptome behels braking, diarree, verlaagde witbloedselle, interne bloeding, skok en mortaliteite. Akute simptome kan ook interne bloeding van die lewerwande, derms, maag en esofagus insluit. Lae vlakke kan tot vertraagde groei, gewigonderdrukking en voerweiering lei. 'n Roomkleurige stof sal in die binneste wand van die esofagus en ileum gevind word.

Deoksynivalenol (DON):

Lae vlakke van DON sal vermindering in voerinnames veroorsaak (kan tot 'n gemiddelde voerinnames-daling van 4% lei vir elke eenheid wat DON styg), medium vlakke sal voerweiering veroorsaak en hoë vlakke sal gewigsverlies en of braking veroorsaak. Varke neem die DON-mikotoksien vinnig op in hul sisteem, veral in die dunderm. Letsels kan gesien word op die snoet, esofagus, maag en derms, afhangend van die blootstellingstydperk. DON beïnvloed ook proteïensintese, onderdruk die immuunstelsel en die aktiwiteit van neuro-oordraers.

Fumonensin: (FUM):

Fumonensin se struktuur is baie soortgelyk aan die sfinganiene en sfingolipiede (vette). Dit meng ook in met die selfunksie, seinoordraging in weefsel, naamlik die hart, longe en lewer.

FUM in laer vlakke lei tot swakker groei en lewerskade, terwyl uiters hoë vlakke kan lei tot akute pulmonêre edeem, wat dikwels dodelik is. Varke met akute toksisiteit het gewoonlik ernstige respiratoriese simptome, soos byvoorbeeld moeilike oopmond- asemhaling, sianose (versmoring) of mortaliteite. Varke met kroniese toksisiteit het laer voerinnames, swakker groei, is meer vatbaar vir sekondêre siektes en toon swak respons op entstowwe.

Ten slotte

Varke is oor die algemeen baie sensitief vir mikotoksene en enige vlakke van toksisiteit kan ernstige en ekonomiese gevolge hê, dus is dit belangrik om bedag te wees op simptome en voorloperstekens wat 'n aanduiding kan gee van toksiene.

Lees in die volgende uitgawe die laaste artikel in hierdie reeks wat sal handel oor Mikotoksene: die effek op pluimvee.



KLOSTRIDIALE SIEKTES:

Wat staan boere te doen?

Dr. Chriché du Plessis het onlangs in 'n onderhoud met Elsa Esterhuizen van Grootplaas gesels oor klostridiale siektes.

Wat presies is klostridiale siektes?

Klostridiale siektes is 'n breë term wat 'n groot aantal siektes insluit. Klostridiale siektes word veroorsaak deur *Clostridium spp.*-bakterieë en het 'n wye verskeidenheid van sieketekens tot gevolg. Ons kry verskillende spesies *Clostridium*-bakterieë wat mense en diere kan besmet. As ons spesifiek na vee kyk, verdeel ons klostridiale siektes (of die bakterieë wat dit veroorsaak) in drie hoofgroepe afhangende van die sieketekens. Die gangreneuse groep tas spierweefsel aan, die neurotoksiese groep tas senuweeweefsel aan en die enterotoksiese groep tas die ingewande aan.

Die bakterieë produseer gifstowwe en dit is hierdie gifstowwe wat skade veroorsaak, asook gewoonlik tot die dood van die dier lei. *Clostridium spp.*-bakterieë word algemeen in die omgewing aangetref. Diere kan selfs die gifstowwe wat deur die bakterieë geproduseer word, inneem saam met kos, of besmet word deur blootstelling van oop wonde aan bakterieë. Van die bakterieë leef selfs gemaklik in die ingewande van die dier sonder om enige abnormale kliniese tekens te veroorsaak, totdat die dier se stelsel tot so 'n mate verswak dat die bakterieë te vinnig vermenigvuldig en sodoende die dier begin siek maak.

As 'n boer na sy beeste kyk, hoe sal hy weet dat sy beeste geaf-fekteer word deur hierdie siektes?

Ongelukkig sien ons gewoonlik nie

enige sieketekens voordat dit te laat is nie. In meeste gevalle tref die boere diere alreeds dood aan. Sulke sterftes kan vinnig plaasvind sonder dat die diere enige abnormale kliniese tekens van die siektes wys.

In die geval van die neurologiese groep, wat lamsiekte en tetanus (beter bekend as klem-in-die-kaak) insluit, kan ons wel tekens van verlamming sien, maar dit is dan reeds moeilik om hierdie diere suksesvol te behandel en genadedood is gewoonlik die enigste opsie.

Met lamsiekte is al die spiere slap en toon die dier geen spiertonus nie. Die tong hang gewoonlik by die mond uit en die dier vrek dikwels weens versmoring aangesien normale asemhaling onmoontlik is.

Klem-in-die-kaak se simptome is presies die teenoorgestelde, al word die sieketoestand ook geklassifiseer as 'n vorm van verlamming. Al die spiere is styf. Voor dood intree, sal die aange-taste dier gewoonlik probeer skop, so daar sal dikwels merke in die sand wees rondom die karkas, met die kop en nek agteroor getrek. Mens kan ook glad nie die mond oopkry nie – vandaar die naam. Die dier vrek weereens as gevolg van 'n suurstoftekort.

In die geval van diere wat dood aangetref word, is daar gewoonlik leidrade in die karkas (of self rondom die karkas, soos reeds bo genoem vir klem-in-die-kaak).

Met sponssiekte sien ons dat die groot spiergroepe opswel, lugborrels dikwels onder die vel en tussen die spiere ontstaan, en spierweefsel self oor-

matig bloederig en donkerpers tot swart in kleur is as jy daardeur sny. Diere kan wel slegs aangetreë wees in sekere interne spiergroepe soos die hart of diafragma, en dit is uiteraard moeiliker om dan die tekens te sien en die toestand te diagnoseer.

Boere moet egter versigtig wees voordat hulle sommer net enige dooie dier wat skielik gevrek het oopsny, aangesien ons in Suid-Afrika wel miltsiekte (antraks) het, en boere hulself en die res van hulle plaas en personeel kan blootstel aan miltsiekte.

Watter van hierdie klostridiale siektes gee vir beesboere die meeste kopsere?

Die meerderheid van hierdie siektes is meer prominent by intensiewe boerderypraktike (soos melkerye en voerkrale) weens die hoër stresstoestand waaraan hierdie diere blootgestel is, asook die blootstelling aan hoër vlakke van maklik verteerbare suiker in hul voeding.

Rooiderm en sponssiekte is definitief 'n probleem vir enige voerkraal- en melkery-opset. By veldbeeste is sponssiekte in my ervaring as veearts die klostridiale siekte waarmee meeste boere sukkel. In tye waar voer skaars is en boere noodgedwonge alternatiewe bronne van proteïene moet gebruik, soos hoendermis, is lamsiekte dikwels 'n probleem.

So, hoe kry die beeste hierdie siektes?

Ek het vroeër genoem dat diere die *Clostridium spp.*-bakterieë, asook die toksiene wat hulle produseer, oraal



kan inneem, maar ook blootgestel kan word aan die bakterieë deur oop wonde. Daar bestaan egter steeds verwarring oor die presiese meganisme waardeur diere hierdie siektes opdoen.

In die geval van sponssiekte vermoed ons dat die dier gewoonlik die bakterieë en of die spoor (die oorlewingsvorm van die bakterieë in die omgewing) inneem. Jong diere tydens tandwisseling is meer geneig om tekens van sponssiekte te toon. Swak bestuurspraktyke, soos die gebruik van vuil naalde tydens entings, kan diere ook sponssiekte laat opdoen.

Met lamsiekte neem die diere gewoonlik die gifstof in per mond wanneer verrotte materiaal geëet word. Diere kan ook tetanus kry deur oop wonde (soos opgedoen kan word tydens kastrasies) wanneer daar bakterieë in die grond is.

Beesboere noem altyd dat dit die mooiste, vetste dier is wat vrek weens sponssiekte. Is dit werklik so?

Ongelukkig ja. Die sponssiekte-bakterieë verkies omgewings met lae vlakke van suurstof. Diere in 'n baie goeie kondisie se spiere is gewoonlik die grootste, so bloedtoevoer en die toevoer van suurstof na daardie spiere is gewoonlik laag.

Ons het vroeër gepraat oor klostridiale siektes by beeste, maar wat van skaap- en bokboere? Ondervind hulle dieselfde probleme met soortgelyke siektes?

Skaape en bokke word definitief deur dieselfde siektes geaffekteer, maar in skaape en bokke het sekere van hierdie siektes 'n hoër voorkoms as in beeste.

Die enterotoksiese groep het 'n groter impak op jonger lammers, veral lammers wat intensief gevoer word. Skaape word ook meer geaffekteer deur bloednier, iets wat ons nie gereeld in beeste sien nie.

Aan die sponssiekte-kant word veral ramme geaffekteer deur 'n siekte met die naam van Ramdikkop, 'n siektetoestand wat beeste nie somer affekteer nie.

Bestuurspraktyke soos die afsit van sterte is ook meer algemeen onder skaape, en dus sien ons meer gevalle van tetanus weens die teenwoordigheid van meer oop wonde.

Watter faktore sal aanleiding gee daartoe dat skaape geaffekteer word of vrek weens klostridiale siektes?

Daar is menige faktore wat 'n rol speel by klostridiale siektes. Die algemeenste faktor by skaape is voer met hoë vlakke van maklik verteerbare suiker, soos mielies of ryk, groen voer soos vars lusern as diere nie gewoon is daaraan nie. Koppel dit met lae vlakke van ruvoer en dit is die ideale omstandighede vir die bakterieë wat rooierm veroorsaak om te groei en gifstowwe te produseer.

Enige ander faktore wat die derms laat stilstaan (dermstase) gee ook aanleiding tot rooierm. Omstandighede wat stres veroorsaak vir skaape en bokke, soos intensiewe voerstelsels, vermenging van skaapgroepe, wisselende weersomstandighede (veral temperatuur), ontworming en hantering, kan ook lei tot meer gevalle van klostridiale siektes.

Omgewingstoestande (buiten wisselende temperatuur) soos droogtes en vloede kan ook lei tot die uitbreek van klostridiale siektes.

Ek wil weereens beklemtoon dat nie slegs een enkele primêre faktor gebly kan word waar so 'n uitbreek plaasvind nie. Dit is gewoonlik 'n kombinasie van 'n aantal faktore wat lei tot die ideale toestande vir die bakterieë om die siekte te veroorsaak, en dit sal uiteraard van geval tot geval verskil.

Is daar enige bestuurspraktyke wat boere kan toepas om vrektes te verminder of te verhoed?

Seker die maklikste bestuurspraktyk wat toegepas kan word, is om nie hoendermis te voer nie. Soos ek vroeër genoem het, is hoendermis 'n baie groot risikofaktor in terme van lamsiekte, en kan ook aanleiding gee tot ander voedingsteurnisse.

Skaape en bokke moet teen klostridiale siektes, veral bloednier, ingeënt word voordat hulle ontworm word. Let wel dat diere jaarliks hul entings moet ontvang (met ander woorde nie langer as 12 maande uitmekaar nie).

Skaape word nie so algemeen soos beeste geaffekteer deur sponssiekte nie, maar bokke kan erg aangetas word. Maak altyd seker dat skoon naalde gebruik word tydens inentingsprosedures. Boere moet ook baie seker maak dat diere ingeënt word voordat daar enige oop wondprosedures toegepas word, soos byvoorbeeld kastrasies (veral indien

rekkies gebruik word), stertjies wat afgesit word, asook voor skeertyd. Hierdie entings moet ten minste drie tot vier weke voor die prosedure self toedien word.

Vir baie jong diere, wat nog aan die ooie en koeie suip en nog nie geënt is nie, is dit belangrik om die dragtige diere te ent tydens die laaste trimester van dragtigheid. Immuniteit word dan oorgedra deur die biesmelk aan die lam en kalf.

Vir boere wat lammers intensief wil voer, is dit weereens belangrik om seker te maak dat hulle lammers aankoop wat reeds geënt was teen die verskillende klostridiale siektes voordat hulle die voerkraal ingaan. Dit is belangrik dat 'n opvolgdosis toegedien word in die kraal.

Wat staan boere te doen wanneer daar skielik van hulle diere vrek weens klostridiale siektes?

Soos ek vroeër genoem het, is suksesvolle behandeling normaalweg nie moontlik nie, aangesien meeste diere reeds dood aangetref word. *Clostridium spp.*-bakterieë kan met antibiotika behandel word, maar aangesien dit die gifstowwe of toksiene is wat die diere siek maak, is antibiotika gewoonlik nie effektief nie, tensy dit baie vroeg in die infeksie toegedien word. Dit is uiters belangrik dat boere 'n nadoodse ondersoek van die dooie dier laat doen deur hul veearts sodat die regte weefselmonsters geneem kan word.

Die toetse wat die laboratorium doen, moet eerstens bepaal watter tipe *Clostridium spp.*-bakterieë betrokke is, en dan ook die tipe gifstof wat vrygestel was. Dan kan daar 'n entstof-aanbeveling gemaak word deur die veearts. Indien daar groot uitbreke is, moet boere hul veeartse onmiddellik kontak om te kyk of die voorkomende behandeling met antibiotika dalk 'n verskil kan maak om enige verdere vrektes te voorkom.

Sal alle tipes skaapboerderystelsels dieselfde siektes ervaar?

Skaape wat in intensiewe stelsels soos voerkrale gevoer word, is meer geneig tot klostridiale siektes as skaape wat byvoorbeeld in die veld in die Karoo loop. Maar enige skaap kan klostridiale siektes opdoen indien die toestande daarvoor gunstig is.

Hoe kan boere hul kuddes teen hierdie siektes beskerm?

Dit is baie belangrik om bestuurspraktyke toe te pas om klostridiale siektes te voorkom en te beheer. Die een praktyk waarna ek reeds verwys het, is die gebruik van entstowwe en dit bly die effektiefste manier tot op hede om die siektes te voorkom.

Daar is 'n wye verskeidenheid entstowwe op die mark beskikbaar. Boere moet deeglik navorsing doen om te sien teen presies watter van die klostridiale siektes die betrokke entstof wat hulle gekies het die diere sal beskerm. Net omdat die entstof sê dit beskerm teen sponssiekte, beteken dit nie dat daar beskerming is teen al vyf verskillende bakterieë wat moontlike tekens van sponssiekte kan veroorsaak nie.

Alle entstowwe teen *Clostridium spp.* is geïnaktiveer (dood) en dit is baie belangrik dat die boere die vervaardiger se aanbevelings volg in terme van die dosisvolume (die hoeveelheid milliliter wat toegedien moet word), asook die opvolgdosisse en die tyd tussen die opeenvolgende entings. Ons moet ook onthou dat die entstof wat ons inspuut nie vir die dier immuniteit gee of die dier beskerm nie. Die

dier wat ingeënt word, moet daardie entstof gebruik om sy eie immuniteit te vorm (teenliggame te produseer). Nie alle geënte diere is altyd 100% beskerm teen siektes nie omdat ander faktore teenwoordig op die dag van enting die effektiewe produksie van teenliggame kon verhoed.

Is alle entstowwe dieselfde?

Definitief nie. Wanneer boere moet besluit watter entstof om te gebruik, is dit raadsaam om jou veearts te kontak. Die veearts in jou area sal kennis dra van die voorkoms van die verskillende tipes klostridiale siektes, en kan jou raad gee oor die produk wat die beste vir jou sal werk.

En gebruik boere dieselfde entstowwe vir beeste en skaape?

Sekere entstowwe is geregistreer vir beide beeste en skaape, maar daar is ook entstowwe wat ons slegs in skaape en bokke gebruik.

Bron: Hierdie artikel is geleen van die webblad https://www.msd-animal-health.co.za/wp-content/uploads/sites/30/2022/10/VV_2022_Q1_Veevernuf-A4-web.pdf



A EN B GRAAD NUTS EN PEAS 0-50 RB PRODUK DUFF

Pegasus Coal is 'n gevestigde verskaffer van hoë graad steenkoolprodukte in die Agri-, Kosvervaardigings- en Industriële sektore.

KWALITEIT EN UITSTEKENDE DIENS GEWAARBORG.
KONTAK ANTON : 061 022 9653



EFFECTIVE PEST CONTROL

GOEIE TYE BEGIN TUIS.

Is probleemplaë besig om jou tyd saam met jou gesin te ruïneer? Herstel die rus en vrede in jou huis met ons **NO INSECT INDOORS**-formulering wat gereed is om dadelik te gebruik. Hierdie formulering teiken spesifieke binnenshuise peste en plaë. Kry weer beheer oor jou binnenshuise ruimtes en maak dit pesvry!



- ✓ **Vinnige aksie**
- 🐛 **Kontak-en maaginsekdoder**
- 🏠 **Bevat 'n uitklopagens**


Landswyd beskikbaar by 'n groot verskeidenheid handelaars, kwekerie en tuinsentrums.
efekto.co.za @mygardensa



Laai die Green Fingers-toep hier af.

Registrasiehouer: Agro-Serve (Edms.) Bpk. Reg. Nr. 1973/000868/07 | Posbus 652147, Benmore, 2010 | Verbruikersorglyn: 0861 333 586 | info@efekto.co.za

No Insect Indoors NF RTU Reg. Nr. L9148 Wet 36 van 1947 N-AR1568.
Aktiewe bestanddele: Deltametriën (Piretroïed) 0,2 g/l; d-Allethrin (Piretroïed) 1,0 g/l; Piperoniël Butoksied (Sinergis) 0,8 g/l



Insethandel

OTTOSHOOOP DOLOTOP PLUS⁺



DOLOTOP MET WATEROPLOSBARE KALSIMUM, MAGNESIUM EN SULFAAT PENETREER DIE ONDERGROND MEER EFFEKTIEF EN VOORSIEN BETER VOEDING - BETER OPNAME - BETER GROEI!

- Oplosbare Ca^{+2} , Mg^{+2} en SO_4^{-2} promoveer dieper grondpenetrasie
- ▽ Verhoogde KKE en mikrofyn struktuur verskaf uitstaande neutralisasiekapasiteit
- ▽ Bewerkstellig 'n gebalanseerde grondprofiel vir volhoubare produksie

TEL: 0860 103 515
EPOS: kalk@sakg.co.za
www.sakg.co.za

SA KALK & GIPS
LIME & GYPSUM
WITKOP MINE | MYN

Bekalking en bemesting, die **onmisbare** kombinasie

Dr. Jaco Erasmus, Ph.D. Pr. Sci. Nat.

Hoewel grondversuring onder meer veroorsaak word deur omgewingsfaktore, bly die meer prominente oorsaak van landbougrondversuring die allernoodsaaklike gebruik. Die toename in suur- en aluminiumversadiging ten koste van kritiese basiskatione is nie alleen fataal vir gewasopbrengs nie, maar ekstreme versuring kan selfs lei tot die onomkeerbare oplos van kleimineralen met 'n gevolglike verlagings in die kationuittrekkingskapasiteit (KUK) en gepaardgaande disintegrasie van die grondstruktuur. Die KUK is 'n fundamentele eienskap van grond wat die beskikbaarheid van noodsaaklike voedingselemente in die grond chemies-wiskundig benader, met ander woorde, dit is nie 'n eenduidige bepaling van die beskikbaarheid van voedingselemente nie, maar eerder die "potensiaal" van die grond om voedingselemente beskikbaar te stel.

Die uitdagende realiteite waarmee die boer gekonfronteer word, vereis deursettingsvermoë, identifisering en benutting van geleenthede en veral spanwerk. Landboukundiges en goed ingeligte agente speel 'n kardinale rol. Vervaardigers van landboukalk- en -gipsprodukte moet dus innoverend en proaktief optree deur produsente te ondersteun met kwaliteitprodukte. Dit is een van die fundamentele besigheidsbeginsels vir die span van SA Kalk en Gips. Die innoverende PLUS produkreeks is 'n puik voorbeeld. SA Kalk en Gips se DOLOTOP PLUS[®] is spesifiek geformuleer vir die diepwerkende opheffing van grondsuurheid en die balansering van die kationbalans. Hierdie aktiewe meganisme in die grond word bewerkstellig deur 'n samestelling van natuurlik gemynde, chemies suiwer en mikrofyngegrunde dolomiet, in balans gekombineer met 'n drieledig-saamgestelde formulasie van (i) wateroplosbare sulfate van kalsium en magnesium en twee kragtige neutralisasiekomponente in die vorm van (ii) chemies gepresipiteerde karbonate asook (iii) -hidroksiede van beide kalsium en magnesium.

DOLOTOP PLUS[®] is 'n neutraliseerder van uittrekkingsvermoë wat beide snel- asook langtermynwerkend is, gekombineer met die essensiële plantbeskikbare makrovoedingselemente kalsium, magnesium en swawel in wateroplosbare sulfaatformaat. DOLOTOP PLUS[®] word sterk aanbeveel om stratifikasie as gevolg van bogrond- en ondergrondversuring teen te werk, ondergrondstruktuur te verbeter en te deurlug asook om voeding te verskaf oor die totale wortelgroe-area, en veral dieper in sanderige gronde. Die diffusie van opgeloste katione word gefasiliteer deur die beskikbaarheid van labiele sulfaat-anione wat die tempo van uitruiling van ongewenste protone en ander toksiese elemente soos aluminium-katione in die ondergrond aanhelp. DOLOTOP PLUS[®] word aangebied in verskillende voorskryf-formulasies, wat vooraf deur grond- en landboukundiges bepaal word. Oorweeg DOLOTOP PLUS[®] met vertroue!

Die belangrikheid van N-, P- en K-plantvoedingstowwe

deur JT Prinsloo, VKB-landboukundige

Elke gewas, hetsy mielies, sojas, koring of andere, het 'n spesifieke en optimale voedingstofbehoefte waarvan daar voldoen moet word om die gewas in staat te stel om 'n optimale ekonomiese opbrengs te kan produseer.

Die makro-voedingstowwe se belangrikste funksies kan as volg opgesom word:

Stikstof (N) is baie belangrik vir die vegetatiewe groei van die plant, met ander woorde bogrondse plantegroei, asook in die chemiese deel van die plant.

Fosfaat (P) is noodsaaklik vir wortelontwikkeling en wortelgroei, en verskaf energie aan die plant.

Kalium (K) is baie belangrik in die waterdruk en die weerstand teen siektes van die plant, asook die regulering van die huidmondjies.

Die rol van stikstof (N) in die plant

Stikstof word in die grootse hoeveelheid benodig deur plante, behalwe in die geval van kalium. Kalium word deur sommige plante in 'n groter of dieselfde hoeveelheid as stikstof opgeneem. Stikstof speel 'n belangrike rol in die organiese molekules van die plant. Verder speel dit 'n belangrike rol in:

- Die fotosintese-proses met die hulp van chlorofilproduksie;
- Die vorming van DNA; en
- Die vermeerdering en verlenging van selle.

Stikstof word in aminosure, wat die boustene van proteïene is, ingebou, en het daarom 'n direkte invloed op graankwaliteit deurdat 'n tekort aan stikstof tot 'n laer proteïeninhoud mag lei.

Die rol van fosfaat (P) in die plant

Fosfaat speel 'n baie belangrike rol in alle lewende selle van beide plante en diere. Geen ander nutriënt kan fosfaat se rol in die plant vervang wanneer daar nie genoegsame fosfaat is nie. Dit speel 'n baie belangrike rol in die vegetatiewe asook in die reprodutiewe groeistadiums van

die plant.


- Dit verhoog plante se weerstand teen plantsiektes;
- Dit is belangrik in die proses van foto-sintese;
- Dit help met die proses van metabolisme van suikers in die plant;
- Dit word veral geassosieer met seldeling, blomvorming en rypwording;
- Dit is belangrik vir die oordra van DNA;
- Genoegsame fosfaat dra by tot 'n gesonde wortelgroei en lei tot 'n beter kwaliteit graan; en
- Dit verhoog peulgewasse se stikstofbindende kapasiteit.

Die rol van kalium (K) in die plant

Kalium word ook soos stikstof in groot hoeveelhede opgeneem, maar vorm nie deel van die komplekse organiese molekules nie. Dit kom wel in die selsap voor. Dit beweeg as vrye ioon in die plant rond en verrig baie noodsaaklike funksies.

- Dit help met die regulering van waterdruk in plantselle (oop- en toemaak van huidmondjies);
- Dit help met ensiemaktivering, wat help met die chemiese reaksies wat plaasvind in die plant;
- Dit speel 'n rol in die vervoer van chemiese verbindinge, soos stikstof in die plant;
- Dit bevorder die vorming van proteïene, suiker, stysel en olie;
- Dit verhoog CO₂-binding tydens fotosintese;
- Dit speel 'n rol in die regulering van pH binne-in die plantselle;
- Dit bevorder bestuiving en rypwording van graan, groentes en vrugte;
- Plante wat van genoegsame kalium voorsien is, het 'n beter weerstand teen droogte- en kouestres, insekte-skade, asook beter weerstand teen plantsiektes; en
- Kalium is belangrik by die sterkte van vesels en daarom is plante met ernstige kaliumtekorte geneig tot omval.

Figuur 1: Kumulatiewe opname van N, P en K as 'n persentasie van die totale opname deur mielies (MVSA, 2007; Pannar, 2009)



Bronne:

http://www2.senwes.co.za/Files/main_Scenario/archive_articles/2009/Desember/Artikel4/Stikstofenkaliu.htm#stikstof

<https://www.grainsa.co.za/bemesting;-wanneer-is-hoeveel-nodig>

<https://www.jardineriaon.com/af/stikstof.html>

[http://www.ipni.net/publication/nutrifacts-na.nsf/0/E6EA88FF25BC684985257F07006E1B5D/\\$FILE/NutriFacts-NA-18.pdf](http://www.ipni.net/publication/nutrifacts-na.nsf/0/E6EA88FF25BC684985257F07006E1B5D/$FILE/NutriFacts-NA-18.pdf)

Maak jou bure groen van jaloesie met Protek-korrelkunsmis!



Lawn & Foliage Fertilizer 7:1:3 (15)
 • Algemene voeding vir grasperke en loof
 • Krachtige groen groei

General Fertilizer 2:3:2 (14)
 • Algemene voeding vir groeiagtige blomstruik, blomme, groente, bome en saailinge
 • Sterk wortelontwikkeling

Nitrogreen LAN 17%
 • Minnige reaksie
 • Weelderige groen groei van grasperke en plante

Rose & Flower Fertilizer 8:1:5 (17)
 • Spesiaal geformuleer vir rose, saailinge en blom- en vrugtdraende plante
 • Gesonde loofontwikkeling

Om meer uit te vind oor ons volledige reeks produkte, kontak ons by 0861 PROTEK (0861 77 68 35)

www.protek.co.za

Besikbaar by jou naaste tak

vkb ntk

Insekdoders	Onkruidodders	Swarmdoders
Spesialiteite	Knaagdierdoders	Kunsmis

Registered in terms of Act 36 of 1947
Lawn & Foliage Fertilizer 7:1:3 (15): 95 g/kg N, 13 g/kg P, 41 g/kg K, Reg No K0015, Group 1 mineral
General Fertilizer 2:3:2 (14): 40 g/kg N, 60 g/kg P, 40 g/kg K, Reg No K0013, Group 1 mineral
Nitrogreen LAN 17%: 170 g/kg N, Reg No K0047, Group 1 mineral
Rose & Flower Fertilizer 8:1:5 (17): 80 g/kg N, 17 g/kg P, 60 g/kg K, Reg No K0014, Group 1 mineral
 Gevestigde deur Protek (Pty) Ltd, Co Reg No 2012/000415/07, Poshu 645, Manders, 1430, Tel no 011 812 9000
 Versprei deur Protek, 11-Deklaan Way, PO Box 140, Poshu 72, Manders, 1430, Tel 011 812 9000 of 0861 PROTEK (0861) 77 68 35
www.protek.co.za



Vir jou Huis en Tuin!



Beproefde Kultivars Landwyd Beskibaar



PROEFUITSLAE 2023




AGENTE LANDWYD

- Middelburg-Ermelo
- Bethal-Hendrina
- Stoffberg
- Bronkhorstspuit
- Meyerton
- Limpopo
- Leandra/Vrede
- Petrus Steyn
- Senekal/Danielsrust
- Clocolan Bethlehem
- Ladybrand
- Petrusburg
- Kroonstad
- Noord Vrystaat
- Bothaville Suid
- Bothaville Noord
- Potchefstroom
- Wolmaransstad
- Bloemhof Suid
- Bloemhof
- Stella
- Underberg/Natal
- Klein Verpakkings
- Streeks-Bestuurder
- Bemarkings-Bestuurder
- Hoofkantoor

- Ignus Gouws
- Tienie von Wielligh
- John Muller
- Rudi Kuschke
- Hannes De Klerk
- Jan du Toit
- Marcel van den Bergh
- Drian Scheepers
- Jan Rossouw
- Henk Vermooten
- Lourie Prinsloo
- Tjaart Venter
- Jorrie Jordaan
- Ben Cilliers
- Albe Mouton
- Sakkie Cronje
- Kristian Vermaak
- Jan Maree
- Kobus Marais
- Henna Hertzog
- Francois Cloete
- Duncan Little
- Niël Pretorius
- Ignus Gouws
- Cobus Meintjes
- James Wickens

- 066 245 5154
- 082 550 8094
- 082 524 8646
- 082 524 8646
- 072 993 5815
- 082 802 5888
- 082 377 7217
- 071 362 6736
- 082 770 2845
- 083 274 9024
- 083 305 2043
- 083 257 4847
- 082 557 5946
- 082 630 0167
- 082 677 8555
- 083 306 1387
- 082 062 2208
- 083 289 1360
- 071 782 1164
- 082 712 1011
- 082 376 4441
- 083 781 6691
- 083 306 4439
- 066 245 5154
- 082 448 4313
- 083 230 8444



Plek	Ermelo A vd Meulen 2023
Hoogste	7.54
Gem.	6.37
POP	48000
KV%	11.35

No.	KULTIVAR	TON/HA	VOG %
1	VPMAX8405BR	7.54	14.70
2	PAN5A291	7.51	15.20
3	US9727	7.17	12.70
4	DKC76-77BR	7.13	14.20
5	P2553W	7.05	13.10
6	US9753BR	6.93	13.70
7	US9751BR	6.81	13.70
8	P2927WBR	6.76	13.60
9	IMP53-49BR	6.71	14.20
10	US9749BR	6.65	15.60
11	LG31.743B	6.64	15.50
12	P2383W	6.35	13.80
13	DKC78-45BRGEN	6.33	15.50
14	DKC76-67BR	5.79	13.70
15	LG31.747BR	5.75	15.00
16	PAN4A111	5.59	15.00
17	P2555WBR	4.89	13.50
18	LG31.745BR	4.74	15.50
19	PAN5R547	4.63	12.90

Plek	Vredefort Barry Coetzee
Hoogste	12.45
Gem.	11.61
POP	30000
KV%	3.38

No.	KULTIVAR	TON/HA	VOG %
1	DKC76-77BR	12.45	12.70
2	US9751BR	12.34	12.80
3	VP8405BR	12.18	14.60
4	IMP53-49BR	12.02	13.30
5	DKC765-65BR	11.87	12.50
6	LG31.747BR	11.69	12.30
7	LG31.743BR	11.62	12.20
8	PAN5R-555R	11.36	12.90
9	US9749BR	11.16	13.30
10	P2927WYR	11.10	12.70
11	PAN4R-811BR	10.92	13.30
12	P2555WBR	10.57	12.60



Plek	Ermelo J Vermeulen 2023
Hoogste	10.98
Gem.	9.68
POP	48000
KV%	4.16

No.	KULTIVAR	TON/HA	Vog %
1	DKC78-78BR	10.98	16.40
2	P2362	10.79	15.30
3	P1975	10.79	15.00
4	P2432	10.78	16.40
5	PAN4P928PW	10.74	14.40
6	US9676BR	10.58	15.00
7	DKC72-76BR	10.44	13.90
8	PAN4A132	10.34	14.60
9	PAN4R.838BR	10.33	13.10
10	AG97Y028BR	10.29	13.40
11	KKS8410B	10.22	14.90
12	DKC77-26R	10.16	15.10
13	P2636	10.05	15.10
14	LG31.750	10.03	14.90
15	KKS8408BR	9.82	15.70
16	US9686R	9.74	13.80
17	PAN5P902PW	9.70	14.70
18	US9614	9.50	15.20
19	DKC68-50	9.09	14.30
20	IMP51012BR	9.04	15.90
21	LG31.648BR	8.99	12.90
22	22AST10BR	8.91	14.60
23	LAKEC282	8.70	14.80
24	US9678BR	8.30	15.00
25	20AST04BR	8.10	14.90
26	SC506	7.73	14.70
27	19AST14BR	7.28	14.50

Plek	Chrissiesmeer Frans Uys 2023
Hoogste	8.51
Gem.	6.55
POP	50000
KV%	5.33

No.	KULTIVAR	TON/HA	VOG %
1	US 9727	8.51	16.20
2	PAN 5A291	8.12	15.70
3	DKC 76-77BR	8.05	14.80
4	US 9753BR	7.98	15.10
5	US 9751BR	7.93	15.90
6	PAN 5R47	7.34	15.70
7	PAN4A 111	7.01	16.20
8	US 9749BR	6.83	15.70
9	LG 31.743B	6.66	15.80
10	DKC 78-45BR	6.64	16.90
11	DKC 76-67BR	6.60	16.30
12	VP MAX8405BR	6.58	16.60
13	LG 31.747BR	6.44	16.60
14	IMP 53-49BR	5.67	15.70
15	P 2553W	5.42	15.80
16	LG 31.745BR	3.05	16.20
17	P 1517 W	2.51	16.50

Plek	Wonderfontein ALZU 2023
Hoogste	12.08
Gem.	10.5
POP	58000
KV%	8.39

No.	KULTIVAR	TON/HA	Vog %
1	US9686R	12.08	14.20
2	P2636	11.90	15.50
3	P1975	11.84	14.60
4	SNK2224	11.64	14.80
5	DKC64-54BR	11.32	14.70
6	DKC78-78BR	11.20	16.00
7	US9676BR	11.14	15.40
8	SNK220-65BR	11.08	14.90
9	CAP9-504BR	11.01	15.60
10	PAN5P-902PW	10.89	14.90
11	PAN4R-728BR	10.78	15.00
12	US9678BR	10.71	14.80
13	DKC74-74BR	10.69	16.10
14	LG31-648BR	10.60	14.10
15	P1225	10.54	14.40
16	AG97Y02BR	10.54	15.00
17	P1788PW	10.52	14.90
18	P2432	10.51	15.70
19	KKS8408R	10.44	16.40
20	US9614	10.41	15.60
21	PAN3R-724BR	10.21	14.70
22	DKC72-76R	10.13	15.60
23	CAP9-242BR	10.10	15.40
24	DKC73-76R	10.06	15.20
25	KKS8410BR	9.97	15.60
26	IMP52-12BR	9.96	14.90
27	PAN4R-838BR	9.92	14.50
28	P1788BR	9.90	15.70
29	PAN4A-132	9.88	15.00
30	P1197YHR	9.88	15.10
31	US9632	9.24	15.60
32	P1513	9.11	14.80
33	DKC71-46BR	8.40	15.40

Plek	Clocolan Dries Van Rooyen 2023
Hoogste	3.14
Gem.	2.42
POP	280000
KV%	4.95

No.	KULTIVAR	TON/HA	VOG %
1	US 58-59R	3.14	11.40
2	PAN1644R	2.85	12.40
3	PAN1521R	2.82	12.10
4	NS6448R	2.80	11.60
5	US62-96R	2.66	11.30
6	US56-26R	2.62	11.20
7	PAN1588R	2.62	12.00
8	PAN1555R	2.62	12.60
9	P53T10R	2.60	10.80
10	PKI332	2.55	11.90
11	PAN1507R	2.54	11.90
12	PAN1502R	2.52	12.40
13	PAN1532R	2.50	12.20
14	P64T39R	2.43	12.10
15	NS5909R	2.37	11.60
16	P71T74R	2.36	12.30
17	PAN1586R	2.26	11.70
18	P48T49R	2.11	9.80
19	US64-10 IPRO	2.10	11.20
20	PKI331	2.05	11.80
21	LS6851R	1.95	11.50
22	LS6860R	1.90	11.70
23	PEX5068	1.22	12.70

Plek	Lothair Jantjie Randall 2023
Hoogste	10.38
Gem.	9
POP	44000
KV%	2.35

No.	KULTIVAR	TON/HA	VOG %
1	DKC76-71	10.38	12.70
2	P2553W	10.08	12.70
3	US9725	9.88	13.00
4	PAN4A-111	9.53	12.40
5	US9727	9.27	12.80
6	PAN3A-173	9.26	12.20
7	LG31.743	8.90	12.30
8	LG31.745	8.60	12.50
9	US9721	8.42	12.60
10	PAN5A-291	8.19	12.70
11	US9739	8.01	12.70
12	P1517	7.43	12.30



Plek	Lothair J Randell 2023
Hoogste	11.03
Gem.	9.87
POP	44000
KV%	4.12

No.	KULTIVAR	TON/HA	Vog %
1	PAN4A-132	11.03	12.80
2	P2432	10.91	12.10
3	US9614	10.60	12.70
4	DKC72-20	10.53	13.00
5	PAN4A-128	10.49	12.20
6	DKC73-72	10.42	12.60
7	LAC282	10.29	12.50
8	DKC74-20	10.29	12.70
9	PAN5A-166	10.18	12.50
10	DKC68-50	10.12	12.70
11	P1975	10.04	12.20
12	P1225	9.70	12.60
13	KKS8410	9.66	12.60
14	P2636	8.98	11.90
15	PAN4A-172	8.91	12.40
16	SC506	8.73	12.90
17	US9632	8.32	12.50
18	LG31.750	7.99	12.60



Plek	Marquard Nant Yzel 2023
Hoogste	3.23
Gem.	2.73
POP	340000
KV%	5.28

No.	KULTIVAR	TON/HA	VOG %
1	DM5302RSF	3.23	11.00
2	US56-26R	2.80	11.70
3	DM59R03RSF	2.78	12.20
4	LS6851R	2.75	11.90
5	DM68R09	2.74	12.40
6	US58-59R	2.70	11.70
7	NS6448R	2.69	11.40
8	PAN1533R	2.69	11.70
9	DM68IRR	2.67	12.30
10	NS5909R	2.57	12.00
11	PAN1588R	2.39	11.70

GEEL BASTERS

Konvensioneel	GMO
US 9506	US 9676 BR
US 9610	US 9680 BR
US 9614	US 9682 R
US 9632	US 9684 BR
US 9650	US 9686 R
US 9800 Kuilvoer	US 9688 B
US Sahara	US 9692 BR
	US 9694 BR

WIT BASTERS

Konvensioneel	GMO
US 9721	US 9729 R
US 9725 (Nuut)	US 9749 BR
US 9727 (Nuut)	US 9751 BR
US 9777	
US KEP	

SOJABONE

Bimha	Konvensioneel
US 50-14 R	Roundup
US 56-26 R	Roundup
US 58-59 R	Roundup
US 62-96 R	Roundup
US 64-10 IPRO	INTACTA RR2 PRO

KONTAK ONS
 Hoofkantoor:
 Plot 20, "Zeekoegat", Moloto Road

WITMIELIE BASTERS

CAP 9-569 RRBT

- Medium groeiseisoen Baster
- Plantestand van 20,000 –55,000
- Geskik vir droëland en aanvullende besproeiing
- Dae tot 50% blom: 70 - 80 dae
- Dae tot fisiologies ryp: 117 -145 dae
- Yieldgard Maize 2 + RoundupReady Maize 2 Tegnologie
- Moontlike toevlugsoord Baster: DKC78-35R

CAP 9-745

- Medium groeiseisoen. 125 – 130 dae
- Meerkoppigheid van 2.05 koppe per plant
- Dorspersentasie van 87%
- Medium spruite, goeie staanvermoë
- Goeie weerstand teen Diplodia Kopvrot, HT en GLS
- Opbrengs van 13.21 t/ha in Delmas gedurende 2016/17 en 21% bo gemiddeld
- Opbrengs van 7.15 t/ha in Delmas gedurende 'n baie droë seisoen en steeds 6% bo gemiddeld van proef

CAP 9021

- Allesomvattende presteerder
- Gematig lang groeiseisoenlengte
- Plant vroeg (120 - 135 dae)
- Semi-flint, groot pitte
- Lang plantstruktuur en blaarryk: 2.2 - 2.8m planthoogte
- Bestand teen meeste blaarsiektes
- Aanbevole plantestand van 48 000 plante/ha

CAP 9-619

- Hoë opbrengspotensiaal, dubbeldoel witbaster
- Graan en kuilvoer
- Medium Groeiseisoenlengte: 120-130 dae
- Semi-flint met groot pitte
- Lang en blaarryke plantstruktuur
- Weerstandbiedend teen meeste blaarsiektes

CAP 9503

- Baie aanpasbare baster
- CAP 9503 is beproef en geregistreer in die SADAC area
- Gematig tot lang groeiseisoenlente
- 68 dae tot blom
- Goeie skutbaarbeskerming
- Droogteverdraagsaam
- Bestand teen Grys Blaarvlek

CAP 9705

- Baie sterk meerkoppige baster
- Harde Dent met wit graan
- Hoofsaaklik ronde plat pitte
- Medium groeiseisoen kultivar met verdraagsaamheid teen die meeste algemene blaarsiektes.

GEELMIELIE BASTERS

CAP 122-60

- Reageer goed op kunsmis, besproeiing en hoë plantestand
- Goeie weerstand teen Noordelike Blaarskroei
- Weerstandbiedend teen Stamvrot
- Vatbaar vir Glys Blaarvlek en roes
- Graan opbrengs van 15 t/ha is al onder besproeiing behaal
- Kuilvoer opbrengs potesiaal van meer as 75 t/ha
- Goeie proteien kwaliteit

CAP 9-242 RRBT

- Vinige groeiseisoen Baster
- Plantestand van 55,000 – 100,000
- Geskik vir besproeiing
- Dae tot 50% blom: 57 - 65 dae
- Dae tot fisiologies ryp: 104 - 115 dae
- Yieldgard Maize 2 + RoundupReady Maize 2 Tegnologie
- Moontlike toevlugsoord Baster: CAP9-262 RR

CAP 9-646

- Wyd aangepaste baster
- Medium-lang groeiseisoen ± 130 – 135 dae
- Ten minste 2 koppe per plant.
- Medium spruite. Goeie staanvermoë
- Goeie weerstand teen Diplodia Kopvrot
- Relatiewe goeie weerstand teen HT en GLS
- Opbrengs van 11.15 t/ha gedurende 2015/16 seisoen en 7% bogemiddeld.
- Opbrengs van 12.96 t/ha @ 36 000 plante ha in Delmas gedurende 2016/17 seisoen en 17% bo gemiddeld



www.capstoneseeds.com

KONTAK ONS

Cecil van Rooyen - 066 305 8751 - Nasionale Verkoopsbestuurder SA
Roelf van Niekerk - 083 949 5749 - Verkoopsbestuurder: Agronomiese Gewasse Mpumalanga, Gauteng, Wes-Vrystaat, Noord-Kaap, Limpopo, Noordwes
Neville Young - 082 654 2162 - Nasionale Kleinhandelverkoopsbestuurder Oos-Vrystaat, Noord-KwaZulu-Natal Koöperasies, Swaziland en Lesotho
Mark Wattam - 082 603 8471- Verkoopsbestuurder - Oos-Kaap; Swaziland en Namibië
Steve Thomson - 082 327 8083 - Tegniese Verkoopsvertegenwoordiger - KZN

25 JAAR BETROKKE IN DIE SAADBEDRYF



Capstone Seeds is al langer as 25 jaar betrokke in die saad- en landboubedryf in Suid-Afrika. Dié ervaring slaan deur in die navorsing, ontwikkeling, produksie en bemarking van sy saad deur sy bekwame personeel wat menige Boere breed laat glimlag.

In sy arsenaal produkte is 'n wye reeks geel- en witmieliebasters wat wyd aangepas is en uitstekende kultivareienskappe het. Capstone Seeds se saadteelprogram is gegrond op klimaatsverandering, die omgewing en die Boer.

Capstone Seeds se mieliebasters is wyd aangepas en het uitstekende kultivareienskappe wat in enige boer se behoeftes sal voorsien, wat die volgende insluit:

- Aangepas by hoë potensiaal, sowel as marginale areas en grondtipes
- Stronkboorder/Roundup Ready, sowel as konvensionele basters
- Siekte en droogte verdraagsaamheid
- Bekostigbaar en mededingende prys
- Graan en kuilvoer
- Vinnig tot lang groeiseisoen kultivars

Capstone Seeds, bied aan u produkte van die hoogste gehalte wat die beste opbrengs lewer. Bel ons vandag om jou bestelling te plaas.



CAP 9-569 RRBT



CAP 9-745



CAP 9021



CAP 9-619



CAP 9503



CAP122-60



CAP 9-242 RRBT



CAP 9-646

Toediening van stikstof en swael in sojabone

deur Bongani Nkutha, VKB-landboukundige

Sojaboonproduksie in Suid-Afrika het die afgelope vyf jaar dramaties toegeneem. Die persentasieverandering van die vyfjaargemiddelde toon 'n 38% en 51% verskil in onderskeidelik die uitbreiding van die area wat verbou word, en 'n toename in tonne wat geproduseer word. Hierdie toename word toegeskryf aan die toenemende belangrikheid van die gewas vir die samelewing; dit is tans plaaslik én internasionaal 'n belangrike bron van proteïen. Om hierdie en verskeie ander redes verhoog meer Suid-Afrikaanse produsente hul sojaboonproduksie, aangesien dit hoog in aanvraag is, veelsydig is en sy prysverhouding met ander kontantgewasse op die wêreldmark verbeter het.

Die besluit om meer sojabone te produseer kom ook as 'n bestuursplan, om óf produksiekoste te besnoei óf dit as 'n rotasiegewas in produksieprogramme te gebruik. Dit het daartoe gelei dat produsente staatmaak op óf a) net inokulasie, óf b) op inokulasie en beginnerbemesting, óf c) op inokulasie, beginnerbemesting en grondbedekking, óf d) net op beginnerbemesting, wat produksiekoste verminder in vergelyking met ander graangewasse. Die meeste produsente en navorsers glo dat sojabone beter reageer op residuele grondvrugbaarheid as op direkte bemesting.

Dit word ook wyd aanvaar dat sojabone in staat is om voldoende stikstof uit die atmosfeer te absorbeer, 'n optimale opbrengs daarmee te produseer en steeds genoeg daarvan in die grond vir die volgende gewas oor te laat. Die kontroversie is egter of sojabone stikstofneutraal is, wat beteken dat dit geen ekstra stikstof vir die volgende gewas oortuig nie, of dat dit minder stikstof

in die grond laat as toe dit aanvanklik geplant was. Dit is egter belangrik om daarop te let dat die voedingstofvereistes van sojabone per ton opbrengs aansienlik hoër is as dié van ander gewasse (Tabel 1).

Table 1: Voedingstofverwydering van verskeie gewasse

Gewas	Voedingstofverwydering per ton opbrengs (kg)		
	N	P	K
Mielies	15	3	3,5
Koring	22	4	4,3
Sojabone	65	6	19

Stikstofbinding

Die atmosfeer bestaan uit 78% stikstof (N₂), maar dit is ontoeganklik vir plante in hierdie vorm. Hierdie stikstof kan slegs voordelig wees vir sojaboonplante deur 'n simbiotiese verhouding wat dit vorm met *Rhizobium*-bakterieë, om dit in die grond te bind, dit in toeganklike vorms om te skakel en dit geredelik beskikbaar te maak vir gebruik deur die plant om aan sy stikstofvereistes te voldoen. Vir hierdie proses om suksesvol te wees, moet die sade behoorlik geïnkuleer word met die toepaslike bakteriële stam (*Bradyrhizobium japonicum*) voordat hulle geplant word. Die wortels begin knoppies vorm by die V2-groeistadium om die bakteriële teen siektes te beskerm en energie aan hulle te voorsien.

Die doeltreffendheid en doelmatigheid van die knoppies word gemeet aan die aantal en grootte, plasing en kleur van daardie knoppies. Hoogs effektiewe en doeltreffende knoppies moet meer as ses wees by V2 en hulle moet dik en rooi/pienk wees

wanneer hulle oopgesny word.

'n Groep navorsers by VKB het 'n inokulasie-eksperimentele proef op rou grond uitgevoer en die wortels van die onbehandelde kontroleplant het geen knoppies gehad nie terwyl die ander plante wat geïnkuleer was, knoppies gevorm het. Figuur 1 hieronder wys die wortels van twee sojaboonplante uit die proef.



Uit dieselfde proef was dit maklik om tussen 'n geïnkuleerde plot en een wat nie geïnkuleer is nie, te onderskei. Figuur 2 hieronder wys die morfologiese verskil tussen die onbehandelde kontroleplant en een van die plante wat met 'n inokulant behandel is.



Figuur 2: Die fisieke verskil in sojaboonplante wat nie geïnkuleer is nie – die kontrole (links) en dié wat wel met 'n inokulant behandel is (regs).

Die stikstofbindingproses speel 'n noodsaaklike rol om te verseker dat die sojaboonplant genoeg stikstof ontvang om dit onafhanklik van anorganiese stikstof te maak. Hierdie proses maak egter slegs 50% tot 60% van die totale stikstofvoorsiening uit. Daarom kan addisionele stikstof nodig wees om te verseker dat voldoende stikstof beskikbaar is gedurende die groeiperiode van die gewas en dat hoë opbrengste behaal word.

Stikstofbemesting

Stikstofopname is direk gekoppel aan verhoogde sojaboonopbrengste. Hierdie stikstof is noodsaaklik in die aanvanklike groeistadia van die gewas wanneer dit uit die grond ontkiem, omdat dit die wortels help met voedingstowwe en wateropname. Namate die plant groei, speel stikstof 'n noodsaaklike rol in fotosintese en die algemene groei en ontwikkeling van die gewas. Die piekstikstofvraag is wanneer peule begin vul, omdat die opbrengs, saam met die proteïeninhoud, indirek op hierdie stadium bepaal word.

Daar is verskeie ander faktore, soos klimaat, vogstres, ensovoorts, wat ook 'n rol speel in opbrengsvermin-

dering, maar hulle is nie noodwendig opbrengsbepalende faktore nie. Volgens Van Biljon (2016) is 'n aanvanklike toediening van ten minste 10 tot 20 kg N/ha by planttyd noodsaaklik wanneer die grond nie voldoende vrugbaar is nie, en addisionele stikstoftoediening kan voordelig wees tydens die V1- en R5-groeistadia.

Van Wyk (2016) voer aan dat aanvanklike toedienings noodsaaklik is, maar addisionele toedienings is nie nodig nie aangesien hy in gebrek gebly het om 'n toename in opbrengs te behaal in 'n proefneming wat hy uitgevoer het. In die proefneming is genoeg stikstof op die sojabone toegedien in elke enkele groeistadium, maar dit het nie tot enige merkwaardige toename in opbrengs gelei in vergelyking met die gebruik van stikstof net van inokulasie alleen nie.

Ander navorsers het in sommige gevalle 'n toename in opbrengs behaal, maar dit was nie finansiële lewensvatbaar nie.

VKB voer tans 'n eksperimentele proef uit waar twee verskillende stikstofbronne by vyf verskillende toedieningskoerse aangewend word

as addisionele stikstof om die invloed daarvan op die opbrengs en gehalte van sojabone te meet. Een van die twee stikstofbronne bevat 5% swael, en dit is om die invloed van hierdie voedingstofelement op opbrengs en gehalte te identifiseer.

Swaelbemesting

Swael is 'n noodsaaklike voedingstofelement wat nodig is vir die verbetering van die ontwikkeling van wortelknoppies, die handhawing van hoë opbrengste, en die verhoging van die proteïen- en oliekonsentrasies van sojabone. Dit word vereis vir die sintese van aminosure en proteïene, en verseker dus hoëgehalte sojabone. Dit is belangrik om swaelsuurhoudende bemestingmiddels soos ammoniumsulfaat (AMS) en Greensulf (35) te gebruik wanneer sojabone swael vir onmiddellike opname benodig. Dit is ewe doeltreffend om dit op die oppervlak toe te dien of dit in die grond te inkorporeer. Daarom hang die gerieflikste manier van die toediening van swael af van die toerusting tot beskikking van die produsent. Enige koers van tussen 10 en 25 kg S/ha is voldoende om 'n goeie opbrengs van goeie gehalte sojabone te verseker.



Maksimaliseer gewasopbrengste met Starke Ayres se uitsonderlike mieliesaadvariëteite

Behaal sukses met Starke Ayres se mieliesaadvariëteite – Sahara wat 'n geel mielie is, en Zama Select, 'n wit mielie. Sahara is 'n hoë-opbrengs- droogtebestande mieliesaad wat homself reeds bewys het as 'n spelwisselaar by baie boere wat met uitdagende omgewingstoestande te doen kry. Sy vermoë om in droë en onvrugbare streke te floreer maak dit 'n waardevolle bate in die bevordering van voedselsekerheid in sulke streke.

Aan die anderkant is Zama Select nog 'n toppresterende mieliesaad wat gewild is vir sy uitstaande gehalte en uitstekende siekteweerstand. Hierdie variëteit het konsekwent indrukwekkende opbrengste gelewer en veerkragtigheid teen algemene peste en patogene getoon, wat tot 'n suksesvolle en stewige opbrengs gelei het. Danksy innovasie en gehalte kan boere op hierdie uitsonderlike mieliesaadvariëteite vertrou om hul mielie-oeste te optimaliseer en by te dra tot volhoubare landboupraktieke.

Bly een tree voor peste: Beskerm jou mielie-oes met Kombat!

Mieliegewasse is 'n noodsaaklike voedselbron vir tallose gemeenskappe regoor die wêreld. Tog word hierdie waardevolle gewasse dikwels bedreig deur verskeie plae wat verwoesting op oeste kan saai. Onder die mees berugte sondaars is stamboorders, slakke en snywurms. Om jou mielielande te beveilig en 'n goeie oes te verseker is dit noodsaaklik om doeltreffende plaagbeheermaatreëls toe te pas, en drie hoogs doeltreffende oplossings staan uit: Kombat Stalkborer, Snails Bait en Cutworm Bait.

Kombat Stalkborer

Kombat Stalkborer is 'n formidabele wapen teen die stamboormot. Hierdie plaag het 'n reputasie dat hulle tunnels in die mieliestronk boor, wat strukturele skade veroorsaak en tot oesverliese lei. Kombat Stalkborer is spesifiek gevormuleer om hierdie larwes te teiken en te elimineer, wat hul lewensiklus onderbreek en verdere skade in jou waardevolle gewasse voorkom.

Kombat Snail Bait

Slakke en naakslakke is skelm indringers wat sagte mielieplante vinnig kan verorber en 'n aansienlike bedreiging vir jong gewasse inhou. Deur die gebruik van Snail Bait word hulle doeltreffend gelok en geëlimineer deurdat dit 'n beskermende versperring bied wat hulle weghou van die mielies af. Die produk is veilig vir die omgewing en nie giftig vir mense en diere nie,

dis 'n omgewingsvriendelike oplossing om jou mielielande vry te hou van hierdie verpestelike indringers.

Kombat Cutworm Bait

Snywurms is berug vir hul nagtelike eetgewoontes waartydens hulle jong mielieplante op grondvlak afvreet. Dit kan tot rampspoedige oesverliese lei, veral tydens die vroeë groeistadiums. Cutworm Bait is 'n betroubare beskerming teen hierdie gulsige ruspes, gevormuleer om hulle weg te lok en te elimineer voordat hulle beduidende skade kan aanrig.

Verseker só die beste resultate

Om die beste resultate te verseker, is dit belangrik om hierdie plaagbeheermiddels op die regte tyd en volgens die vervaardiger se aanbevelings aan te wend. Daarbenewens moet geïntegreerde plaagbeheertegniese ook toegepas word, soos gewasrotasie en behoorlike veldhigiëne, wat die beskerming van jou mielieoeste kan bevorder. Onthou, die beveiliging van jou mielieoes is nie net essensieel vir jou lewensbestaan nie, maar ook vir die bydrae tot wêreldwye voedselsekerheid. Deur Kombat Stalkborer, Snails Bait en Cutworm Bait te gebruik, kan jy met volle vertroue die uitdagings van plaagbeheer die hoof bied en jaar na jaar gesonde en mildadige mielieoeste lewer.

Kombat Stalkborer-korrels is 'n ge-



bruiksgereed insekdoder vir die beheer van stamboorders in mielies. Hierdie produk is teikenspesifiek, maklik om aan te wend en sal nie mielieplante skroei nie. Samestelling: Aktiewe bestanddeel: Carbaryl (Carbamate) – 25 g/kg

Kombat Cutworm Bait is 'n verkorrelde insekdoder vir die beheer van snywurms op blomme, groente en struik. Samestelling: Aktiewe bestanddeel: Sodium Fluosilicate – 100 g/kg

Kombat Snail Bait is 'n verkorrelde aas vir die beheer van slakke en naakslakke. Kan doeltreffend aangewend word in wingerde, op grasperke, in blom- en groentetuine. Samestelling: Aktiewe bestanddele: Metaldehyde – 30 g/kg, Carbaryl – 20 g/kg

Geregistreer deur: KOMBAT (Edms.) Bpk. Reg.-no. 2009/023766/07
Kombat Stalkborer-korrels, reg.-no. L2491 – Wet 36 van 1947 · Kombat Cutworm Bait, reg.-no. L0022 – Wet 36 van 1947 · Kombat Snail Bait, reg.-no. L2848 – Wet 36 van 1947



Transform Your Maize Cultivation with Starke Ayres: Sahara and Zama Select Seeds



KynoVeg

FOR A BURST OF FLAVOUR AND GOODNESS, USE KynoVeg for your vegetables and herbs

KynoVeg®, for edibles, is a complete range of elements essential for soil preparation just before planting. It revitalises soil, maximises crop yield, and optimises the nutrient value of the produce with a full range of essential micro nutrients.

Besikbaar by jou naaste tak

vkb ntk



Member of the PLENNEGY GROUP

Stay One Step Ahead of Pests: Safeguard Your Maize Crop with Kombat!



KOMBAT STALKBORER GRANULES is a ready-for-use granular insecticide for the control of stalkborer in maize. This product is target specific, easy to apply and will not scorch maize plants.

COMPOSITION

Active Ingredient: Carbaryl (Carbamate) – 25g/kg



KOMBAT CUTWORM BAIT is a granular insecticide for the control of cutworms on flowers, vegetables and shrubs.

COMPOSITION

Active Ingredient: Sodium Fluosilicate – 100g/kg



KOMBAT SNAIL BAIT is a granulated bait for the control of snails and slugs. Can be used effectively in vineyards, on lawns, flower and vegetable gardens.

COMPOSITION


Active Ingredient: Metaldehyde – 30g/kg
Carbaryl – 20g/kg

Registered by: KOMBAT (PTY) Ltd Reg. No. 2009/023766/07
Kombat Stalkborer Granules Registration No. L2491 – ACT 36 OF 1947 • Kombat Cutworm Bait Registration No. L0022 – ACT 36 OF 1947 • Kombat Snail Bait Registration No. L2848 – ACT 36 OF 1947

CONTROLS AND PROTECTS


Trots Suid-Afrikaanse sonneblomgenetika



 OPBRENGSSTABILITEIT

 SIEKTEWEERSTAND

 STAYGREEN-EIENSKAP

 AANPASBAARHEID

 AGRONOMIESE EIENSKAPPE

 **Clearfield[®] Plus**
Produksiestelsel

- AGSUN 5103CLP
- AGSUN 5106CLP
- AGSUN 5108CLP
- AGSUN 5109CLP

- KONvensionele PAKKET**
- AGSUN 5270
 - AGSUN 5278
 - AGSUN 8251

Clearfield[®]Plus is 'n geregistreerde handelsmerk van BASF.

Plant in die kol, plant **agricol**
aan die groei

(DEEL 3)

LEER KEN SUID-AFRIKA SE INHEEMSE BOME

Na aanleiding van die artikels oor uitheemse indringerspesies het **Hannelie Cronjé** 'n gids van inheemse bome begin saamstel om 'n aanduiding te gee van watter mooi bome inheems aan ons land is. In hierdie uitgawe kyk ons na nog 'n paar van hierdie besonderse bome.

Acacia tortilis
Haak-en-steek (Afrikaans) en Umbrella Thorn (Engels)

Die haak-en-steek is 'n geharde, bladwisselende, droogtebestande, stadiggroeiende sambreelvormige Akasia. Dit dra 'n groot klomp geurige wit poeierwasblommetjies vanaf November tot Januarie gevolg deur kenmerkende gekrulde peule wat in die wind ritsel.

Alle dele van hierdie boom is voedsaam. Dit het beide krom en reguit dorings wat dit die perfekte habitat vir voëls maak wat neste bou. Die bas het diep gleuwe en wanneer ligene daarop vorm, is dit regtig baie mooi. Hierdie is die tipiese Akasia wat met die Afrika-grasvlaktes geassosieer word. Dit groei 'n bietjie stadig, maar dis die wag werd aangesien dit in 'n lieflike sambreelvorm ontwikkel. Die teenwoordigheid van die haak-en-steek is 'n aanduier van soet weiveld en die boom het 'n voorkeur vir diep grond. Die boom kan ook in kleiner tuine geplant word aangesien dit selde 'n baie groot boom word. Die haak-en-steek lok voëls en skoelappers na die tuin.
Grootte: 1 tot 15 m

Acacia xanthophloea
Koorsboom (Afrikaans) en Fever Tree (Engels)

Die koorsboom is 'n opvallende lang, bladwisselende, snelgroeiende boom met 'n kenmerkende geelgroen bas. Dit dra geurige geel blommetjies van Augustus tot November en is 'n gunsteling vir nes maak onder voëls. Die koorsboom is redelik gehard (beskerm dit net teen ryp wanneer die boom nog jonk is), maar aangesien dit 'n aanduier van waterteenwoordigheid is, moet dit regdeur die jaar gereeld natgemaak word, veral wanneer die boom nog jonk



is. Die boom kan ook vir die grootste gedeelte van die jaar groot hoeveelhede water deurstaan.

Aangesien die boom nie baie skaduwee verskaf nie, kan baie plante en gras steeds onder die boom groei. Wanneer 'n klomp van hierdie bome saam in 'n groep geplant word waar die sonlig op die stamme kan speel, het dit nogal 'n dramatiese effek.

As 'n mens die stam van ou bome van nader bekyk, lyk dit asof die bas met hiërogliewe bedek is.

Grootte: Tot 30 m

Adansonia digitata

Kremetartboom (Afrikaans) en Baobab, Cream of Tartar tree, monkey-bread tree, lemonade tree (Engels)

Die kremetartboom is 'n redelik geharde, wesentlike Bosveld-boom wat matige koue kan verduur, maar nie baie koue winde nie.

Hierdie is die legendariese "onderstebo boom" met die takke wat baie dik en redelik kort is, wat maak dat dit meer soos wortels as soos takke lyk. Die heldergroen gevingerde blare het soms vyf en soms drie klein blaartjies.

Dit dra saans vanaf Oktober tot Desember lieflike wasagtige, wit, gegeurde blomme, maar die blomme leef nie lank nie. Die blomme gaan saans oop, gereed om bestuif te word deur veral vrugtevlermuise, maar ook deur baie insekte en ander lewende wesens wat die blomme tydens bestuiwing besoek. Soggens val die blomblare af.

Die dra saans vanaf Oktober tot Desember lieflike wasagtige, wit, gegeurde blomme, maar die blomme leef nie lank nie. Die blomme gaan saans oop, gereed om bestuif te word deur veral vrugtevlermuise, maar ook deur baie insekte en ander lewende wesens wat die blomme tydens bestuiwing besoek. Soggens val die blomblare af.



om in tuine, parkeerterreinde en lanings te plant. Plant dit in 'n beskermde area in komposryke grond in die skadu of in direkte son.

Gebruike: Die ligbruin hout word gebruik vir blokkiesvloere en die boom het talle medisinale en tradisionele gebruike.

Grootte: 10 tot 25 m



Dit word gevolg deur groot, eivormige, housterige, fluweelagtige vrugte wat, wanneer dit oopgebreek word, gevul is met heerlike wit suursuikerpoeier.

Daar is talle mites en legendes oor die kremetartboom. Party van hulle word gereken om meer as 2 000 jaar oud te wees.

Die kremetart kan in plantbakke geplant word in goedgedreineerde grond. Moet hulle nie té nat maak nie. Hulle kan ook buite geplant word indien daar groot genoeg ruimte vir hulle is, aangesien hulle baie groot kan word. Om behoorlik te groei moet hulle in 'n sonnige of semi-skadu-geplant word.

Grootte: 10 tot 15 m

Albizia adianthifolia

Platkroon (Afrikaans) en Flatcrown (Engels)

Die platkroonboom is 'n manjifieke, semi-geharde, groot, bladwisselende, wydverspreidende boom met 'n baie kenmerkende plat kroon. Die growe, grysbruin bas bars oop in vierkante en lyk soos krokodilvel. Dit het redelike lang donkergroen saamgestelde blare.

Hierdie boom dra van Augustus tot Desember groot hoeveelhede soetgeurde, groenerige wit blomme met lang stammetjies wat amper soos 'n geronde poeierkwas lyk. Die hope nektar lok groot hoeveelhede skoenlappers wat op die boom broei. Beide insekvetende en nektarvretende voëls word deur die blomme gelok. Die boom dra bleek, papieragtige peule.

Vir groter areas is dit 'n lieflike skadu-boom en dit is ook die ideale boom



Ibiza versicolor

Grootblaarvalsoringboom (Afrikaans) en Poison Pod Albizia (Engels) Platkroon (Afrikaans) en Flatcrown (Engels)

Die mooi grootblaarvalsoringboom is 'n redelik geharde, groot (in warm gebiede), mooi gevormde, bladwisselende boom met groot fluweelagtige saamgestelde blare en grys-groen bas wat met ouderdom al hoe meer getekstureer raak.

Dit dra groot semi-sferiese poeierkwasblomme wat van Oktober tot Desember hul verskyning maak wanneer die nuwe blare uitkom. Die blomme lok insekte na die tuin.

Die peule is giftig vir beeste en skape. Die boom het grond nodig wat goed dreineer om sy volle potensiaal te bereik as 'n mooi skaduboom of 'n sierboom in 'n groter tuin.

Gebruike: Dit word vir medisinale doeleindes gebruik en die gesogte hout is soortgelyk aan kiaathout.

Grootte: 7 tot 20 m

die oksels van die blare. Die vroulike blomme is groter as die manlike blomme en elke blom groei op sy eie. Die aantrekklike geel vrugte hang aan lang stiele onder die takkies.

Die plant groei goed in skaduwee of semi-skaduwee in komposryke grond. Dit verdra selfs swak gedreineerde grond.

Gebruike: 'n Aangeplante heining om 'n huis van hierdie bosse hou glo weerlig weg.

Die plant word ook vir verskeie medisinale doeleindes gebruik.

Grootte: 3 tot 4 m



Apodytesdimidiata

Witpeer (Afrikaans) en White Pear (Engels)

Die witpeerboom is 'n geharde immergroen, mooi gevormde, redelik snelgroeiende boom met 'n digte, donkergroen blaregroei.

Digte spriete met spierwit blommetjies met 'n sterk aroma maak van September tot April hul verskyning, veral ná goeie reën. Die blommetjies lok talle bestuiwende insekte na die tuin. Bye besoek die blommetjies vroeg soggens, wanneer die geur op sy sterkste is. 'n Briesie versprei die klein blomblaartjies soos konfetti in die tuin.

Die blommetjies word opgevolg deur baie dekoratiewe bosse swart bessies met 'n vlesige rooi "kappie" wat voëls na die tuin lok. Die stam is wit, en in ouer bome groei ligene in kolle daarop.

Hierdie boom is ideaal om in tuine aangeplant te word en is dikwels die onderwerp van bespreking. Die bome kan selfs as 'n laning aangeplant word of op sy eie in 'n kleinerige tuin.

Om 'n woud-effek te skep kan dit in groepe bymekaar geplant word. Die hout is 'n baie mooi pienkbruin kleur. Die witpeerboom het talle tradisionele gebruike.

Grootte: 5 tot 10 m



Andrachne ovalis

Valsbliksembos (Afrikaans) en False Lightning Bush (Engels)

Die valsbliksembos is 'n redelik geharde struik of kleinerige boom met 'n gladde, liggrys bas en aantrekklike donkergroen blare met blougerige onderkante.

Die boom dra vanaf November tot Maart klein bossies wit blommetjies in

Bauhinia petersiana

Kalahari-bauhinia (Afrikaans) en Ka-lahari Bauhinia (Engels)

Die Kalahari-bauhinia is 'n geharde, bladwisselende wydspreidende bos met mooi grysgroen tweelobbege blare wat soos skoenlappervlerke lyk.

Dit dra lieflike, frillerige, groot, geurige wit blomme in Desember en Januarie. Die bos benodig volle son om op sy beste blomme te dra. Ligte snoei lei tot meer blommedrag.

Hierdie droogtebestande plant groei goed in 'n beskermde posisie in kouer gebiede en vereis grond wat goed dreineer. Lank gelede is die sade van die plant as 'n vervanger vir koffie gebruik.

Grootte: 2 tot 4 m



Basionym Bolusanthus-speciosus

Vanwykshout (Afrikaans) en Tree Wisteria (Engels)

Die Vanwykshout is 'n geharde, grasieuse, effe bladwisselende, droogtebestande boom met grysgroen blare. Die groot trosse pers blomme wat tussen September en Oktober aan die boom hang, maak hierdie boom uitsonderlik mooi. Hierdie bome se besondere voorkoms maak hulle baie gewild vir laning-aanplantings. Dit mag aanvanklik stadig groei, maar dit is beslis die geduld werd. Die bome is ook 'n goeie keuse vir kleiner tuine. Beskerm die jong boompies net teen ryp. Hierdie bome hou van 'n sonnige, warm kol in die tuin.


Dit is beslis een van ons heel mooiste inheemse bome, en blyk ook in die natuur 'n baie gewilde keuse onder apies, gemsbokke, kameelperde en die gryskuiker te wees, wat almal die peule en blare vreet.

Gebruik: Die hout is uiters gesog onder skrynwerkers wat daarmee meubels maak. Dit werk ook goed vir die vervaardiging van lamskerms en ander voorwerpe.

Die regop stamme is baie hard, termietbestand en word ook as hoekpale gebruik.

Die wortels van die bome word vir maagmedisyne gebruik en die binneste deel van die bas word vir medisyne vir maagkrampe gebruik.

Grootte: 4 tot 7 m



Basionym Boscialbitrunca

Witgat (Afrikaans) en Shepherd's Tree (Engels)

Die witgatboom is 'n baie geharde, droogtebestande boom met 'n mooi gladde bas wat gryserig is wanneer die boom jonk is en al hoe witter word hoe ouer die boom word. Trosse grysgroen blare skep 'n digte geronde kroon.

Die boom dra sterk gegeurde bosse geelgroen blomme van Julie tot November. Die blomme lok massas bestuivende insekte en skoenlappers en is 'n belangrike gasheerplant vir skoenlappers. Die blomme word gevolg deur vlesige, ronde, gelerige vrugte. In die droë gebiede, waar hierdie bome groei, is hierdie vrugte 'n belangrike voedselbron vir beide diere en mense. Dit is vanweë hierdie feit dat die boom ook "die boom van lewe" genoem word.

Die boom groei stadig, maar dit is beslis die geduld werd omdat die volwasse boom so besonder mooi is. Dit moet geplant word in grond wat goed dreineer in die son of semi-skadu.

Gebruik: Dit is 'n baie belangrike medisinale plant.

Grootte: Tot 7 m



Berchemiazeyheri

Rooi-ivoor, rooihout (Afrikaans) en Red Ivorywood, purple ivory, pink ivory (Engels)

Die rooihoutboom is 'n geharde, netjies gevormde, bladwisselende boom met 'n reguit stam en gladde, grysgroen blare. Die aantrekklike grysgroen blare het 'n kenmerklike are en in die natuur vreet 'n groot aantal diere daaraan.

Die onopvallende geelgroen blommetjies maak hul verskyning van September tot Desember en lok talle insekte en bye na die tuin. Die blommetjies word opgevolg deur heerlike eetbare vruggies wat soos kersies lyk, en lok al die voëls van die omgewing. Die boom moet geplant word in grond wat goed dreineer en kan ook in 'n houer geplant word.

Bonsai-entoesiaste is ook lief vir die rooihoutboom.

Grootte: Tot 6 m hoog



Bron: <https://www.randomharvest.co.za/South-African-Indigenous-Plants>

OTTOSHOOPO DOLOMIET PLUS⁺

MEER KALSIUM

MEER MAGNESIUM

MEER GROEI

FYNSTE PARTIKELGROOTE MET MEER GEKONSENTEERDE SUIWERHEID PER TON, MAAK OTTOSHOOPO DOLOMIET PLUS⁺ DIE NOMMER 1 DOLOMIET IN SA

- + Voorsien jou grond met meer gekonsentreerde kalsium & magnesium
- + Verbeter die opname van die belangrikste plantvoedingselemente (stikstof, fosfor & kalium)
- + Verseker vinniger ekonomiese voordeel

TEL: 0860 103 515
EPOS: kalk@sakg.co.za

www.sakg.co.za

SA KALK & GIPS
LIME & GYPSUM
WITKOP MINE | MYN

(DEEL 4) BEHEERMETODES vir uitheemse indringerplante:

Soos reeds in die vorige drie artikels in hierdie reeks gesien, kan 'n verskeidenheid metodes gebruik word om uitheemse indringerplante mee te beheer. Die metodes wat gekies word, sal afhang van die spesies betrokke, die landskap, die seisoen en die beskikbare hulpbronne, soos in die vorige afdeling bespreek. Die beste langtermynsukses word behaal met 'n kombinasie van verskillende metodes, wat as 'n geïntegreerde benadering tot indringerbeheer bekend staan.

Hier is eenvoudige instruksies vir die **vier hoofmetodes** van indringerbeheer, naamlik hand-, meganiese, chemiese en biologiese beheer.

1 HANDBEHEER VAN INDRINGERPLANTE – WAT BEHELS DIT?

Handbeheer is wanneer 'n werker elke uitheemse indringerplant verwyder of vernietig deur dit met die hand uit te trek, af te sny, uit te grawe, te ringeleer of die bas af te stroop. Omdat dit so arbeidsintensief is, is dit die beste metode om vir kleiner digthede, saailinge, alleenstaande plante, plante met vlak wortels, of in baie sensitiewe gebiede te gebruik.

Uittrek met die hand

Uittrek met die hand is die effektiwste wanneer plante klein is (30 cm), onvolwasse is of vlak wortels het, en nadat dit gereën het.

Gebruik handskoene en vat die plant stewig vas aan die stingel net bokant die wortel.

Trek hard en verwyder die plant met wortel en al.

Deur rondom die wortelgebied van die plant te skop, kan help om die wortelstelsel los te maak sodat dit makliker is om die plant uit te trek.

Skud die oortollige sanderige materiaal van die plant af om te verseker dat meer plante vrek en sodat dit makliker is om te stapel en ligter is om te vervoer.

Afsny

Kap of sny is die effektiwste vir jong plante wat te groot is om met die hand uit te trek, of plante met houtagtige stingels.

Dit is die beste metode om te gebruik op plante wat nie herspruiters is nie. In die geval van herspruiters ("coppicing"), moet afkap met chemiese

behandeling van die afgesnyde stompe gekombineer te word.

Gebruik implemente soos pangas (kappers/kapmesse), handsaie, boogsae en byle om die plante so laag moontlik af te sny.

Onthou om beskermende klere te dra en hou spanlede minstens twee armlengtes van mekaar sodat hulle mekaar nie met die gereedskap raak sny of kap nie.

Stapel verwyderde materiaal in hope van 2 m hoog en 3 m wyd.

Uitgrawe

Die uitgrawe van uitheemse indringerplante behels die gebruik van gereedskap soos skoffelpikke, boomuittrekkers ("tree poppers") of grawe. Die hele plant en wortel moet verwyder word.

Grawe rondom die plant om te verseker dat die grond om die wortelstelsel goed losgemaak word.

Grawe onder die wortels, oefen druk uit en draai en trek die hele plant uit. Om die plant te skop kan help om dit los te maak, maar wees versigtig as die plant saad skiet omdat droë sade kan loskom.

Stapel verwyderde materiaal in hope van 2 m hoog en 3 m wyd.

Ringelering

Omdat die boom met hierdie metode bly staan, word dit net vir alleenstaande bome of baie laedigheid-indringing aanbeveel en nie vir digte stande nie. Ringelering op stamme

met 'n kleiner omtrek is oneffektief en dit sal vinniger wees om die boom net af te kap.

Ringelering moet gebruik word op bome waarvan die stamme se deursnee meer as 150 mm is en dit te veel tyd sou neem om dit af te kap, die takke te verwyder en te stapel.

Basale basbehandeling kan in sommige gevalle as alternatief oorweeg word.

∞ Kappers of byle moet vir basverwydering gebruik word.

∞ Verwyder die bas en kambium (buitenste ringe waar die stam groei) in 'n aaneenlopende strook van minstens 25 cm wyd om die stam, en begin so laag as moontlik.

∞ Waar skoon ontbassing as gevolg van skeure in die stam of ontblote wortels nie moontlik is nie, moet 'n kombinasie van ontbassing en basale stambehandeling uitgevoer word.

∞ Om spesies wat aggressief herspruit ("coppicing") beter te beheer, kombineer ringelering met ontbassing.

Ontbassing

Ontbassing is die verwydering van bas van die stam tussen die grondvlak en 1 m bo die grond. 'n Geskikte onkruid-doder kan saam met hierdie metode aangewend word. Toediening moet deur middel van 'n laedruk-, grootdruppelsproei deur 'n smal, soliede keëlsproei of met 'n verfkwas plaasvind.

Ontbassing, ringelering en verwonding as metodes moet nie op enige bome toegepas word wat langs riviere of infrastruktuur groei nie. Behandelde bome wat vrek of reeds dood is, kan in riviere val en die watervloei blokkeer, of infrastruktuur soos paaie, heinings, geboue en kraglyne beskadig.

1. Ontbassing verwyder die floeëmlaag van die plant, wat veroorsaak dat die plant mettertyd vrek. © Rodney February / WWF
2. Ringelering word vir groter bome gebruik. © Saskia Fourie / WWF



2 MEGANIESE BEHEER VAN INDRINGERPLANTE – WAT IS DIE OPSIES?

Meganiese beheer behels die gebruik van masjinerie om UIP's te verwyder en is dikwels die effektiwste by groter, individuele plante. Koste-effektiwiteit, bevoegdheid van personeel en veiligheid bly belangrike oorwegings.

Stootskrapers

Hoewel masjiene soos stootskrapers nog krag kan byvoeg om hardnekige indringing te verwyder, het die gebruik van swaar masjinerie ernstige beperkings:

- Die versteuring van die grond en plantegroei sal tot 'n verlies aan natuurlike biodiversiteit lei.
- Stootskrapers skep 'n vars saadbed vir die ontkieming van meer indringerspesies.
- Daar is ook onvoorsiene gevolge wat die kompaktering van die grond veroorsaak.

As gevolg van hierdie beperkings laat wetgewing wat natuurlike veld, oewergebiede en vleilande beskerm, die gebruik van swaar masjinerie slegs toe in gebiede wat reeds versteur is, soos byvoorbeeld bewerkte grond, brandbane en padrande.

Stootskrapers is al met wisselende resultate vir die verwydering van uitheemse indringerplante gebruik.

- Die gebruik van masjinerie om uitheemse indringerplante te verwyder moet aan die relevante wetgewing voldoen.
- Die lem moet 15 tot 20 cm bokant die grond bly om die plante te vang en te stoot sonder om te veel grond op te kraap.
- Die mengsel van grond en plante

wat so ontstaan maak die verwydering van plantmateriaal moeilik en duur. Opstapeling in rye is die beste opsie.

Afkaptoerusting

Afkap is geskik waar bome met behulp van kettingsaie, boogsae, bossieslaners of -kappers afgekap en verwyder kan word. Waar bome nie verwyder kan word nie (teen steil hellings) is dit beter om nie die bome af te kap nie, maar dit eerder te beheer waar hulle staan. Waar moontlik moet groot bome só afgekap word dat hulle opdraand val. Afgekapte bome se takke moet verwyder word.

Neem die windrigting in ag wanneer groot bome met kettingsaie afgesaag word. Begin altyd windaf.

Swaar rollers

Swaardiens-bosbourollers word gebruik om afval van plantasies te vermolm nadat al die bome afgekap is. Dit is al met sukses gebruik om indringerplante te verwyder as deel van 'n gekombineerde program waar vuur ook gebruik is. Die swaar roller kan ná brande op medium tot digte stande van jong saailinge (saailinge tot 2 m in hoogte en <30 cm in deursnee) gebruik word. Vuur kan ook gebruik word om die platgedrukte materiaal te verwyder.

Swaar masjinerie kan op verskillende maniere gebruik word as hulp om van plantafval ontslae te raak nadat indringerplante verwyder is, soos opsnippering of opstapeling.

CHEMIESE BEHEER VAN INDRINGERPLANTE WAT BEHELS DIT?

Chemiese beheer gebruik onkruidodders om geteikende UIP's deur middel van blaartoediening, breedwerpige bespuiting ("blanket spraying"), lugtoediening of behandeling van afgekapte stompe te vernietig. Ander chemiese metodes is chemiese verwonding, basale basbehandeling en staminspuiting. 'n Onkruiddoder is 'n stof wat giftig is vir plante en die plant doodmaak of sy groei versteur. Verskeie effektiewe onkruidodders is beskikbaar.

Onkruidodders word gewoonlik met spesiale toerusting, soos rugsakke met spuitkoppe, aan indringerplante toegedien. Chemiese metodes is 'n goeie keuse wanneer die UIP's nog saailinge of jonk is.

Tydens hierdie fase van 'n plant se leeftyd groei dit vinnig, sodat onkruidodders vinnig deur die plant verplaas word om die wortels te bereik. Die blare en stingels is jonk en groen met 'n groot oppervlakarea, wat goeie absorpsie van die onkruidodder moontlik maak.

Chemiese beheer moet nie toegepas word wanneer dit reën nie. Dit is belangrik om te onthou dat onkruidodders ook baie nie-geteikende spesies kan benadeel en dit moet altyd met die grootste sorg gebruik word. Vleilande vereis spesiale sorg en slegs onkruidodders geskik vir vleilande moet gebruik word.

Blaarbehandeling

Blaarbehandeling is wanneer onkruidodder aan die blare van die plant toegedien word, gewoonlik deur bespuiting.

• Spuit die onkruidodder met 'n rugsakspuit, newelblaser of hoëdruk-sproei- of brandbestrydingseenheid, bv. 'n bakkie-sakkie.

• Dit is belangrik om die korrekte spuitstuk te kies om egalige dekking van die sproei te verkry.

• Die beste resultate kan in die aktiewe groeiseisoen verwag word (maar sommige spesies is meer vatbaar vir chemiese absorpsie wanneer hulle in die somer bespuit word).

Breedwerpige bespuiting

Breedwerpige bespuiting is wanneer onkruidodders oor 'n hele gebied met meer as 70% indringing gespuit word. Hoewel dit 'n erkende metode is, moet dit weens die beduidende omgewingsrisiko wat dit inhou met baie omsigtigheid gebruik word.

Dit is die effektiwste manier om jong, digte, eenvormige stande van UIP's uit te roei.

Sommige UIP's, soos ingevoerde akasias, ontkiem by die duisende ná 'n brand. Die eerste aanslag om hierdie getalle te beperk is die gebruik van breedwerpige bespuiting.

Kalibrering is kritiek om 'n egalige verspreiding van die onkruidodder oor die teikengebied te verseker.

Lugtoediening

Lugtoediening is die bespuiting van grootskaalse indringing of geteikende, ontoeganklike plante vanaf 'n vliegtuig. Hoewel lugtoediening 'n

erkende metode van indringerbeheer is, word dit steeds ontwikkel en moet met groot omsigtigheid gebruik word as gevolg van die beduidende omgewingsrisiko wat dit inhou.

Lugbespuiting mag net deur geregistreerde, gesertifiseerde operateurs volgens streng regulasies gedoen word. Die vlieënier moet verseker dat die spuitmengsel eweredig oor die teikengebied versprei word en dat die vermorsing van onkruidodders asook wegdrywing daarvan na inheemse spesies tot die minimum beperk word.

Dit is noodsaaklik dat daar aan die volgende maatstawwe voldoen word:

• Lig jou bure in lank voordat bespuiting begin.

• Gebruik slegs 'n produk wat vir lugbespuiting geregistreer is. Port Jackson (*Acacia saligna*) en rooikrans (*Acacia cyclops*) het onkruidodders wat vir lugbespuiting geregistreer is. Volwasse Port Jackson en rooikrans moet in die somer (November-Maart) bespuit word vir optimum resultate.

Gekapte stompbehandeling

Die aanwending van onkruidodders aan afgekapte stompe is 'n hoogs effektiewe metode vir groter, houtagtige UIP's.

• Kap die teikenboom horisontaal en so na as moontlik aan die grond af.

• Verseker 'n gladde snyoppervlak om die kambium (buitenste ringe waar die stam groei) bloot te stel.

• Maak rondom die afgekapte stompe skoon om sytakke bloot te stel wat ook afgesny en behandel moet word.

• Spuit die onkruidoddermengsel teen 'n baie lae druk aan die varsgekapte oppervlakte.

• Behandel net die buitenste kambiumlaag by stompe met 'n deursnee groter as 10 cm.

• Wend die onkruidodder so gou moontlik aan nadat die boom afgekap is.

• Wanneer 'n produk gebruik word wat met 'n penetreerolie gemeng is, moet die hele stomp en blootgestelde wortels behandel word.

Chemiese verwonding

Die verwondingmetode kan gebruik word om staande bome dood te maak waar dit te moeilik is om dit af te kap. Verwonding verwys na 'n reeks van afwaartse snye wat in die bas om die boom gemaak word.

• Gebruik 'n byl om bome wat kleiner

as 10 cm in deursnee is te verwond. 'n Kettingsaag kan gebruik word vir bome met 'n groter deursnee, maar maak seker dat die ketting skerp is: as die kambiumlaag geskroei word, kan dit die absorpsie van die onkruidodder verhoed.

• Die snit moet die bas deurdring en moet diep genoeg wees om die kambiumlaag te bereik.

• Die snye moet horisontaal en so na as moontlik aan die grond gemaak word.

• Genoeg onkruidodder moet by die sny ingespuit word om te verseker dat dit tot in die kambiumlaag afloop.

• Die hele omtrek van die boom moet behandel word.

Basale basbehandeling

Basale basaanwending is net moontlik met 'n produk wat met olie gemeng kan word. Olie-mengbare produkte word met 'n penetreerolie geformuleer wat as 'n draer dien om die onkruidodder deur die bas na die kambium en uiteindelik na die wortels te vervoer. Jong bome en struikie met groen bas kan staande behandel word sonder dat dit nodig is om dit af te kap.

• Spuit die onkruidodder aan die stam.

• Maak seker dat die wortelkroon, ontblote wortels en stam tot 'n hoogte van 0,5 m benat word.

• Gebruik laedruk bespuiting of verf die stam om storting in die grond te beperk.

• Die hele omtrek van die stam moet behandel word.

Staminspuiting

Hierdie behandeling, waar die chemiese stof direk in die bas van die plant ingespuit word, word net vir turksvye (*Opuntia*-spesies) gebruik, maar word tans nog ontwikkel. Geskikte metodes vir gebruik op houtagtige spesies word ondersoek.

9 DINGE WAT JY OOR DIE TOEDIENING VAN ONKRUIDDODERS MOET WEE

1. Registrasie

Slegs onkruidodders wat geregistreer is vir die spesifieke uitheemse indringerplantspesie wat beheer word, moet gebruik word.

2. Veiligheid

Geskikte beskermende klere moet gedra word en gereeld geruil en gewas word. Klere moet dadelik uitgetrek word as dit erg gekontamineer is. Higiëne hulpmiddels – skoon water, seep, handdoeke en oogspoelmiddels – moet te alle tye vir die spuitoperateurs beskikbaar wees.

3. Weer

Aanwending moet nie tydens ongunstige weertoestande soos reën, wind of droë, warm toestande plaasvind nie. Weertoestande kan die vermoë beïnvloed om die verspreiding van die onkruidodder te beheer en so gewenste plantegroei, watermassas of mense in gevaar stel. Swak resultate kan verkry word as die geteikende plante nie in 'n geskikte toestand vir behandeling is nie – dit sluit plante in wat droog of versuip is.

4. Winddrywing

Wees versigtig om winddrywing te beperk wanneer spuitkoppe met die kleinste uitset gebruik word.

5. Inspeksie

Toerusting moet gereeld gedurende en tussen aanwendings ondersoek word. Verseker dat die regte spuitkoppe gebruik word en dat drukverstellings gereeld nagegaan word.

6. Vulling

Maak altyd seker dat rugsakke tot die gewenste vlak volgemaak is (gewoonlik net 95% van die tenkvolume). Maak seker dat daar 'n voldoende hoeveelheid water op die terrein beskikbaar is sodat operateurs se spuitwater nie opraak nie.

7. Storting

Stortings moet dadelik aandag geniet en toepaslik verwyder word. Waar storting in 'n bergingsfasiliteit met 'n harde oppervlak plaasvind, moet die volgende stappe gevolg word:

∞ Indien beskikbaar, moet 'n gepaste stortingstel gebruik word om die storting op te ruim.

∞ As alternatief moet die storting met kalksand of 'n geskikte materiaal beperk word. Moet nooit saagsels gebruik nie, omdat dit tot selfontbranding kan lei.

∞ Sit die materiaal in sakke en gebruik 'n erkende maatskappy vir die verwydering van gevaarlike afval.

As 'n storting by 'n skoonmaakterrein plaasvind:

∞ Plaas die gestorte materiaal in diik plastiëksakke en verwyder dit van die terrein.

∞ Raak op dieselfde wyse van die materiaal in sakke ontslae as vir 'n storting in die bergingsfasiliteit.

8. Herstel

Spuitkoppe wat lek of nie korrek spuit nie, moet onttrek word totdat herstelwerk uitgevoer is. Ekstra toediensers en onderdele moet te alle tye beskikbaar wees sodat die operasie nie belemmer word nie.

9. Skoonmaak

Toerusting moet ná bespuiting leeg en deeglik skoongemaak word. Die spuitmengsel moet nie oornag in die apparaat gelaat word nie. Moet onder geen omstandighede metaalvoorwerpe gebruik om verstopte spuitkoppe skoon te maak nie, omdat dit die spuitkoppe kan beskadig en so die vloeitempo, spuitpatroon en druppelgrootte beïnvloed. Gebruik 'n borsel met sagte hare of saamgeperste lug om dit skoon te maak.

Spuitwater wat oor is nadat die spuite skoongemaak is, kan op digte stande van UIP's uitgespuit word, maar onthou om die gebied die volgende dag weer met die regte konsentrasie te bespuit.

Belangrike wenke om te onthou

• Onkruidodders moet op 'n storting-kombers gemeng en hervul word.

• 'n Graaf moet beskikbaar wees om enige toevallige storting op te ruim.

• Hou stortingstelle byderhand wanneer daar met koolwaterstof gewerk word.

• Moenie onkruidodders naby watermassas meng of oorgooi nie.

• Moenie onkruidodertoerusting in waterlope uitspoel nie.

• Moenie metaalvoorwerpe gebruik om verstopte spuitkoppe skoon te maak nie.

Die MOETS EN MOENIES van chemiese beheer

WAT OM TE DOEN

• Beplan die gebruik van onkruidodders voordat die operasie begin.

• Dra geskikte veiligheidsdrag.

• Gebruik slegs goedgekeurde onkruidodders.

• Gebruik net toegewysde rugsakke of spuitbottels.

• Volg die vervaardigersaanwysings.

• Meng die onkruidodder volgens die

etiket.

• Vir sommige spesies word 'n hulpmiddel (benatter, verspreider, kleefmiddel) by die spuitmengsel gevoeg om die effektiwiteit van die onkruidodder te verhoog.

• Spuit wanneer plante aktief groei.

• Spuit wanneer die blare droog is.

• Wend die spuitmengsel op die totale blaaroppervlak, asook groen stingels en takke aan.

• Voeg 'n kleurstof by die spuitmengsel om oorbespuiting te voorkom.

• Hou die onkruidodder in 'n afgebakende gebied by die terrein wat gespuit word, uit direkte sonlig.

WAT OM NIE TE DOEN NIE

× Moenie sonder die geskikte persoonlike beskermende drag en korrekte toerusting spuit nie.

× Moenie spuit as die wind waai of as die wegdrywing van newelsproei moontlik is nie.

× Moenie onkruidodder in die reën of op nat of klam blare toedien nie.

× Moenie spuit wanneer die temperatuur hoër as 30 °C is nie.

× Moenie plante bespuit wat tekens van droogte of rypskade het of wat na 'n wintersperiode nog nie ten volle ontwikkel het nie.

× Moenie plante bespuit wat hoër as heuphoogte is nie.

Wat jy moet weet wanneer jy jou toerusting kalibreer

Kalibrering is die verstelling van spuittoerusting om die aanbevole volumes water en onkruidodder te lewer, met inagneming van die spoed waarmee die operateur of masjien oor die terrein wat behandel moet word, beweeg. Alle spuittoerusting moet korrek gekalibreer word om die beste resultate te verkry en vermorsing te voorkom. Kalibrering moet vir elke rugsak gedoen word aangesien toerusting en spuitkoppe verskil. Die kalibreringresultaat van een rugsak kan nie vir ander rugsakke gebruik word nie. Kalibrering moet op die terrein gedoen word en dikwels tydens die toediening nagegaan word. Die volgende moet gekontroleer word:

• Korrekte spuitdruk

• Korrekte spuitkopgrootte en spuitpatroon

• Korrekte spuitkopuitset (lewerings-tempo/dosis in liter per hektaar, voorgestel op die etiket van die onkruidodder)

• Volume toediening oor 'n spesifieke gebied.

SOOS ONSE GEELMIELIES – IS SUKSES VIR JOU BESTEM

Wanneer dit kom by topopbrengsprestasie oor verskillende opbrengspotensiaalvlakke, produksiegebiede en seisoene, hoef jy nie verder te soek as Pannar se geelmieliepakket nie. Hierdie pakket is deurlopend stabiel, wyd aangepas en agronomies goed gebalanseerd. Dit is ontwerp om risiko te verminder en 'n suksesvolle opbrengs te lewer. Ons kundige span benut graag die geleentheid om ons volledige reeks basters en hul spesiaal ontwikkelde agronomiese eienskappe te bespreek.

Vind Pannar se kundige vir pasgemaakte oplossings in jou omgewing.



Saam boer ons
vir jou toekoms™

www.pannar.com



Skandeer die kode
vir meer inligting
oor Pannar se
uitsonderlike
produkte



™ Handelsmerke van Corteve Agriscience en sy geaffilieerde maatskappye. © 2023 Corteve. 2023/YMAIZE/A/03

SKEP VERLIGTING

vir sinusse met dié rate

Veel meer mense as wat 'n mens beseft, het probleme met hul sinusse. Dikwels beseft mense nie eens dat dit juis hul sinusse is wat maak dat hulle permanent 'n irriterende kuggie het wat maar net nie die wyk wil neem nie omdat sinusvog in die agterkeel bly drup en die keel irriteer – wat op sy beurt weer veroorsaak word deur 'n allergie of hooikoors. **Hannelie Cronjé** het op 'n artikel afgekom wat rate verskaf waarmee jy dalk kortmette van jou sinusprobleme kan maak.



Oorsake van sinusontsteking

- Swelling aan die binnekant van die neus as gevolg van 'n verkoue;
- Geblokkeerde dreineringsbuisies in die neusholte;
- Strukturele verskille in die neus wat maak dat die dreineringsbuisie te nou is;
- Poliepe in die neus;
- Tekorte in die immuunstelsel of medikasie wat die immuunstelsel onderdruk;
- Allergieë; en
- Mense wat rook en ook mense wat tweedehandse rook inasem.

» Neusspuit

Deur jou neus te spuit spoel jy die neusgange sagkens met behulp van 'n soutwateroplossing. Dit help om neusvlakke vogtig te hou, en laer ontsteking en ook enige blokkasie te verlig.

- » Gebruik 'n skoon, droë spuitbottel.
- » Meng 'n kwart teelepel sout en 'n kwart teelepel koeksoda in 100 ml water.
- » Giet dit in die spuitbottel en steek die spuitkop saggies in jou neusgat en spuit die oplossing terwyl jy jou kop kantel om te help om die slym uit te spoel.
- » Herhaal hierdie proses met die ander neusgat.
- » Doen dit twee of drie keer per dag.

Let wel:

Gebruik gedistilleerde of gesteriliseerde water. Kraanwater kan gesteriliseer word deur dit enkele minute te kook.

» Stoominaseming

Stoominaseming is een van die doeltreffendste rate vir sinusinfeksie. Dit help om sinuspyn te verlig en neusweë oop te maak.

- » Neem 'n bak kookwater.
- » Neem 'n handdoek en bedek jou kop en die bak sodat jy die stoom kan inasem. Moenie te naby aan die stoom kom nie.
- » Asem die stoom vir tien minute in.
- » Doen dit twee of drie keer per dag.
- » Jy kan ook vir tien tot 15 minute lank 'n warm stort neem.

» Warmwaterkompresse

As hitte op die sinusarea toegedien word, kan dit die slym losmaak en die pyn van die sinusse verminder.

- » Kook 'n bak water.
- » Neem 'n skoon waslap en doop in die warm water. Wees versigtig om jou hande te brand.
- » Droog die waslap uit en lê dit oor die neusbrug en wangbene vir 'n paar minute.
- » Doen dit vir vyf tot tien minute totdat jy beter voel.
- » Herhaal dit twee of drie keer per dag.

» Laventel- essensiële olie

Essensiële olie van laventel bevat belangrike bestanddele wat monoterpene, geraniol, linalool, ensovoorts insluit. Die anti-inflammatoriese en antiseptiese eienskappe werk teen sinusitis, volgens 'n studie uit 2013.

- » Kook 'n bak water en voeg dan drie tot sewe druppels vlugtige olie (*etheral oil*) van laventel daarby.
- » Bedek jou kop en die bak met 'n handdoek en asem die stoom in vir nie meer as twee minute op 'n slag nie.
- » Jy kan ook die geur van laventelolie direk uit die bottel inasem of 'n paar druppels op 'n watte gooi en inasem.



» Peperment- vlugtige olie

Essensiële olie van peperment besit antiseptiese, antibakteriese, antivirale en antispasmodiese eienskappe wat getoon het dat dit slym verminder en die sinusitis verlig.

- » Voeg drie tot sewe druppels eteriese olie met peperment in 'n bak warm water.
- » Bedek jou kop en bak met 'n handdoek en asem die stoom in.
- » Doen dit twee of drie keer per dag.
- » Jy kan ook die geur van die peperment- eteriese olie direk inasem.
- » Drup 'n paar druppels van die olie op 'n lappie of droë waslap en lê dit langs jou kop op jou kussing neer wanneer jy saans gaan slaap.



» Bloekomolie

Bloekomolie (*Eucalyptus*) bevat antiseptiese en anti-inflammatoriese eienskappe en is ook 'n dekongestie wat volgens navorsing help in die behandeling van sinusitis.

- » Voeg drie tot sewe druppels bloekomolie in 'n bak warm water.
- » Bedek jou kop met 'n handdoek en asem die stoom in.
- » Doen dit twee of drie keer per dag vir tien minute.
- » Jy kan ook 'n paar druppels van die olie op 'n lappie of droë waslap drup en dit langs jou kop op jou kussing neerlê wanneer jy saans gaan slaap.

Drink baie vloeistowwe soos water, vars uitgedrukte vrugtesap, water met suurlemoensap of sop om die slym los te maak sodat dit makliker uitgeblaas kan word. Vermyn kafeïndrankies soos tee en koffie.



» Appelasyn

Appelasyn bevat antibakteriese en antifungale eienskappe en is 'n goeie bron van vitamien A, vitamien E, vitamien B1, vitamien B2, kalsium en magnesium wat help met die behandeling van sinusinfeksie. Dit werk deur die slym los te maak en die neusgange skoon te maak.

- » Voeg twee teelepels appelasyn in 'n glas warm water.
- » Drink dit twee keer of drie keer per dag.



» Bevogtifier

Die stoom van 'n lugbevogtifier bevochtig die vertrek en asemhaling van hierdie lug help om die slymholtes skoon te maak en die neusweë oop te maak. Gebruik 'n lugbevogtifier snags wanneer jy slaap.

» Leefstylveranderinge om die simptome van sinus te bestuur

- » Eet voedsame kos.
- » Vermyn rook en beperk blootstelling aan tweedehandse rook.
- » Rus baie.

Om af te sluit...

Hierdie tuiskure kan die simptome van sinus help verlig. As jy beter begin voel en jou sinusse opgeklaar is nadat jy die kure probeer het, weet jy wat om volgende keer te doen. Indien die simptome egter langer as 'n week tot twee aanhou, is dit raadsaam om 'n dokter te raadpleeg.



VERMY hierdie kosse op jou leë maag



Is jy een van daardie mense wat nie soggens behoorlik wakker kan word voor jou eerste koppie koffie nie, en sommer op pad by die deur uit enigiets wat lyk of dit eetbaar is, gryp en op pad eet? Weens te veel mense se té besig skedule maak ons hierdie ontbytfoute en kan dan nie verstaan hoekom ons die hele dag lank moeg of olik voel nie. Deur die verkeerde kosse op 'n leë maag te eet veroorsaak jy dat jy sukkel met krampe, sooi-brand, opgeblasenheid of algehele tamheid. Hannelie Cronjé het op die webblad <https://af.pamperedpeopleny.com/foods-you-should-avoid-an-empty-stomach> hierdie lys van “verkeerde” kosse vir 'n leë maag gevind.

Koffie

Kan jy nie funksioneer sonder koffie op 'n leë maag nie? Wel, jy sal dalk net hierdie gewoonte moet afleer, want koffie verhoog die suurinhoud in jou liggaam en lei tot sooi-brand en slegte spysvertering. Dit is bekend dat koffie die afskeiding van gal en maagsappe verminder, wat dit vir jou liggaam moeilik maak om die ander kos wat jy eet, te verteer. Dit verhoog ook die produksie van suur in die spysverteringstelsel wat tot gastritis kan aanleiding gee.

Kos met byt

Hou jy van sterk souse of atjar saam met jou wors en eiers, is dit die rede vir jou slegte spysvertering en sooi-brand. Sterk geure irriteer die maagwand, wat veroorsaak dat jou liggaam te veel suur vrystel wat jou van pyn kan laat wriemel.

Tamaties

Ongelukkig is tamatie vir ontbyt nie 'n goeie idee nie, al is dit 'n goeie bron van baie noodsaaklike voedingsstowwe. Die hoë hoeveelhede tannien sal jou egter suur gee wat uiteindelik tot maagsere kan lei. Selfs komkommers is moeilik om op 'n leë maag te verteer. As 'n maatstaf is dit beter om enige rou groente vir later in die dag te hou.

Bronne van verwerkte suiker

Vrugtesap – veral uit 'n winkel – bevat groot hoeveelhede suiker. Hierdie suiker op 'n leë maag kan jou lewer en pankreas oor die langtermyn ernstig benadeel. Dit is net so wel jy drink 'n bottel wyn vir ontbyt. Al daardie suiker kan jou ook gas gee en jou opgeblaas laat voel. Suiker in verwerkte kosse, soos muffins en oliebolle en selfs brood, is dubbeld so sleg omdat sommige soorte suurdeeg wat hierin gebruik word, jou maagvoering laat ontsteek en boonop windrigheid veroorsaak.

Sitrusvrugte

Sitrusvrugte verhoog suurproduksie met baie ongemaklike gevolge as jy nog niks anders gehad het om te eet nie. Die baie vesel en fruktose in vrugte oor die algemeen vertraag ook die spysvertering en krap jou verteringstelsel die hele dag lank om.

Piesangs

Baie mense maak soggens smoothies met piesang in of sny piesang in hul jogurt of eet dit net so omdat dit ryk is aan magnesium en kalium. Op 'n leë maag kan dit egter jou hart beïnvloed, omdat die piesang jou bloedstroom met hierdie twee voedingsstowwe oorlaai.

vk^b

Sonop-depot

verwelkom sy eerste mielie-oes

VKB se Sonop-depot is tussen Reitz, Petrus Steyn, Daniëlsrus en Lindley geleë. Die heel eerste vrag mielies by hierdie depot is op 6 Junie 2023 ontvang en teen die einde van Junie is meer as 13 000 ton mielies ontvang. Die gemiddelde tonnemaat-inname per dag wissel van 300 tot 1 300 ton. Die depot beskik oor een 20 000 ton-bunker wat in 'n japtrap gevul kan word. Enigiets wat mielies kan hou, kan hier sommer lekker aflaai! Die span werk hard om elke produsent na die beste van hul vermoë tot diens te wees.



Vandr  Fourie (meganiese ingenieur, VKB) en Coenraad Fick (voorsitter: VKB Beleggings) by die amptelike opening.



Francois Froneman (besturende direkteur: VKB Graan en Korporatiewe Dienste) oorhandig 'n geskenk aan Gerrie Meyer, boer en lid van VKB.



Van links: Stefan du Plessis (bestuurder), Morena Mofokeng (operateur), Tuis Manyoni, Teboho Moloi, Andreas Mofokeng, Rooikat Mofokeng, Phineas Mokoena, Ifraim Makapha, Mokete Mofokeng (operateur), Andries Motaung





open sy

eerste graanfasiliteit in KwaZulu-Natal

Met die opening van die Kingston-graantonvangsdepot vestig VKB hom nou stewig in KwaZulu-Natal.

Hierdie depot is in die Normandien-omgewing, sowat 35 km van Newcastle, geleë en is die eerste graanfasiliteit wat VKB hier open.

"Dit maak dit nou soveel makliker om hier naby graan te kan aflewer en 'n baie groot behoefte in die streek aan te spreek," sê Frikkie Kruger, voormalige assistent-silobestuurder van Memel-silo, wat bevorder is en nou permanent in hierdie pos aangestel is.

Jannie Heyns, die bestuurder van Warmbad-silo, het tydelik hier as bestuurder waargeneem.

Daar is ook reeds sprake van uitbreiding van hierdie fasiliteit in Normandien. Plaaslike produsente is baie nuuskierig oor die ontwikkeling en daar is sprake van

opkomende boere wat hier gaan kom lewer.

Die huidige opbergingskapasiteit is 20 000 ton in twee 10 000 ton-bunkers.

"Ons het reeds 11 000 ton ontvang," sê Frikkie.

Daar is ook groot opgewondenheid oor die toekoms wanneer ander kommoditeite soos ook sojas hanteer sal kan word, en vertrou dat meer graan in die komende seisoen opgeberg sal kan word.

Op die heel eerste dag, 22 Mei, is 150 ton van verskeie boere ontvang. Henk Rouwenhorst was egter die heel eerste produsent wat kom aflewer het. Hy het 'n mieliepit in die bunker gegooi en daarmee hierdie nuwe fasiliteit amptelik ingewy.

Tot dusver was die grootste lewering op een dag 900 ton wat deur sowat 40 vragmotors afgelewer is.



Die Graan-span wat boere op Normandien sal bystaan.



Frikkie Kruger het hom as silobestuurder by die span op Normandien aangesluit.



Reinet-depot

verwelkom sy eerste mielie-oes

VKB se nuwe graantonvangsdepot op Heilbron het op Dinsdag, 6 Junie 2023, sy heel eerste lewering van mielies ontvang. Hierdie langverwagte oomblik maak dit nou vir boere van die Heilbron-omgewing soveel makliker om hul graanlewering by VKB te doen.

Marike Hamman, die silobestuurder, sê die depot het op sy eerste dag 241 ton mielies van verskeie boere ontvang, teen 30 Junie 2023 het ons reeds 17 000 ton ontvang.

Alzan Myburg was die heel eerste boer wat sy mielies gaan aflewer het. Marike sê dit was 'n opwindende oomblik vir almal en het hulle in die regte bui geplaas vir die res van die baie besige dag wat daarop gevolg het. Die volgende dag was net so 'n suksesvolle dag by die Reinet-depot. Teen 13:00 was daar reeds 200 ton mielies ontvang.

Hierdie indrukwekkende prestasie getuig van die doeltreffendheid van die depot se werksaamhede en ook dat hierdie fasiliteit in 'n groot behoefte in die omgewing voorsien. Die VKB-depot is spesifiek ontwerp om groot hoeveelhede mielies te ontvang en te berg en het 'n kapasiteit van 30 000 ton. Dit word moontlik gemaak deur drie bunkers wat elkeen 10 000 ton mielies

Hierdie indrukwekkende infrastruktuur dra by tot die doeltreffende hantering van die boere se mielie-oes. Hoewel die depot tans slegs mielies kan ontvang, is daar reeds sprake van 'n moontlike uitbreiding om teen die volgende seisoen reeds ander gewasse ook te kan ontvang.

Die VKB Reinet-depot voorsien in 'n groeiende behoefte en het die potensiaal om 'n sentrale spilpunt in die landbougemeenskap te word, deur boere te ondersteun en in hul bergingsbehoefte te voorsien.

Boere wat hul mielies by die VKB Reinet-depot aflaai, kan gerus wees dat hul mielies in goeie hande is en dat die depot alles in plek het om hul oes veilig te berg. Die gemeenskap kan met groot verwagting na die toekoms uitsien, wetende dat hierdie depot 'n baken van groei en vooruitgang in die landboubedryf verteenwoordig. Die VKB Reinet-depot se opening is 'n ware mylpaal vir die plaaslike boeregemeenskap en is 'n bevestiging van die voortdurende ondersteuning van VKB en ook die vooruitgang in die landboubedryf.

Die depot dien as 'n voorbeeld van die belangrike rol wat infrastruktuur speel in die welslae en voorspoed van boere en in die gemeenskap as geheel.





open een van SA se
GROOTSTE
 droogoonde op
Frankfort

Op 1 Junie het die opwinding op Frankfort hoog geloop toe een van die grootste droogoonde in Suid-Afrika en ook 'n nuwe graderingskantoor amptelik op Frankfort geopen is.

Die bou van die droogoond-projek het in September 2022 'n aanvang geneem.

Vandre Fourie en sy Ingenieursdienste-span het behoorlik bontgestaan met die beplanning en werk wat nodig was om alles glad te laat verloop vir die oprigting van dié droogoond, wat teen tot 2 000 ton mielies per 24 uur kan droog teen die huidige vogpersentasie wat wissel tussen 14% en 16%. Daar word tans teen ongeveer 96 ton per uur gedroog.

Sou mielies teen 20% vog gelewer word, kan die kapasiteit verminder na 60 ton per uur, wat steeds baie hoog is.

Die droogoond is toegerus met 'n aparte aflaaipunt wat 70 ton-kapasiteit het en teen 130 ton per uur kan trek.

Die droogoond het ook sy eie addisionele opgaarbuis

Die droogoond het ook sy eie addisionele opgaarbuis wat opbergingspasië help skep.

“Ons is baie opgewonde om reeds 'n beter diens aan ons kliënte te lewer wat betref natter graan. Om vroeër te kan stroop en vroeër in die mark te kom en sodoende 'n beter prys op die mark te verkry is 'n baie groot voordeel,” sê Jaen Volschenk, die silobestuurder.

“Vroeër stroop sny ook die gevaar van wegholvelbrande uit en 'n produsent het sodoende 'n langer bewerkingsyd om die lande reg te kry vir die volgende seisoen,” sê hy.

Saam met die droogoond het daar ook 'n nuwe graderingskantoor en skaal bygekom wat die innamevloei baie beter maak en die bottelnek tydens ontvangste verminder.

Hierdie projek is in pas met VKB se strategie om te sorg dat kliënte te alle tye bevoordeel word in die uitlewing van hul passie as voedselvoorsieners.



Jaen Volschenk (silobestuurder) en **Yolande Lourens** (senior graangradeerder) open die nuwe graderingskantoor.



Jaen Volschenk (silobestuurder) en **Gerrie Rautenbach** (operateur) open die kontrolekamer van die nuwe droogoond.



VERRUIJ JOU VELLIES

VIR 'N NAWEEK IN CLARENS

Kom beleef vuurwarm gasvryheid by Protea Hotel by Marriott Clarens. Vind ons op die hoek van Hoof en Van der Merwe straat, Clarens, Vrystaat.



058 256 1212
 RESMAN@PHCLARENS.CO.ZA



Crown Bag is 'n juweel in die VKB Groep

By die Crown Bag-fabriek op Harrismith word verpakkingsmateriaal vervaardig. Hierdie fabriek bestaan uit verskeie aartappelsakke-lyne (plat sakke en ook sakke met insetsels [gussets]), 'n eksklusiewe lyn vir houtskoolsakke en 'n veeldoelige lyn vir houtskool-, kos- en meelsakke. Die fabriek se sentrale ligging verseker toeganklikheid tot die hoofroetes van al die provinsies in Suid-Afrika. Hierdie gerieflike verbinding tussen die onderskeie provinsies verseker die ekonomiese en doeltreffende verspreiding van aartappel- en hout-

skoolsakke aan kommersiële boere en ander kliënte in Suid-Afrika, Angola, Namibië en Mosambiek. Aangesien gehalte 'n prioriteit is vir Crown Bag, word al die sakke volgens die hoogste spesifikasies vervaardig, soos vereis deur die Departement van Landbou, Bosbou en Visserie.

Crown Bag lewer produkte aan produsente reg oor Suid-Afrika. Die fabriek het die kapasiteit om maandeliks meer as nege miljoen sakke te produseer. Kliënte kan kies tussen ongedrukte sakke en sakke met hul

eie handelsmerk of kentekens, asook ander inligting wat in tot soveel as ses kleure daarop gedruk kan word. Ontwerpers by die fabriek help kliënte hiermee en verseker so dat hulle 'n pasgemaakte gehalteprodukt kry wat vir die verbruiker verdere waarde toevoeg. Die skaalvoordele wat uit die kapasiteit van die fabriek voortspruit, verseker kostedoeltreffende verkryging van grondstowwe en verseker nie alleenlik Crown Bag se mededingende posisie in die mark nie, maar dra ook by tot 'n verlaging in insetkoste vir produsente.

Mawenzi

Daar's 'n nuwe naam op almal by VKB se lippe...

Mawenzi.

Dit is die naam waarvan die meeste mense in die VKB-wêreld sekerlik teen dié tyd al gehoor het.

Vir diegene vir wie dit nog onbekend is, Mawenzi is die naam van VKB se strategiese projek-program wat VKB se I&T-omgewing vernuwe met nuwe kernstelsels vir die volgende 20 plus jaar.

In 2020 (ja, tydens Covid) het ons lewendig gegaan met die Graanstelsel op Business Central as die nuwe kernstelsel, asook met Agiblocks as die nuwe Graanbemarkingstelsel.

Tans het ons al meer as 2 miljoen ton ontvang en 1,6 miljoen ton uitgelaaideur die Business Central-stelsel. Daar is ook 3,25 miljoen ton se aankoopkontrakte en 3,42 miljoen ton se verkoopkontrakte gelaai op die Agiblocks-stelsel.

Ons werk tans aan Graan "v2" wat die Graan-besigheidsfunksies buite Landbou gaan plaas as 'n onafhanklike besigheid wat ook onafhanklik van Unix sal funksioneer. Daar word beoog om vroeg in die nuwe jaar daarmee lewendig te gaan.

Terselfdertyd is ons besig om die uitstaande Landbou-funksies wat nog op Unix hardloop oor te skakel na Business Central (BC). Dit behels al die Finansiering/Debiteure-, Handel-, Insethandel-, Saadverwerking-, Distribusies(DCs)-, Bande- en Meganisatiefunksies.

'n Nuwe projek waaraan tans gewerk word, is die CRM- (Customer Relations Management) projek. Die doel van hierdie projek is om 'n sentrale kliënte-platform in plek te stel. Hierdie platform verseker dat mens regoor die groep kliëntediens kan verbeter. Dit skep ook die basis waarvolgens die onderneming beter insig kan bekom oor kontaktkliënte.

Gehalte Data is natuurlik 'n kern-aspek van al hierdie projekte om te verseker dat ons nie in 'n Gemors-in/Gemors-uit-situasie beland nie. Gehalte Data is waarby al die verskillende besigheidseenhede betrokke sal moet wees, asook by gereelde kommunikasie na ons produsente om sekere inligting te bevestig.

Daar is altesaam meer as 100 mense, beide binne en buite VKB, wat aan

hierdie projekte werk om suksesvolle implementerings te verseker.

Daarbenewens, om dinge nog meer interessant te hou, beplan ons ook om oor die volgende drie jaar al ons huidige NAV-maatskappye na Business Central oor te skakel.

So, vir die volgende twee tot drie jaar – maak julle veiligheids gordels vas! Dit gaan 'n opwindende tuimeltreinrit wees!

Pierre van Heerden,
I&T bestuurder; strategie en innovasie

Daar word beplan om al die funksionaliteit van die Unix-handelstelsel in die eerste kwartaal van 2025 ten volle op BC te implementeer. Hiermee word die nuwe maatskappy, VKB Landbou Retail Services (VRS), dan ook geïmplementeer en vervang dit die ou DCs wat net 'n departement was.

Daar is groot dinge aan die kom en dit gaan beslis elkeen van ons by VKB in 'n mindere of meerdere mate raak – van die grootboek tot voorraadhouing, van 'n nuwe item tot 'n trekker se prys. Voor implimentering sal daar vir 'n tyd lank diepgaande stelseltoetsing wees om almal se gemak te verseker.

Dit alles kan natuurlik slegs gebeur as ons doeltreffende opleiding aanbied vir elkeen van die personeel en daar word al reeds druk gewerk om opleiding aanlyn te kan fasiliteer deur gebruik te maak van ClickLearn, 'n interaktiewe opleidingsportaal.

Die nuwe stelsels het meer van 'n Windows "look and feel" wat dit dus baie goed met ander Windows-produkte integreer. Dit is 'n Microsoft-stelsel en dit is wêreldklas.

Gaan ons anders moet dink oor hoe ons dinge doen? JA.

Gaan dit aan die begin taai gaan? JA.

Onthou, saam bou ons hierdie stelsels sodat ons dit wat ons by Unix oorvat ná sowat 25 jaar diens, ons tot nog groter hoogtes kan neem.

Hierdie is 'n reis en ek nooi julle almal saam vir die rit. Kom ons omarm die nuwe en bou terselfdertyd aan VKB se toekoms.

Vir die liefde van die land.

André Beneke, projekbestuurder: I&T

Vir die liefde van die land.

André Beneke,
I&T projekbestuurder

Hierdie is die begin van 'n nuwe era vir die Finansieringspan. Dit is 'n wesenlike verandering met twee nuwe stelsels wat vir hulle ontwikkel word. Die Kredietaansoek-portaal om die kredietaansoeke en alle administrasie wat hiermee geaard gaan te hanteer en te vergemaklik, en dan Microsoft Business Central vir die bestuur en administrasie van ons kliënte se debiteure.

Die Kredietaansoek-portaal gaan op 'n latere stadium op die VKB360-portaal beskikbaar wees vir kliëntegebruik.

Die Microsoft Business Central-platform bring 'n wye verskeidenheid funksionaliteit en voordele vir VKB se personeel om die risiko's te bestuur en hul daaglikse take te vergemaklik.

Die vervanging van die Unix-stelsel sal die effektiwiteit en bestuur verbeter, wat uiteindelik sal lei tot beter finansiële bestuur en, natuurlik, saam met die CRM-stelsel tot verbeterde kliënteverhoudings.

Die sukses van die stelselontwikkeling vereis noue samewerking en ondersteuning van die Finansieringspersoneel. Die opoffering van hul tyd en deel van hul kennis gaan nie ongesiens verby nie.

I&T kan nie alleen hierdie projek suksesvol implementeer nie, maar deur mekaar te ondersteun kan ons die veranderingsproses vir elkeen makliker maak.

Ria Heine,
namens die Strategiese Projek-span



Ons vervaardig en verskaf ook gehalte slange vir:

- Mynbou • Nywerheid • Boubedryf
- Tuine • PLUS Vooraf-verpakte Bybore vir tuinslange



Reinforced Hosing (Pty) Ltd

Tel: 011 769 2600

www.watex.co.za



VEELDOELIGE SLANGE

Hoëdruk Nitrielslange vir petrol, diesel, olie, chemikalieë en algemene hoëdrukgebruik tot 20 Bar.



SUIG-SLANGE

NUUT:
Swaardiens MediumDiens

Vervaardig van suiwer roumateriaal



GEWAS SPUITSLANG

Binnevoering: NITRIEL PVC
Omhuiseel: BLOU PVC

Toepassing:
Insekdoders bespuiting, kompressorslang, pneumatiese gereedskap, ens.

Binnevoering:
Wit, insekdoder- en kunsmisbestande Nitriël PVC.



SLEEP-WATERSLANGE

- 10 Jaar Leeftyd
- 5 Jaar Leeftyd



Reitz Handel SPOG met

deur Delene Snyman

In Engels is daar 'n spreekwoord wat lui: **"A change is as good as 'n holiday."** En vra maar vir die personeel by Reitz Handel – wat ná weke se harde werk met 'n splinternuwe voorkoms spog – daar is min dinge so lekker soos om daardie deure op die openingsdag oop te maak en die verrassing en verbasing op die kliënte se gesigte te sien. Dan wéét jy al die harde werk en die lang ure was absoluut die moeite werd.

Die vakansie-atmosfeer wat daar met die openingsdag geheers het, is bewys van die waarheid van daardie spreekwoord. VKB is bekend daarvoor dat hy voortdurend daarna streef om dinge vir sy kliënte beter te maak.

"Reitz Handel is een van ons grootste takke en bedien 'n groot gebied met baie kliënte," sê Toppie Jonker, streekbestuurder van Kommersiële.

"Ons kliënte is die boeregemeenskap, kontrakteurs, dorpenaars en personeel. Ons wil graag vir hulle 'n professionele produkaanbieding en unieke inkopie-ervaring gee.

"Reitz VKB is ook VKB se hoofkantoortak. Baie kliënte, verskaffers en besoekers besoek ons hoofkantoor. Dit is 'n vertoonvenster wat VKB aan elke besoeker bied."

Aan die stuur van sake by Reitz Handel is Paul van der Westhuizen. Hy en sy span is trots deel van die geskiedenis

wat onlangs gemaak is met die opening van die **"nuwe" Reitz Handel**. Sels OFM was daar om die spesiale dag mee te maak waar talle spesiale aanbiedinge, eetgoed en pryse op die spel was.

Coenraad Fick, direkteur van VKB, het die seremoniële opening waargeneem, bygestaan deur Bertie Smith, Hannes de Jager, Toppie Jonker en Paul van der Westhuizen. Lene Wolmarans van VKB Meganisasie was daar om elke skitteroomblik op kamera vas te vang.

Die opgradering het oor 'n tydperk van sowat drie maande geskied. Hoewel dit soms moeilike omstandighede was, het die personeel deurlopend 'n positiewe gesindheid gehad want almal was saam opgewonde oor die eindproduk. Die aansienlike uitbreiding van nuwe reekse produkte, die skep van 'n aangename nuwe koop-omgewing vir kliënte, en daarmee saam 'n gerieflike eenstopwinkel vir elke behoefte is beslis die voordele van die "nuwe" winkel.

Tydens die openingsdag het vele verskaffers weggegeskenke uitgedeel, daar was gelukstrekkinge vir aankope, en 'n feestelike atmosfeer het geheers saam met OFM se lekker musiek. GFC het smaaklike hoenderhappies voorsien, terwyl 'n cappuccino en verversings geniet kon word in die konferensielokaal.



splinternuwe voorkoms

Hulle open die "nuwe" winkel: Hannes de Jager, (uitvoerende direkteur: Kommersiële Dienste Handel), Toppie Jonker (streeksbestuurder Vrystaat), Coenraad Fick (direkteur VKB), Bertie Smit (besturende direkteur: Administrasie) en Paul van der Westhuizen (Reitz-takbestuurder).



Garry Francis (verteenwoordiger van Zoetis), Desere van der Merwe (bemarker: Veemiddels), Tersius van der Linde (verteenwoordiger) en Jurgens van der Schyf (bemarker) gesels oor die goeie opkoms en nuwe geleenthede wat die winkel bied.



Die trotse span van Reitz Handel is (voor): Emke Kriel, Dina Mosikatsane, Monique Mofokeng, Desere van der Merwe, Sera Swanepoel, (agter) Jurgens van der Schyf, Paul van der Westhuizen, Windson Kolobe, Leon Smit en Lefo Mofokeng.



Dina Mosikatsana en Emke Kriel is die vriendelike kassiere.



OFM se meisies wat die verrigtinge meegemaak het, is Bridget Mothobi, Yolanda Maartens en Annalien Kabanie.



Drizette Putter, Suze Fick en Connie Botha van GFC het gesorg vir heerlike happies.



Paul (regs, takbestuurder) wens die eerste klient van die dag geluk met sy aankope.



Tussendeur was daar ook geleentheid om met die drie Plascon-honde te speel. Carla Davids van die Bemerkingsafdeling kon die kans nie laat verbygaan om aandag aan hulle te gee nie.



44 provinsiale rugbyspanne neem deel aan die VKB Rugbyweke

VKB se jaarlikse rugbyweke vir o.13's, o.16's en o.19's het vanjaar vanaf 22 Junie tot 5 Julie op Frankfort en in Reitz plaasgevind. 'n Allemtintige 1 056 rugbyseuns het vanjaar aan hierdie weke deelgeneem!

Die twee dorpe het gewemel van seuns, die paviljoene was volgepak met ouers en entoesiastiese ondersteuners, mooi sportmanskap was aan die orde van die dag onder die spanne, en daar is aan heerlike snoepiekos gesmul.

Die boodskap wat Franna Cillié van Living Ball aan elke seun gegee het, was: "Are you Ready? Is jy Gereed? To be a better player? Om die regte goed te doen? Om jou beste te gee? To be a leader? Om 'n spanspeler te wees? Elke dag is 'n geleentheid waar iemand jou kan raaksien. Do not quit!"

Dis nou 'n stukkie lewensdriewies wat hierdie talentvolle, aspirerende spelers regdeur hul lewe in enige situasie kan toepas. VKB is weer eens baie trots om deel van die weke te wees en bedank die Hoërskool Wilgerivier (Spanjool Wessels) en die Hoërskool Reitz (Jolene van Niekerk) vir die organiserings van die baie suksesvolle geleentheid.

wen spanne

o.13 LEEUS

o.19 BLOU BULLE
Stedelik

o.16 ROOIKATTE

o.19 ROOIKATTE
Platteland



Casper Nell

neem Handel in Limpopo voorwaarts

Casper Nell beskik oor al die eienskappe om NTK Handel te lei en vorentoe te vat. Hy beskik oor insig in die bedryf, oor geduld om probleme aan te spreek, kennis van relevante sake en 'n passie vir 'n uitdaging. Eienskappe waarvoor hy nie beskik nie is hooghartigheid en eiewaan, want vir hom is dit nooit oor homself nie maar oor die span. Hy hou nie van die limelight nie, maar glo wel daarin om erkenning gee aan mense wat dit verdien. Vir hom gaan dit daaroor om 'n platform te stel waar idees op die tafel gesit word. En as 'n saadjie geplant is, werk die span saam om die finale konsep uit te rol.

Dit is vir hom belangrik dat mense verantwoordelikheid neem van hul eie taak deur die selfvertroue te hê om besluite te neem. Mense moet

bemagtig word om besluite te neem binne die speelveld en binne hul mandaat. As daar dan wel foute insluip, kom daarmee na vore en vra hulp sodat daar saam aan 'n oplossing gewerk kan word. Handel is 'n span en saam kan enige struikelblok voorkom word.

NTK se mark is uniek anders as ander streke. In Limpopo is daar baie 'kontant-voete' in die winkel en is die mark dus wyer as die boere. Maar nooit mag die produsent se besigheid nie die primêre besigheid wees nie. Elke tak is verder uniek en die voorraadsamestelling moet ook so benader word.

NTK sit met die oplossing van die produsent/kliënt se probleem. Elkeen wat in die winkel kom, kom met 'n probleem wat deur die personeel van 'n Handelstak opgelos kan word. Hoe beter en flinker die probleem opgelos word, hoe gouer sal die kliënt/produsent terugkeer na die tak vir meer besigheid.

Aanlyn aankope neem wêreldwyd toe, maar dis diens en naverkopediens wat NTK/VKB onderskei van die res. NTK/VKB moet waarde toevoeg tot elkeen waarmee ons besigheid doen, want dit is wat ons altyd van die opposisie sal onderskei.



Wally Kok

cares about the organisation and its people

Wally Kok is more than the HR Manager at Grain Field Chickens; he is a passionate employee of VKB who is filled with pride every time he sees the VKB logo. Wally is grateful to be part of such a dynamic company and is always prepared to give his best... and a little extra.

GFC has roughly 1 600 employees working around the clock to ensure the targets are reached, making it the largest employment entity in VKB. This is a lot of people that is serviced by Wally and a team of eight assisting him. The clinic and security form part of HR. 14 apprenticeships and 37 learnerships also form part of the

parcel. To ensure that all balls are kept in the air takes more than hard work. It takes passion, commitment and above all else dedication – all qualities that Wally possesses. But he is a very humble man that gives his immediate team and the bigger HR team all the credit for the successes in GFC HR Department. He is also part of the managerial team of GFC that strives to maintain the highest values, and with that Wally can truly relate.

Respect is a big thing in his life and Wally believes through self-respect and respecting others, you gain respect in the process. Respect builds bridges, respect smoothes any situation because then it is about an issue and never about an individual. But that doesn't mean he does not value each person. On the contrary, Wally cares about people and will go out of his way to help and assist. He is a people's person through and through.

vk**b**

NUUS

KORTLIKS



VKB was een van die hoofborge by Landbouweekblad se herlewingslandboukonferensie wat in Reitz aangebied is. 350 kongresgangers het van heinde en ver gekom om na gassprekers te luister.



Tydens Landbouweekblad se herlewingslandboukonferensie het Case ook as borg opgetree en van die geleentheid gebruik gemaak om 'n kompetisie te loods waarin 'n Maxxum 110 - trekker gewen kan word. Hou gerus die media dop vir meer inligting.



Thomas of Venda is always busy promoting NTK to the community. Here he is with a group of female farmers inspecting the promotion leaflets that he distributed all over Venda.



Hannelie Kriek en Magda du Pisanie

VKB betrokke by Tweeling Graandag
Waar die produsent is, daar is VKB. Die Tweeling Boerevereniging het onlangs 'n graandag aangebied wat groot belangstelling gelok het. Nie minder nie as 42 borge het die dag meegemaak. Hannelie Kriek, takbestuurder van VKB Tweeling, was natuurlik daar om VKB te bemark.

VKB goed verteenwoordig by GOSA-kongres
Vanjaar is die GOSA-kongres in Mosselbaai aangebied. Met uitstekende sprekers, relevante inligting en aktuele besprekings was dit beslis 'n hoogtepunt op elke rolspeler in die graanbedryf se kalender. VKB is goed verteenwoordig by die

jaarlikse kongres wat met 'n heerlike gala-aand, ter viering van GOSA se 40ste bestaansjaar, afgesluit is. Personeel van VKB wat bevoorreg genoeg was om dit by te woon, was Francois en Marcia Froneman, Dawie Lange, Pieter Maree, Phillip van Vuuren, Giepie Craffert, Wentzel Fourie, Fritz Pretorius, Lennie en Marizaan Aspeling, Jan Liebenberg, Gert Nienaber, Louisa en Jaen Volschenk, Madeleen Malherbe, Paul Botha, Vandre en Elmarie Fourie, Johan en Wilma van Rensburg en Marilie Meyer.



VKB-personeel: Fritz, Marilie, Louisa, Jaen, Lennie en Marizaan



GFC hosts annual Farmers Golf Day
It was a special fun-filled day, a day where farmers, suppliers and friends of Grain Field Chickens got the opportunity to play a round of golf on an early autumn day in Reitz. It was indeed a successful day thanks to the hard work behind the scenes of the Farm Services Team: Ben Grobler, Zandri Zulch, Ananda Opperman, Elize Jacobs, Leone Fourie, Nico van As, Kyle Saunders, Petros Mofokeng and Innocent Magalemla. And now everyone is already looking forward to the next golf day!

'n Foto spreek 'n duisend woorde...
So baie is al gesê oor die woord DIENS. Gerhard Vermeulen het met een foto presies vasgevang wat DIENS is toe hy Elsie van Rensburg

van NTK Nylstroom afgeneem het toe sy 'n oom se aankope kar toe dra terwyl sy hom ondersteun. Dit is mos nou diens uit die boonste rakke. Knap gedaan, Elsie!



Die oom druk op Elsie se skouer om hom te ondersteun terwyl sy die aankope dra.

RPO-kongres te Bufland

Die onlangse kongres van die Rooivleisprodusenteorganisasie wat te Bufland, Naboomspruit, gehou is, was 'n groot sukses met baie produsente wat die geleentheid bygewoon het. NTK was natuurlik ook daar om ondersteuning aan die veeboere te gee. Takbestuurder Michael van der Merwe is tevrede met die blootstelling wat Naboomspruit Handel gekry het.



Sprekers op die Vrystaatse RPO-kongres in Bloemfontein was van links dr. Shaun Morris, prof. Frikkie Maré, Anelie Swemmer (VKB), Nico Buys (Vrystaatse RPO-voorsitter), Rachel Cloete, John Finlayson, Neil de Klerk (VKB) James Faber en Jan-Hendrik Liebenberg (RPO-ondervoorsitter). Foto: Johan Norval

Boere besoek Multi Green

Produsente van die Meets Boerevereniging van die Oos-Vrystaat was onlangs op 'n landboukundige toer om eerstehandse kennis in te win om produksie te verhoog. Een van die plekke waar hulle aangedoen het, was Multi Green se aanleg op Villiers. Hulle is deur die aanleg geneem en het tegniese inligting oor kunsmis ontvang. Besturende direkteur, Bright Breytenbach, het die groep toegesprek en verseker van Multi Green se verbintenis tot die produsent. As deel van die VKB Groep is Multi Green voorwaar die boer se beste vriend.



Bright aan die woord.

Louis Wessels vat Potties se leisels oor

Sedert 1 Februarie vanjaar is Louis Wessels aan stuur van sake by NTK Potgietersrus nadat hy vir 'n tydperk in die pos waargeneem het. Dit was 'n goeie tydperk, want om waar te neem het aan Louis die nodige tyd gegee om homself voor te berei sou hy as bestuurder aangestel word. Hy het geleer wat van hom verwag sou word en het gewys dat hy in staat is om die volle verantwoordelikheid te neem. Nou is hy gereed om die tak, wat vanjaar as tak met die beste groei gekroon is, steeds verder te vat.



Louis Wessels

Ysterberg Vee-studiegroep byeen

Die studiegroep van Ysterberg te Polokwane het onlangs 'n baie insiggewende dag gehad met die dissekering van 'n skaap om veeboere eerstehandse te laat sien wat die effek van sekere siektes is. NTK en sy verskaffers was teenwoordig by die vergadering wat baie goed bygewoon is. So hou NTK en sy verskaffers die produsent aan die wenkant.



Jong plaasvrou van Bethlehem se windpomp-foto is die wenner



Die oomblik toe Karel en Sarel soos wafferse modelle regstaan, kon sy 'n wenner kiek.

Toe Bianca Boshoff een middag sit en wag om hul twee Hugenoot-bulle, Karel en Sarel, by die windpomp op hul plaas buite Bethlehem af te neem, het sy nooit gedink sy gaan 'n landwyse fotokompetisie daarmee wen nie. Dit is egter presies wat gebeur het toe haar inskrywing VKB se #windpompkompetisie vir foto's gewen het.

VKB het mense genooi om 'n foto van dié ikoniese landmerk op hul plase te neem en dit saam met 'n kort storie oor die windpomp in te stuur. Die inskrywings is op sosiale media geplaas. Op die spel was 'n geraamde skildery van die wenfoto deur Ben Louw Art.

VKB het met dié kompetisie iets raakgeboor in die publiek se psige en inskrywings is van reg oor die land ontvang. Windpompe is uitgebeeld teen sonsondergange, in grasvelde, omring deur blomme en onder die Bosveldson. Dit was egter Bianca se foto van die twee Hugenoot-bulle langs die windpomp wat die beoordelaars se oog gevang het.

Die storie wat sy saamgestuur het, lui: "Die windpomp is op ons plaas in die Vrystaat. Die foto is geneem net voor die somer begin het. Karel en Sarel wou ook op die foto wees – hulle is ons twee nuwe manne op die plaas."

Sy vertel dat die twee bulle in 'n aparte kamp gehou is sodat hulle gewoond kan raak aan hul nuwe omgewing en nie met ander bulle kan baklei nie.

"Gewoonlik kry hulle iets lekkers by die windpomp om te eet," sê sy. "Ek het toe besluit om die middag daar te gaan sit om te kyk of ek 'n mooi foto van hulle teen die blou lug kan kry."

Bianca sê sy hou nog altyd van foto's neem en almal het haar aangemoedig om in te skryf, maar sy het nie gedink sy sal wen nie.

"Daar was ander foto's wat vir my baie mooi was. Veral die windpompe wat so teen oranje lug van die laatmiddag staan. Ek was dus regtig verbaas dat ek wen het."

Die skildery van haar wenfoto gaan in hul plaashuis se sitkamer hang. "Daar is 'n spesiale plek vir hom gemaak."

Bianca het twee jaar gelede na die plaas getrek nadat sy en haar man, Pieter, getroud is. Daar boer hulle met beeste, skape en leeus. Vir haar is die windpomp een van die mooiste dinge op die plaas.

"Die belangrikste ding vir my van 'n windpomp is dat as daar nie 'n windpomp is nie, het die diere nie water nie," sê sy.



Besikbaar by jou naaste tak

vkb ntk

Sentrifugale pompe 220V & 380V

CPM158-1 220V 0.75KW sentrifugale pomp inlaat & uitlaat 1".

CPM170-1 220V 1.1W sentrifugale pomp inlaat 1" uitlaat 1&1/4".

CPM190-1 220V 1.5W sentrifugale pomp inlaat 1&1/4" uitlaat 1&1/4".

HSM80 220V 2.2KW sentrifugale pomp inlaat & uitlaat 1" 500L/min.
HS80 380V 2.2KW sentrifugale pomp inlaat & uitlaat 1" 500L/min.

XST40-160/30 380V 3KW sentrifugale pomp inlaat 65mm uitlaat 40mm Max 29m3/H.

XST40-160/40 380V 4KW sentrifugale pomp inlaat 65mm uitlaat 40mm Max 35m3/H.

HST40-200-5.5 380V 5.5KW sentrifugale pomp inlaat 65mm uitlaat 40mm Max 45m3/H.

HST40-200-7.5 380V 7.5KW sentrifugale pomp inlaat 65mm uitlaat 40mm Max 35m3/H.

HST50-200-11 380V 11KW sentrifugale pomp inlaat 65mm uitlaat 40mm Max 31m3/H.



6" Boorgat pompe

Hurricane SA het 'n wye verskeidenheid reeks van 6" pompe gepas vir enige boorgat.

6SQ45 Reekse pompe 42,000L/H beskikbaar van 7.5KW / 18.5KW vir boorgate van ideale dieptes 42m tot 94m.

6SQ60 Reekse pompe 60,000L/H beskikbaar van 13KW / 22KW vir boorgate van ideale dieptes 39m tot 71m.

6SP17 Reekse pompe 15,000L/H beskikbaar van 7.5KW / 18.5KW vir boorgate van ideale dieptes 105m tot 279m.

Ook beskikbaar 6SP30 & 6SP46 reekse pompe vir 30,000L/H en 46,000L/H op ideale dieptes van 55m tot 110m en 41m tot 57m.

6" Boorgat motors 380V 7.5KW - 22KW

Hurricane SA reks van 6" boorgat motors is beskikbaar in 380V 3fase.

380V drie fase motors is beskikbaar van 7.5KW of 10HP tot 22KW of 30HP hierdie motors werk met 380V automatiese kontrole kaste wat beskerming dien teen oorlas, droë loop beskerming, onder en oorspanning beskerming asook oop fase of foutiewe fase beskerming.



Swembad Pompe

Hurricane SA het verskeie swembad pompe wat u by u lokaale VKB / NTK tak kan kry of bestel.

HPP600 0.6KW 220V swembad pomp.
Max hoogte : 12.5m.
Max water vloei : 11,000L/H.

HPP800 0.8KW 220V swembad pomp.

Max hoogte : 13.5m.
Max water vloei : 15,000L/H.

HPP1200 1.2KW 220V swembad pomp.
Max hoogte : 16m.
Max water vloei : 23,000L/H.



Besikbaar by jou naaste tak

vkb ntk

4" Boorgat pompe

Hurricane SA het 'n wye verskeidenheid reeks van pompe gepas vir enige boorgat.

4SD2 Reeks pompe 2000L/H beskikbaar vanaf 0.37KW tot 2.2KW vir boorgate van 35m tot 209m diep.

4SD4 Reeks pompe 4000L/H beskikbaar vanaf 0.37KW tot 2.2KW vir boorgate van 70m tot 116m diep.

4SD8 Reeks pompe 8000L/H beskikbaar vanaf 2.2KW tot 7.5KW vir boorgate van 63m tot 166m.

Ook beskikbaar 4SD12 en 4SD16 reeks pompe van 12000L/H en 16000L/H.



4" Boorgat motors 220V / 380V 0.37KW-7.5KW

Hurricane SA het 'n reeks boorgat motors in 220V en 380V

220V Enkel fase motors beskikbaar vanaf 0.37KW of 0.5HP tot in met 2.2KW of 3HP wat saam met 'n standaard van automatiese kontrole kas gebruik kan word.

380V Drie fase motors beskikbaar vanaf 0.37KW of 0.55HP tot 7.5KW of 10HP hierdie motors werk met 380V automatiese kontrole kaste wat beskerming dien teen oorlas, droë loop beskerming, onder en oorspanning beskerming asook oop fase of foutiewe fase beskerming.

220V Standard

220V Auto

380V Auto



4" Boorgat pomp kombinasie stelle (kabel reeds vasgesit, pomp is reg vir installasie)

Die 4SD2/9 kombinasie stel 0.37KW 220V sluit die volgende items in: 4SD2/9 Pomp, 0.37KW 220V motor, 0.37KW standaard kontrole kas, 40m kabel en 40m ski tou.

Die 4SD2/12 kombinasie stel 0.55KW 220V sluit die volgende in: 4SD2/12 Pomp, 0.55KW 220V motor, 0.55KW standaard kontrole kas, 60m kabel en 60m ski tou.

Die 4SD2/15 kombinasie stel 0.75KW 220V sluit die volgende in: 4SD2/15 Pomp, 0.75KW 220V motor, 0.75KW standaard kontrole kas, 80m kabel en 80m ski tou.



Vloei meters

FLZS-25 Vloei meter
250-2500L/uur.

FLZS-25-2 Vloei meter
100-1000L/uur.

FLZS-32 Vloei meter
400-4000L/uur.

FLZS-65 Vloei meter
5000-25000L/uur.



Druk pompe

JSW10M Drukomp 0.75KW 220V
Inlaat grootte : 1duim of 25mm
Uitlaat grootte : 1duim of 25mm.

JSW15M Drukomp 1.1KW 220V
Inlaat grootte : 1 en 1/4 duim of 32mm
Uitlaat grootte : 1duim of 25mm.

Druk kontroleerder & dryf skakelaar



DIE BETROUBAARHEID VAN GISTER. DIE INNOVASIE VAN MÔRE.



Ons kyk met trots terug op ons ryk erfenis, terwyl ons vol opwinding vooruitsien na die vernuwende en vooruitstrewende toekoms van landbou. Met die beste van die verlede en die nuutste van die toekoms, gaan ons voort om die landboubedryf te ondersteun en boere te bemagtig met vooruitgang en sukses.

Met die mag van innovasie en tegnologie, sien ons uit na die toekoms. Dit is ons doel om 'n verskil te maak, en ons is gereed om die uitdagings van die landboubedryf met vertroue en vasberadenheid aan te pak.

Sluit aan by ons in die reis van gister tot môre, en maak saam met ons 'n verskil in die landboubedryf. Dit is tyd om te innoveer en te groei met die leiers in landbou-tegnologie.



www.caseih.co.za

CASE IH